

**DIE REGSAARD VAN DIE KONTRAKTUELE VERHOUDING  
TUSSEN PRODUSENTE EN KOOPERASIES BETREFFENDE DIE  
VERPOELING VAN PRODUKTE**

**JOCHEMUS CORNELIUS TALJAARD**

(12246433)



Tesis ingelewer ter voldoening aan die vereistes vir die graad Magister in die  
Regsgeleerdheid aan die Universiteit van Stellenbosch

Studieleier: Prof G.F. Lubbe

April 2002

## VERKLARING

Ek die ondergetekende verklaar hiermee dat die werk in hierdie tesis vervat, my eie oorspronklike werk is wat nog nie vantevore in die geheel of gedeeltelik by enige ander universiteit ter verkryging van 'n graad voorgelê is nie

Handtekening.....

Datum.....

## Opsomming

Die gebruik van koöperatiewe poele in die Suid-Afrikaanse landbou kom algemeen voor en is 'n aanvaarde kommersiële praktyk. Alhoewel dit al selde op die spits gedryf is, het die poelverhouding tussen die onderskeie produsente en die koöperasie ongetwyfeld regsgevolge vir die onderskeie partye.

Voorgemelde regsgevolge is nog nooit deur 'n Suid-Afrikaanse hof aangespreek nie, waarskynlik omdat daar nog nie enige dispute was betreffende die poelverhouding wat nie deur dialoog bygelê kon word nie.

In die onlangse verlede het die regsraad van die poelverhouding egter meer relevant geword hoofsaaklik weens navrae van die Suid-Afrikaanse Inkomstediens betreffende die belastinghantering van koöperatiewe poele. Alhoewel hierdie verhandeling nie daarop gerig is om die belastinggevolge van die poelverhouding aan te spreek nie, sal die bepaling van die regsraad van die poelverhouding bepalend wees vir die hantering van die poelverhouding vir doeleindes van belasting. Afgesien van belastinggevolge sal die regsraad van die poelverhouding ook uiteraard bepalend wees betreffende kwessies soos insolvensie en kontrakbreuk.

In hierdie studie sal die howe se benadering tot die klassifikasie van nuwe kontraksoorte ondersoek word ten einde 'n grondslag te lê waarvolgens die kontraktuele aard van die poelverhouding beoordeel kan word.

Na voorgemelde ondersoek word die funksionele kenmerke van die poelverhouding uiteengesit en die sakeregtelike implikasies daarvan bepaal.

Die funksionele kenmerke van die poelverhouding word daarna opgeweeg teen die wesenskenmerke van 'n aantal kontraksoorte ten einde vas te stel of die poelverhouding as sodanig geklassifiseer kan word.

Uit hierdie ondersoek blyk dit dat die poelverhouding nie aan die wesenskenmerke van die vennootskapsverhouding, verteenwoordiging, die 'undisclosed principal' situasie of 'n lasgewingsverhouding voldoen nie.

Die wyse waarop nuwe kontraksoorte in die Suid-Afrikaanse reg hanteer word, word daarna weer oorweeg en voorstelle aan die hand gedoen waarop kontrakte wat, ingevolge die klassieke benadering tot die uitleg van kontrakte, as *sui generis* klassifiseer word, hanteer kan word. In ooreenstemming met hierdie voorgestelde metode van klassifikasie word daar dan tot die gevolgtrekking gekom dat die poelverhouding 'n mengvorm tussen 'n vennootskap, 'n lasgewingooreenkoms en 'n werkaanbestedingsooreenkoms is.

## Summary

The use of co-operative pools in the South African Agricultural sector is a common phenomenon and an accepted commercial practice. Although it has seldom been at issue, the pool relationship between producers and the co-operative undoubtedly has certain legal consequences for the respective parties.

Our courts have never addressed the aforementioned legal consequences authoritatively, probably because until now no disputes have arisen which could not be settled through negotiation between the parties concerned.

Recently die legal nature of the pool relationship has become more of an issue primarily because of queries issued by the South African Revenue Service regarding the treatment of co-operative pools for purposes of income tax. Although this study is not aimed at addressing the income tax issues as regards the pool relationship, determining the legal nature of the pool relationship will be decisive for determining how co-operative pools should be treated for tax purposes. In addition to tax-related consequences, the legal nature of the pool relationship will necessarily also be decisive for issues such as insolvency and breach of contract.

In this study the courts' approach to the classification of new types of contracts will be examined in order arrive at an underlying principle for evaluating the contractual nature of the pool relationship.

After completion of the aforementioned examination, the functional characteristics of the pool relationship will be outlined and the implications thereof in respect of the law of things determined.

The next stage involves the comparison of the functional characteristics of the pool relationship with the essential features of certain types of contracts to

determine whether the pool relationship may be classified as one of these types of contract.

From the aforementioned investigation it seems that the pool relationship does not satisfy the essential requirements of a contract of partnership, representation, the 'undisclosed principal' situation or mandate .

The manner in which new types of contracts are classified in South African law is then revisited and proposals are made as to a possible methodology for classifying contracts that, in terms of the classical approach to the classification of contracts, would have been typified as *sui generis*. In accordance with this proposed approach to the classification of contracts, the conclusion is reached that the pool relationship is a new contract type that amalgamates elements of a contract of partnership, mandate and *locatio conductio operis*.

## **BEDANKINGS**

Ek wil graag my opregte dank betuig teenoor:

- (a) Die Here met wie se genade en krag ek hierdie verhandeling kon voltooi;
- (b) My ouers Mabé en Hannes Taljaard vir hul ondersteuning;
- (c) My studieleier, Prof Gerhard Lubbe vir sy onmisbare leiding in hierdie studie;
- (d) My werkgewer PricewaterhouseCoopers wat hierdie studie moontlik gemaak het.

## **INHOUDSOPGAWE**

### **Hoofstuk 1**

#### **Inleiding**

1.1	Probleemstelling en agtergrond	12
1.2	Die onderwerp van die studie	13
1.3	Motivering vir die studie	14
1.4	Navorsingsontwerp en raamwerk van die studie	15
1.4.1	Die klassifikasie van kontrakte in die Suid-Afrikaanse reg	15
1.4.2	Feitelike agtergrond en die sakeregtelike gebeurtenisse en gevolge relevant by verpoeling	15
1.4.3	Algemene opmerkings betreffende die funksionele kenmerke van die poelverhouding	16
1.4.4	Vergelyking van die funksionele kenmerke van die poelverhouding met die regsverskynsel van verteenwoordiging	16
1.4.5	Vergelyking van die funksionele kenmerke van die poelverhouding met die regsverskynsel bekend as die “undisclosed principal”	16
1.4.6	Vergelyking van die funksionele kenmerke van die poelverhouding met die regsverskynsel van lasgewing (“mandatum”)	17
1.4.7	Gevolgtrekking	17

### **Hoofstuk 2**

#### **Die klassifikasie van kontrakte in die Suid-afrikaanse reg**

2.1	Inleiding	18
2.2	Algemene opmerkings	18
2.3	Die belang van die klassifikasie van ‘n besondere kontraksoort	22



2.4	Riglyne wat deur die howe gevolg word om kontrakte in die Suid-Afrikaanse reg te klassifiseer	27
2.5	Gevolgtrekking	32

### Hoofstuk3

#### **Feitelike agtergrond en die sakeregtelike gebeurtenisse en gevolge relevant by verpoeling**

3.1	Inleiding	33
3.2	Feitelike agtergrond	33
3.2.1	Algemeen	33
3.2.2	Die bepalings van die statuut	34
3.2.3	Die Koöperasiewet 91 van 1981	37
3.2.4	Gevolgtrekking betreffende feitlike grondslag	38
3.3	Sakeregtelike grondslag	39
3.3.1	Algemeen	39
3.3.2	<i>Specificatio</i>	40
3.3.3	<i>Confusio</i>	45
3.3.4	Gevolgtrekking betreffende sakeregtelike grondslag	47
3.3.5	Gevolge van mede-eiendomsreg ten aansien van verpoelde produkte	48
3.4	Gevolgtrekking	50

### Hoofstuk 4

#### **Algemene opmerkings betreffende die wesenskenmerke van die verhouding tussen die koöperasie en produsente**

4.1	Inleiding	54
4.2	Die poel as moontlike afsonderlike regsentiteit	54
4.3	Die poel as moontlike vrywillige vereniging	55
4.3.1	Vereistes vir die bestaan van 'n vrywillige vereniging	56
4.3.2	Gevolgtrekking	59
4.4	Die poel as moontlike vennootskapsverhouding	60

4.4.1	<i>Essentialia</i>	60
4.4.2	Bedoeling	64
4.5	Gevolgtrekking	65

## Hoofstuk 5

### **Die vergelyking van die funksionele kenmerke van die poelverhouding met die regsverskynsel van verteenwoordiging**

5.1	Inleiding	66
5.2	Vereistes van die regsverskynsel verteenwoordiging	68
5.3	Vergelyking van die funksionele kenmerke van die poelverhouding met die vereistes van verteenwoordiging	80
5.3.1	Volmag	80
5.3.2	Die prinsipaal moet in esse wees	82
5.3.3	Die verteenwoordiger moet openbaar dat hy namens 'n prinsipaal optree	82
5.3.4	Die verteenwoordiger moet die kenbare bedoeling hê om namens sy prinsipaal op te tree	83
5.4	Gevolgtrekking	84

## Hoofstuk 6

### **Die vergelyking van die funksionele kenmerke van die poelverhouding met die regsverskynsel van die sogenaamde 'undisclosed principal'**

6.1	Inleiding	85
6.2	Die vereistes vir die bestaan van 'n 'undisclosed principal' situasie	88
6.3	Oorweging van die funksionele kenmerke van die poelverhouding teenoor die vereistes vir die bestaan van die 'undisclosed principal' situasie	97
6.3.1	Die sluiting van die ooreenkoms in die lashebber se eie	97

	naam	
6.3.2	Die lashebbber moet opdrag van die 'undisclosed principal' kry	98
6.3.3	Die lashebbber moet verplig wees om die regte en verpligtinge wat hy ingevolge die ooreenkoms bekom het aan die 'undisclosed principal' oor te dra	99
6.3.4	Die lashebbber kan nie namens meer as een 'undisclosed principal' optree nie	99
6.4	Gevolgtrekking	100

## Hoofstuk 7

### Die vergelyking van die funksionele kenmerke van die poelverhouding met die lasgewingsooreenkoms

7.1	Inleiding	101
7.2	Die <i>essentialia</i> van die lasgewingsooreenkoms	102
7.3	Oorweging van die funksionele kenmerke van die poelverhouding teenoor die <i>essentialia</i> van die 'undisclosed principal'	109
7.3.1	Die lashebbber moet nie onder die beheer en toesig van die lasgewer funksioneer nie	113
7.3.2	Die onderneming om 'n opdrag uit te voer	113
7.4	Gevolgtrekking	114

## Hoofstuk 8

### Die regsraad van kooperatiewe poele

8.1	Inleiding	116
8.2	Die poelverhouding as vennootskapsooreenkoms	116
8.3	Die poelverhouding as behelsende verteenwoordiging van die produsente deur die kooperasie	118
8.4	Die poelverhouding as 'undisclosed principal' situasie	119
8.5	Die poelverhouding as lasgewingsooreenkoms	121
8.6	Die grondslag van die klassifikasie van kontrakte	122

8.7	Die klassifikasie van die poelverhouding	129
8.8	Die inhoud en gevolge van die poelkontrak	134
8.8.1	Die vennootskapssooreenkoms	137
8.8.2	Lasgewing en Werkaanbesteding	141
8.9	Gevolgtrekking	142
	<b>Bronnelys</b>	<b>143</b>

## **Hoofstuk 1**

### **Inleiding**

#### **1.1 Probleemstelling en agtergrond**

Die verpoeling van produkte, wat deur boere aan landboukoöperasies (“koöperasies”) gelewer word, is ‘n alledaagse verskynsel in Suid-Afrika. Die statute van koöperasies bepaal meestal dat gelewerde produkte volgens soort en graad verpoel moet word. Verpoeling is die proses waardeur gelewerde produkte saamgevoeg word en gevolglik deur sakeregtelike werking tot ‘n enkele massa omvorm word. Die massa wat uit die verpoeling ontstaan word dan gewoonlik verwerk en in geheel of in gedeeltes deur die koöperasie van die hand gesit.

Dit is praktyk dat die koöperasie ‘n aparte rekord van elke poel hou en as sodanig het elke poel ook ‘n afsonderlike poelrekening. Alle transaksies wat verband hou met die produkte wat in ‘n bepaalde poel vervat word, word in die poelrekening te boek gestel.

Die gevolge van verpoeling is nog nooit beslissend deur ons howe aangespreek nie.<sup>1</sup> Tydens die verpoeling van produkte ontstaan daar ‘n besondere verbintenisregtelikeverhouding tussen die leweransiers van produkte (“produsente”) en die koöperasie. Die belangrike vraag hier is of die klassifikasie van die besondere regsverhouding tussen die produsente en die koöperasie asook die produsente onderling, onder ‘n bestaande kontraksoort tuisgebring kan word en of dit *sui generis* van aard is.

---

<sup>1</sup> Daar is egter wel verskeie beslissings waar die howe die regs aard van die verhouding tussen die koöperasie en lede van die koöperasie oorweeg het soos *Inmaakappelkoos-Perskeraad v Langeberg Koöperasie Beperk* 1968 3 SA 294 (K) en *Farmer’s Co-operation Society (Reg) v Berry* 1912 AD 319.

## 1.2 Die onderwerp van die studie

Die doel van hierdie studie is om vas te stel wat die regs aard van die verhouding tussen produsente en koöperasies is waar die verpoeling van produkte, wat aan die koöperasies gelewer is, plaasvind. Die studie sal hierdie doelwit bereik deur:

- (a) die wyse waarop kontrakte in die Suid-Afrikaanse reg geklassifiseer word te ontleed;
- (b) die feitelike en sakereg telike beginsels wat ter sake is by verpoeling in die onderhawige geval te ontleed; en
- (c) die funksionele kenmerke van die verhouding tussen die produsent en die koöperasie in die geval van verpoeling teen die *essentialia* en vereistes van 'n aantal kontraksoorte op te weeg.

In hierdie studie word dus 'n volledige ondersoek na die regs aard en gevolge van poele en poeltransaksies vir die onderskeie kontrakspartye onderneem. Alhoewel hierdie studie betrekking het op poele in die algemeen, word verpoeling in die geval van koöperatiewe wynkelders as riglyn gebruik. Dit is veral in die geval van koöperatiewe wynkelders waar verpoeling plaasvind en waar 'n geheel nuwe produk, naamlik wyn en aanverwante produkte uit die verpoelde produkte geskep word. Die relevante regs beginsels is egter ook van toepassing op die verpoeling van ander produkte waar die wyse van verpoeling met bogemelde ooreenstem. Die studie sal egter nie handel oor poele waarna in die Wet op die Bemaking van Landbouprodukte verwys word nie.<sup>2</sup>

---

<sup>2</sup> Poele waarna verwys word in die Wet op die Bemaking van Landbouprodukte 47 van 1996 word nie hier oorweeg nie aangesien dit nie enige reëlings betreffende die regs aard van die poel omvat nie. Die Wet verwys bloot na sodanige poele en daar word aan die hand gedoen dat die verhouding onderliggend aan die poele waarna verwys word in die Wet ook soos in die geval van koöperatiewe poele bepaal moet word.

### **1.3 Motivering vir die studie**

Die regsraad van poele gevestig deur ooreenkoms tussen produsente en koöperasies is nog nooit in besonder deur ons howe ondersoek nie. Daar is ook niks oor hierdie verskynsel in akademiese vaktydskrifte gepubliseer nie.

Daar bestaan tans meer as 250 koöperasies in Suid-Afrika. Derduisende mense word deur die koöperasies in diens geneem en die omset van hierdie koöperasies<sup>3</sup> beloop etlike miljarde Rande. Dit is gevolglik duidelik dat koöperasies in die besonder 'n belangrike deel van die Suid-Afrikaanse ekonomie en handelsverkeer uitmaak.

Alle koöperasies gebruik nie verpoeling nie, maar dit kom egter algemeen voor. In die geval van veral koöperatiewe wynkelders kom verpoeling algemeen voor. Aangesien talle koöperasies, veral in die Wes-Kaap, van poele gebruik maak, is sekerheid betreffende die klassifikasie en regsraad van sodanige verhouding tussen produsente en koöperasies van uiterste belang ten einde die gevolge van kontrakbreuk en die partye se remedies as gevolg van sodanige kontrakbreuk vas te stel. Die klassifikasie is egter nie bloot van belang vir doeleindes van kontrakbreuk nie, maar ook vir doeleindes van insolvensie van die produsent of die koöperasie en vir doeleindes van beslaglegging waar daar byvoorbeeld 'n vonnis teen een van die partye geneem is. Die belang van die klassifikasie van die gemelde kontraktuele verhouding tussen koöperasies en produsente strek egter verder as bloot die kontraktuele gevolge van die transaksie. Die regsraad van hierdie verhouding is ook van belang ten einde byvoorbeeld die belastinggevolge van transaksies deur 'n poel vas te stel. Sodanige ondersoek val egter buite die strekking van hierdie verhandeling.

---

<sup>3</sup> Sien *LAWSA Vol 5 Co-operative Societies* par 263 tot 344 vir 'n volledige bespreking van die regsraad van koöperasies.

#### **1.4 Navorsingsontwerp en raamwerk van die studie**

In hierdie verhandeling sal daar sistematies te werk gegaan word deur eers die relevante regsbeginsels te ontleed en daarna die betrokke feitestel aan die hand van die voorgemelde regsbeginsels te ontleed.

Hieronder volg 'n raamwerk van die studie soos volgens hoofstuk uiteengesit.

##### **1.4.1 Die klassifikasie van kontrakte in die Suid-Afrikaanse reg**

In hierdie hoofstuk word die metodologie wat in die Suid-Afrikaanse reg gevolg word om kontrakte te klassifiseer oorweeg. Dit is belangrik dat die metode wat in hierdie verhandeling gebruik word om die regsraad van die verhouding tussen die produsente en koöperasies te klassifiseer, duidelik uiteengesit word en dat sodanige metode in ooreenstemming is met die benadering wat deur ons howe in die algemeen gevolg word.

##### **1.4.2 Feitelike agtergrond en die sakeregtelike gebeurtenisse en gevolge relevant by verpoeling**

Die feitelike omstandighede en sakeregtelike gebeurtenisse en gevolge van verpoeling word in hierdie hoofstuk in besonderhede omskryf en ontleed. Dit is noodsaaklik dat die feitelike en sakeregtelike gebeurtenisse en gevolge wat van belang is by verpoeling, vasgestel word aangesien dit beslissend sal wees ten einde vas te stel welke kontraksoorte oorweeg behoort te word.

Die funksionele kenmerke van die verhouding tussen produsente en koöperasies, in die geval van verpoeling, word ook in hierdie hoofstuk ondersoek en uiteengesit. Dit is van deurslaggewende belang om die funksionele kenmerke van die verhouding tussen produsente en koöperasies vas te stel ten einde sodanige funksionele kenmerke teen die *essentialia* van bepaalde kontraksoorte te toets en tot 'n gevolgtrekking te kom onder welke spesifieke kontraksoort die bepaalde



regsverhouding tuisgebring kan word. Dit sal dan, soos uit latere hoofstukke sal blyk, moontlik wees om 'n mening uit te spreek betreffende die eiesoortigheid al dan nie van die verhouding tussen koöperasies en produsente.

#### **1.4.3 *Algemene opmerkings betreffende die funksionele kenmerke van die poelverhouding***

In hierdie hoofstuk word bepaalde aspekte van die verhouding tussen produsente en die koöperasie uitgelig ten einde aan te dui welke kontraksoorte van meet af nie van toepassing sal wees nie en gevolglik nie in hierdie verhandeling oorweeg sal word nie.

Daar sal in hierdie verband in die besonder op die poel as afsonderlike regsentiteit al dan nie en die poel as moontlike vennootskapsverhouding gelet word.

#### **1.4.4 *Vergelyking van die funksionele kenmerke van die poelverhouding met die regsverskynsel van verteenwoordiging***

In hierdie hoofstuk word die funksionele kenmerke van die poelverhouding opgeweeg teen die vereistes van verteenwoordiging soos dit in ons reg aanvaar word. Daar sal eerstens gekyk word na die besondere vereistes van verteenwoordiging en wat dit omvat. Daarna sal daar oorweeg word tot welke mate die funksionele kenmerke van die poelverhouding met die vereistes van verteenwoordiging ooreenstem al dan nie. Hierdie vergelyking is van belang ten einde vas te stel of die poelverhouding moontlik as een van verteenwoordiging geklassifiseer kan word.

#### **1.4.5 *Vergelyking van die funksionele kenmerke van die poelverhouding met die regsverskynsel genaamd die “undisclosed principal”***

Die funksionele kenmerke van die poelverhouding word in hierdie hoofstuk opgeweeg teenoor die vereistes vir die bestaan van die

sogenaamde “undisclosed principal” situasie ten einde vas te stel of die betrokke verhouding onder hierdie situasie tuisgebring kan word. In hierdie verband sal daar ook eers oorweging gegee word aan wat die vereistes vir die bestaan van ‘n “undisclosed principal” situasie en tot welke mate die funksionele kenmerke van die poelverhouding aan sodanige vereistes voldoen.

#### **1.4.6 Vergelyking van die funksionele kenmerke van die poelverhouding met die regsverskynsel van lasgewing (“mandatum”)**

Soos in die voorafgaande twee hoofstukke, word die funksionele kenmerke van die poelverhouding in hierdie hoofstuk teenoor die *essentialia* van ‘n spesifieke kontraksoort, naamlik die lasgewingsooreenkoms opgeweeg. Dieselfde *modus operandi* as in die voorafgaande twee hoofstukke word in hierdie hoofstuk gevolg. Uit hoofde van hierdie vergelykende studie sal ‘n gevolgtrekking gemaak word of die poelverhouding as lasgewingsverhouding geklassifiseer kan word.

#### **1.4.7 Gevolgtrekking**

In hierdie hoofstuk word daar tot ‘n gevolgtrekking gekom ten opsigte van die regsraad van die poelverhouding en of sodanige verhouding onder ‘n bepaalde kontraksoort tuisgebring kan word. Daar sal ook oorweeg word wat die gevolge van hierdie klassifikasie vir beide koöperasies en produsente is. Hierdie gevolgtrekking is dan daarop gerig om die onduidelikheid wat bestaan betreffende die regsraad van poele uit die weg te ruim en bepaalde kontraksgevolge aan die poelverhouding te koppel.

## **Hoofstuk 2**

### **Die klassifikasie van kontrakte in die Suid-Afrikaanse reg**

#### **2.1 Inleiding**

In hierdie hoofstuk word die metodologie, wat in die Suid-Afrikaanse reg gevolg word om kontrakte te klassifiseer, oorweeg. Soos reeds in Hoofstuk 1 gemeld, is dit belangrik dat die metode wat in hierdie verhandeling gebruik word om die regsraad van die verhouding tussen die produsente en koöperasies te klassifiseer, duidelik uiteengesit word en dat sodanige metode in ooreenstemming is met die benadering wat deur ons howe in die algemeen ten opsigte van die klassifikasie van kontrakte gevolg word.

#### **2.2 Algemene opmerkings**

Die skrywer is van mening dat daar, geheel en al onafhanklik van die gewone beginsels van regsinterpretasie, spesifieke reëls neergelê kan word waarvolgens die verskynsel van nuwe kontraksoorte in die Suid-Afrikaanse reg gehanteer word. In hierdie verband moet daar op die struktuur van die Suid-Afrikaanse kontraktereg gelet word. Die geldigheid van 'n bepaalde ooreenkoms moet eers aan die hand van die algemene beginsels van kontraktereg oorweeg word. Sodra, aan die hand van algemene beginsels, vasgestel is dat 'n bepaalde ooreenkoms 'n kontrak daarstel, kan daar gepoog word om die betrokke kontrak te klassifiseer as synde 'n bestaande en erkende kontraksoort byvoorbeeld 'n koopkontrak of 'n huurkontrak deur na die *essentialia* daarvan te let. In gevalle waar 'n kontrak nie, na aanleiding van die funksionele kenmerke daarvan, aan die *essentialia* van 'n bestaande tipering behoort nie maar algemeen in die handelsverkeer voorkom, sal die howe dit as 'n nuwe kontrakstipe klassifiseer deur in ag neming van die funksionele kenmerke van sodanige transaksie, dit aanvaar en bepaalde gevolge daaraan koppel. Dit is dus in wese 'n twee stap proses waardeur eerstens oorweeg word of die betrokke transaksie as 'n erkende kontrakstipe tipeer kan word deur die funksionele kenmerke daarvan aan die

*essentialia* van bestaande kontrakstipes te toets en indien dit nie aan sodanige *essentialia* voldoen nie, is dit 'n nuwe kontraksoort. Tweedens sal die ooreenkoms deur die howe erken word deur dit as 'n nuwe kontraksoort te klassifiseer en bepaalde gevolge daaraan koppel.

Aanvullend tot die oorweging van die woorde van die betrokke ooreenkoms en die vasstelling van die oogmerk van die ooreenkoms, is daar ook na die skrywer se mening spesifieke reëls betreffende die vasstelling van die ware aard van sodanige ooreenkoms asook die uitleg van dubbelsinnige terme in 'n ooreenkoms.

Dit is 'n fundamentele beginsel van ons kontraktereg dat die reg homself bemoei met die ware aard van 'n transaksie eerder as die vorm waarin dit gegiet is. Die howe is geneig om enige vermomde vorm waarin 'n transaksie gegiet is of enige benaming wat deur die partye daartoe daaraan gegee word om die ware aard daarvan te verberg, te verontagsaam. Waar 'n hof gekonfronteer is met so 'n "gesimuleerde" transaksie, sal die skyn wat deur die partye gebruik is, geïgnoreer word om die werklike aard van die transaksie bloot te lê, en sal daar dan aan laasgenoemde gevolg gegee word.

In *Commissioner of Customs and Excise v Randles Brothers & Hudson Ltd*<sup>4</sup> het Watermeyer AR hierdie beginsel soos volg verduidelik:

*"In essence [a disguised transaction] is a dishonest transaction, in as much as the parties to it do not really intend to have, inter partes, the legal effect which its terms convey to the outside world. The purpose of the disguise is to deceive by concealing what is the real agreement or transaction between the parties."*

Die blote feit dat 'n transaksie aangegaan word om byvoorbeeld te ontsnap aan die bepalings van 'n wet wat nadelige gevolge vir die partye sou ingehou het, beteken egter nie noodwendig dat die betrokke transaksie gesimuleerd is nie. 'n Transaksie wat gebruik word om die een of ander bepaling te omseil, word nogtans deur die howe ooreenkomstig die strekking daarvan geïnterpreteer, solank die partye

---

<sup>4</sup> 1941 AD 369 op 395-396.

inderdaad die bedoeling gehad het om aan die strekking daarvan gevolg te gee. Die enigste oorblywende vraag is dan of die transaksie binne die geldingsgebied van die betrokke bepaling tuisgebring kan word.<sup>5</sup>

Die benadering wat ons hoewe in die onlangse verlede ten opsigte van simulaties gevolg het, word goed geïllustreer deur die beslissing in *Erf 3183/1 Ladysmith (Pty) Limited & Another v CIR*<sup>6</sup>. In hierdie beslissing het die hof daarop gewys dat belastingpligtiges geregtig is om hulle sake so te struktureer dat hulle belastingaanspreeklikheid verminder word indien hulle werklik bedoel dat elke transaksie *inter partes* die gevolg, voortspruitend uit die vorm daarvan, moet dra.

Die vraag of die partye inderdaad die werklike bedoeling het om onderling die regte en verpligtinge te skep wat die strekking van die kontrak aandui, is 'n feitevraag. Dit blyk uit die regspraak dat die hoewe veral op die volgende aspekte let:<sup>7</sup>

- al die omringende omstandighede;<sup>8</sup> en
- die kontrak(te). Die hof oorweeg of die terme van die kontrak wat oënskynlik gesluit is ooreenkom met die weselike eienskappe van die tipe kontrak wat na bewering deur die partye aangegaan is;<sup>9</sup> onrealisties of bloot denkbeeldig was;<sup>10</sup> ongewoon is vir die tipe

---

<sup>5</sup> Sien *Dadoo Ltd v Krugersdorp Municipal Council* 1920 AD 530 op 548; *Commissioner of Customs and Excise v Randles Brothers & Hudson Ltd* 1941 AD 369, 33 SATC 48 op 66-67; *Union Government (Minister of Finance) v Van Soelen* 1916 AD 92 op 101; *Zandberg v Van Zyl* 1910 AD 302 op 309.

<sup>6</sup> 1996 3 SA 942 A.

<sup>7</sup> Swanepoel *Metodologie* 134 ev.

<sup>8</sup> Sien *Union Government (Minister of Finance) v Van Soelen* 1916 AD 92 101; *Zandberg v Van Zyl* 1910 AD 302 op 309; *Commissioner of Customs and Excise v Randles, Brothers & Hudson Ltd* 1941 AD 369 op 395 en *CIR v Collins* 1923 AD 347, 32 SATC 211 op 219 en *Erf 3183/1 Ladysmith (Pty) Ltd v CIR* 58 SATC 229.

<sup>9</sup> Sien *Union Government (Minister of Finance) v Van Soelen* 1916 AD 92 op 101-102.

<sup>10</sup> Sien *Union Government (Minister of Finance) v Van Soelen* 1916 AD 92 op 103 en *Erf 3183/1 Ladysmith (Pty) Ltd v CIR* 58 SATC 229 op 241.

kontrak wat na bewering aangegaan is;<sup>11</sup> teenstrydig is;<sup>12</sup> die doel wat die partye met die aangaan van die ooreenkoms wil bereik moet versoenbaar wees met die kontrak wat na bewering tot stand gekom het;<sup>13</sup> en die ekonomiese realiteite van 'n transaksie, byvoorbeeld of 'n koopprys 'n realistiese prys is.<sup>14</sup>

Soos uit bogemelde bespreking blyk, kyk die howe in die geval van gesimuleerde transaksies na wat die partye in die algemeen met die betrokke transaksie wou bereik ten einde vas te stel wat die ware aard daarvan is.

Die uitleg van kontrakte daarenteen gaan daarom om die betekenis van die bepaalde kontraksterme vas te stel. Wanneer kontrakte uitgelê word, word dieselfde beginsels en teorieë as in die geval van wetsuitleg tot 'n mate toegepas.<sup>15</sup> Dit gaan derhalwe by uitleg eerder om die vasstelling van 'n gemanifesteerde betekenis van bepaalde terme in die kontrak deur na die konteks van 'n betrokke term te let in teenstelling met die gevalle waar simulatie ter sprake en daar beoordeel word of die partye werklik die bedoeling gehad het om 'n transaksie wat in 'n bepaalde vorm gegiet is aan te gaan.

Die onderskeid tussen die vasstelling van die ware aard van 'n transaksie, die uitleg van kontraktuele bepalinge en die klassifikasie van kontrakte word nie juis deur die literatuur behandel nie. Eersgemelde twee aspekte val buite die omvang van hierdie verhandeling. In hierdie verhandeling sal daar onder andere gepoog word om riglyne neer te lê wat gebruik kan word wanneer die regsraad van 'n betrokke ooreenkoms onseker is sonder dat daar sprake is van 'n skyntransaksie of dat die partye hulle ware bedoeling verswyg het of die betekenis van 'n bepaalde

---

<sup>11</sup> *Sien Zandberg v Van Zyl* 1910 AD 302 op 312.

<sup>12</sup> *Sien Erf 3183/1 Ladysmith (Pty) Ltd v CIR* 58 SATC 229 op 241.

<sup>13</sup> *Sien Union Government (Minister of Finance) v Van Soelen* 1916 AD 92 op 102.

<sup>14</sup> *Vasco Dry Cleaner v Twycross* 1979 1 SA 603 (A) 617.

<sup>15</sup> *Van Rensburg v Taute* 1975 1 SA 279 (A) 303; Kellaway *Principles of Legal Interpretation* 417.

term onduidelik is nie. Dit is egter wel van belang om daarop te let dat die bepaling van die gevolge van 'n betrokke transaksie verwant is aan die interpretasieproses deurdat dit in werklikheid ook aangewend word om uiting te gee aan die ware bedoeling van die kontraktante.

### **2.3 Die belang van die klassifikasie van 'n besondere kontraksoort**

Die grondslag vir die geldigheid van 'n kontrak in die Suid-Afrikaanse reg is die totstandkoming van wilsooreenstemming tussen die onderskeie kontraktante of dan 'n redelike vertrouwe by een van die kontraktante dat daar wilsooreenstemming bestaan.<sup>16</sup> Derhalwe is wat vereis word vir 'n geldige kontrak om tot stand te kom die gemelde wilsooreenstemming tensy daar deur die owerhede of partye bepaalde formele vereistes vir die totstandkoming van 'n kontrak gestel word.<sup>17</sup> Afgesien van wilsooreenstemming, moet die ander geldigheidsvereistes vir die bestaan van 'n kontrak egter ook teenwoordig wees. Hierdie vereistes is naamlik, geoorlooftheid, moontlikheid van prestasie, die kontraktante moet handelingsbevoeg wees en enige gestelde formaliteite moet nagekom word.

In die Romeinse Reg was hierdie toedrag van sake egter nie noodwendig altyd die geval nie, en is daar onderskei tussen *Contractus Re*, *Contractus Verbi*, *Contractus Litteris* en *Contractus Consensus*.<sup>18</sup> *Contractus Re* was kontrakte wat naas wilsooreenstemming ook die kenmerkende vereiste van oordrag of lewering van prestasie gehad het. *Contractus Verbis* was daardie kontrakte wat gekenmerk is deur die gebruik van formele woorde vir die totstandkoming daarvan. *Contractus Litteris* was daardie kontrakte waarvan geskrif die grondslag gevorm het. *Contractus Consensus* was daardie kontrakte waar blote

---

<sup>16</sup> Van der Merwe et al *Kontraktereg* 11; Christie *Contract* 23; Kerr, *The Principles of the Law of Contract*, 3.

<sup>17</sup> Byvoorbeeld die geval dat 'n koopkontrak ten opsigte van onroerende eiendom op skrif moet wees.

<sup>18</sup> Zimmermann *Obligations* 508; Van Zyl *Romeinse Privaatreg* 275; Kaser *Roman Private Law* 163.

ooreenstemming tussen die kontrakterende partye genoegsaam was om 'n kontrak tot stand te bring.

Wat egter van besondere belang in die Romeinse Reg was, is die feit dat die besondere kenmerke van hierdie soort kontrakte uitgedruk is deur die aksies waardeur hulle tot uitvoering gebring is.<sup>19</sup> Elke aksie daarenteen was gekoppel aan 'n vasgestelde *formula* waaruit die inhoud en regsgrond van die betrokke kontrak afgelei kon word. Daar is dus bepaalde gevolge aan kontrakte waaraan 'n bepaalde inhoud volgens die *formulae* gekoppel is, toegedig.

Die Glossatore het onderskei tussen die substansiële terme en die insidentele terme van 'n ooreenkoms. Die implikasie van hierdie siening was dat waar partye byvoorbeeld 'n koop-ooreenkoms aangegaan het en later besluit om die koopprys te wysig hulle in wese 'n nuwe ooreenkoms sluit aangesien die substansie van die verkoop-ooreenkoms in die prys berus. Die latere Kommentatore<sup>20</sup> het namate 'n onderskeid getref tussen drie soorte terme in 'n ooreenkoms naamlik essensiële terme, natuurlike terme en insidentele terme. Die partye moes op die essensiële terme ooreenkom terwyl die natuurlike terme uit die essensiële terme voortgevloei het. Die insidentele terme sou slegs in 'n kontrak voorkom indien die partye spesifiek daarop ooreengekom het.<sup>21</sup>

Die benadering van die Kommentatore is later deur die Spaanse Skolastiese skool gerespieer en verder uitgebou.<sup>22</sup> Die Kommentatore se benadering is grootendeels deur die Skolastiese skool aanvaar met enkele wysigings. Die grondslag van hulle benadering was in wese dat 'n transaksie geklassifiseer moes word deur die oogmerk daarvan te bepaal en dit daarna in 'n groter kategorie te plaas. Die aanvaarding van die onderskeid tussen essensiële terme, natuurlike terme en insidentele terme het egter deurlopend in die konteks van 'n geslote aantal

---

<sup>19</sup> Zimmermann 6; Van Zyl 248; Kaser 140.

<sup>20</sup> Gordley *Philosophical Origins* 61.

<sup>21</sup> Ibid.

<sup>22</sup> Gordley 109.



kontraksoorte geskied. Daar is egter ook aanvaar dat die partye die natuurlike terme van 'n kontrak kon wysig deur ooreenkoms. Terwyl die Romeinse reg hoofsaaklik gegaan het om 'n stel reëls wat van toepassing is op elke besondere kontraksoort, het die Skolastiese skool gepoog om 'n onderliggende teorie vir kontraktereg te skep. Daar is dus gepoog om die gaping tussen algemene beginsels en besondere kontrakte te oorbrug deur die gebruik van natuurlike terme wat voortvloei uit die breër klassifikasie van die spesifieke soort kontrak.

Die metodologie wat deur die Skolastiese skool gebruik is, is sonder wesenlike veranderinge deur De Groot aanvaar. Hy het ook in wese, soos die Skolastiese skool, aanvaar dat die partye 'n natuurlike term van die spesifieke soort kontrak deur ooreenkoms kon wysig. Die natuurlike terme is die middel tot die bereiking van die oogmerk met die ooreenkoms en die middel tot bereiking van die oogmerk kon volgens hierdie benadering wissel na gelang van die geval.<sup>23</sup> Hierdie benadering is egter nie deur die Noordelike Natuurregskool aanvaar nie aangesien die onderliggende grondslag daarvan, naamlik die filosofie van Aristoteles, in hierdie tyd in onguns verval het.

In die negentiende eeu is die konsepte van wese en oogmerk nie meer as grondslag vir die klassifikasie van 'n bepaalde kontrak gebruik nie.<sup>24</sup> Tot ongeveer die einde van die negentiende eeu is 'n kontrak geklassifiseer met verwysing na die wil van die partye sonder om ag te slaan daarop of die partye ten doel het om al die verpligtinge wat ingevolge die betrokke kontraksoort geskep word aan te gaan.<sup>25</sup> Hierdie benadering is egter deur die Objektiewe skool aan die einde van die negentiende eeu verwerp. Volgens hierdie skool was die partye se wil nie die oorsprong van die verbintenis tussen hulle nie. 'n Transaksie het volgens hierdie skool regsgevolge aangesien dit so bedoel is. Latere juriste van die Objektiewe skool het egter die mening gehuldig dat die reg

---

<sup>23</sup> Gordley 111.

<sup>24</sup> Gordley 208.

<sup>25</sup> Ibid.

aan die uitdruklike bedoeling van die partye uitvoering gee en in gevalle waar hulle mekaar bloot vertrou het om behoorlik op te tree die reg die gapings sal vul in hul bedoeling deur te besluit wat vertrou vereis en die partye te dwing om daarin te voldoen. Die partye het dus nie gevolge beoog nie, maar die gevolge het voortgevloei uit wat hulle beoog het. Die benadering van hierdie juriste kom dus in wese weer neer op dieselfde benadering wat die Spaanse skolastiese skool en die vroeë Kommentatore gevolg het.<sup>26</sup>

Die vraag ontstaan willekeurig waarom daar nog vandag enigsins gelet moet word op die klassifikasie van 'n besondere kontrak. Die skrywer doen aan die hand dat die belang van sodanige klassifikasie in die gevolge van die betrokke kontraksoort lê soos ook die geval was in die Romeinse Reg en ook die Europese reg van die laat negetiende eeu.

Die bedoeling van kontrakterende partye om 'n besondere verbintenis te skep word uitgedruk in die bedinge wat in die betrokke kontrak voorkom. Sodanige bedinge bepaal die inhoud van die betrokke kontrak. Kontraktuele bedinge word gewoonlik in 'n kontrak geplooi om aan die behoeftes van die kontraktante te voldoen.

Met betrekking tot die bedinge van 'n kontrak kan in die algemeen onderskei word tussen *essentialia*, *naturalia* en *incidentalia*.<sup>27</sup>

Die *incidentalia* van 'n ooreenkoms is daardie addisionele bedinge wat die partye deur ooreenkoms aan 'n kontrak toedig. Aangesien die *incidentalia* vir doeleindes van hierdie bespreking irrelevant is word daar nie verder oor hierdie aspek uitgebrei nie.

Soos ook later sal blyk is die *essentialia* van daardie bedinge wat wesenlik is vir die klassifikasie van die betrokke kontrak as behoortende tot 'n bepaalde kategorie.<sup>28</sup> Indien 'n kontrak die *essentialia* van die een

---

<sup>26</sup> Gordley 212.

<sup>27</sup> Van der Merwe et al 202; Christie 181; Sien ook Gordley 10 vir 'n bespreking van die oorsprong van die onderskeid tussen *essentialia*, *naturalia* en *incidentalia*.

<sup>28</sup> Van der Merwe et al 202; Christie 181.

of ander kontraksoort vertoon, sal daardie kontrak bepaalde gevolge dra. Indien byvoorbeeld die *essentialia* van 'n koopkontrak teenwoordig is sal ander gevolge aan die kontraktuele verhouding gekoppel word as wat die geval sou wees indien die *essentialia* van 'n huurkontrak teenwoordig was.<sup>29</sup> Hierdie gevolge waarna verwys word, word die *naturalia* van 'n kontrak genoem.

Die *naturalia* van 'n kontrak is daardie bedinge wat deur die reg aan elke kontrak van 'n besondere klas geheg word.<sup>30</sup> Die *naturalia* van 'n kontrak help om die regte en verpligtinge van die partye tot sodanige kontrak, en die uitwerking en gevolge van die kontraktuele verhouding te bepaal.<sup>31</sup> Joubert<sup>32</sup> stel dit as volg:

*"The various nominate contracts have developed various legal attributes which serve to regulate the relationship between the parties in the absence of a contrary agreement. Thus in the case of a contract of sale the seller does not have to transfer ownership in the thing sold to the purchaser but must warrant him against eviction by third parties with a better title; the ownership of the property (and the natural control and risk) only passes upon delivery, but in law the risk for damages or destruction due to casus fortuitus or vis maior rests on the purchaser and so the seller is burdened with the duty of preserving the property before delivery so that he will be liable for damage caused by third parties if his negligence was the cause of the loss; the seller is liable for non-compliance with any express warranty and also for any latent defects that were present in the property sold at the time of the sale if they were unknown to the purchaser. All these rules apply even where the parties simply 'buy' and 'sell'."*

Uit bogemelde aanhaling is dit dus duidelik dat die *naturalia* daardie terme is wat die partye nie by kontraksluiting beding het nie maar wat uit hoofde van die aard van die betrokke ooreenkoms aan die kontrak toegeskryf word. Dit is egter binne die partye se bevoegdheid om tot uitsluiting van hierdie terme te kontrakteer. Dit sal egter van die bepalinge van elke besondere kontrak afhang of dit die geval is.

---

<sup>29</sup> Christie 183.

<sup>30</sup> *Videtsky v Liberty Life Insurance Association of South Africa* 1990 1 SA 386 (W).

<sup>31</sup> Van der Merwe et al 203; Christie 181.

<sup>32</sup> Joubert *Contract* 65.

Die funksie van die *naturalia* van 'n kontrak blyk te wees om die kompleksiteit en gevolglik die koste van transaksies te verminder deurdat 'n stel normale terme aan elke spesifieke kontrakstipe gekoppel word. Weens die feit dat hierdie terme deur regswerking in 'n ooreenkoms geïnkorporeer word, is dit onnodig dat die partye eers oor sodanige terme moet onderhandel.<sup>33</sup>

Bestaande *naturalia* van 'n kontrak kan deur ons hoër uitgebrei word of beperk word na gelang van veranderde omstandighede, veranderde wetgewing asook deur gewoonte of handelsgebruik.<sup>34</sup>

Die gevolgtrekking kan dus gemaak word dat die klassifikasie van 'n besondere kontrak van belang is ten einde die *naturalia* van sodanige kontrak vas te stel, welke *naturalia* die natuurlike gevolge van die betrokke ooreenkoms uitspel.

#### **2.4 Riglyne wat deur die hoër gevolg word om kontrakte in die Suid-Afrikaanse reg te klassifiseer**

Volgens Joubert<sup>35</sup> is daar in werklikheid 'n ontelbare aantal verskyningsvorme van kontrakte in die Suid-Afrikaanse reg. Hierdie aspek verg toeligting ten einde verwarring te voorkom. Die skrywer doen aan die hand dat Joubert in hierdie verband bedoel dat daar kontrakte met 'n onbeperkte aantal eiesoortige kenmerke is en nie dat daar 'n ontelbare aantal kontrakstipes is nie. Van hierdie kontrakte, met besondere kenmerke, kan dan onder bestaande kontrakstipes tuisgebring word en ander nie. Laasgenoemde kontrakte sal dan *sui generis* wees. Die skrywer doen aan die hand dat dit toegeskryf kan word aan die algemene beginsel van kontrakteervryheid wat in die Suid-Afrikaanse reg bestaan. Joubert is van mening dat die kernvraag by die

---

<sup>33</sup> Lubbe & Murray *Farlam & Hathaway Contract* 422.

<sup>34</sup> Sien ook *Histor Boerdery (Edms) Beperk v Barnard* 1983 1 SA 1091 (A); *Phame (Pty) Ltd v Paizes* 1973 3 SA 397 (A); *A Becker & Co (Pty) Ltd v Becker* 1981 3 SA 406 (A) 419; Vorster 1987 *THRHR* 450-453; Vorster 1988 *TSAR* 161-183.

<sup>35</sup> Joubert *Die Finansiële Huurkontrak* 67.

klassifikasie van kontrakte is om 'n metode te vind wat kan bepaal welke gemeenskaplike kenmerke aan kontrakte, wat nie noodwendig tot dieselfde verskyningvorm behoort nie, toegeskryf kan word.

Joubert wys daarop dat daar in die algemeen twee metodes bestaan waarvolgens kontrakte geklassifiseer word. Die eerste metode is die klassieke benadering waarvolgens die terme van 'n kontrak in *essentialia*, *naturalia* en *incidentalia* onderverdeel word. Volgens hierdie benadering word die vraag of 'n kontrak as 'n besondere soort kontrak geklassifiseer kan word beantwoord aan die hand van 'n geslote aantal *essentialia*. Volgens hierdie benadering kan 'n kontrak slegs onder 'n bepaalde kontraksoort geklassifiseer word indien aan al die *essentialia* van daardie besondere kontraksoort voldoen word.

Joubert<sup>36</sup> is van mening dat die klassieke benadering tot die klassifikasie van kontrakte meebring dat mengvorme van kontrakte slegs kan voorkom waar al die *essentialia* van meer as een kontrak in 'n konkrete transaksie voorkom. Joubert kom tot die gevolgtrekking dat indien, volgens hierdie benadering, 'n ooreenkoms oor die *essentialia* van een kontraksoort beskik maar die ooreenkoms ook oor sommige (alhoewel nie almal) *essentialia* van 'n ander kontraksoort beskik, kan slegs die norme (dus *naturalia*) van die eerste kontraksoort in beginsel direk op die ooreenkoms toegepas word.

Die tweede metode waarvolgens kontrakte geklassifiseer kan word is die sogenaamde tipologiese benadering. Volgens hierdie benadering moet die regsraad van 'n kontrak nie bloot aan die hand van die *essentialia* van 'n kontrak beoordeel word nie, maar moet die geheelbeeld van 'n kontrak in ag geneem word om die regsraad daarvan vas te stel.<sup>37</sup> 'n Afwyking van die *essentialia* van 'n bepaalde kontraksoort sal dus nie noodwendig tot gevolg hê dat die kontrak nie onder 'n bepaalde kontraksoort tuisgebring kan word nie. Volgens hierdie benadering sal slegs

---

<sup>36</sup> *Die Finansiële Huurkontrak* 68.

<sup>37</sup> *Die Finansiële Huurkontrak* 70.

wesenlike afwykings van die *essentialia* tot gevolg hê dat 'n kontrak nie onder 'n bepaalde tipering tuisgebring kan word nie.

Joubert<sup>38</sup> wys daarop dat daar sterk aanduidings in die Suid-Afrikaanse reg is dat kontrakte volgens die klassieke metode geklassifiseer word. Die skrywer doen aan die hand dat daar met hierdie standpunt saamgestem kan word. Uit die ontleding van 'n aantal beslissings wat hieronder volg, sal daar gesag vir hierdie standpunt verstrekkend word.

In *Hall-Thermotank Africa Ltd v Prinsloo*<sup>39</sup> maak regter King die volgende stelling:

*“The essentialia of a contract of carriage is agreement on the goods to be carried, the place of departure and destination and the price to be charged therefor or the method of calculating the price. It is a branch of the law of letting and hiring where goods are carried for reward, and absolute liability is imposed on the carrier...” (Eie onderstreping)*

Uit bogemelde aanhaling blyk dit dat die regter aanvaar dat 'n vervoerkontrak as 'n onderafdeling van die verhuringsreg beskou word en nie as 'n selfstandige kontraksoort kwalifiseer nie. Regter King<sup>40</sup> gaan ook voort en maak die volgende stelling:

*“The only question in law as to whether there is an absolute liability or not, is whether the carriage is for reward, or is gratuitous. Once the carriage is for reward, there is an absolute liability on the part of the carrier to ensure that the goods which he receives are delivered undamaged.”*

Hier gaan Regter King en kyk eerstens na die wesenskenmerke van die ooreenkoms (*essentialia*) en heg daarna bepaalde gevolge aan die betrokke ooreenkoms gebaseer op die *essentialia* daarvan. Die skrywer doen aan die hand dat hierdie benadering in ooreenstemming is met die klassieke metode van kontraksklassifikasie soos deur Joubert uiteengesit.<sup>41</sup>

<sup>38</sup> *Die Finansiële Huurkontrak* 69.

<sup>39</sup> 1979 4 SA 91 (T) op 93.

<sup>40</sup> Op 93.

<sup>41</sup> *Die Finansiële Huurkontrak* 67.

In *Mountbatten Investments (Pty) Ltd v Mahomed*<sup>42</sup> het die eiser aan die verweerder 'n 1986-model BMW verkoop. Die koopprys is betaal deur 'n bedrag kontant en die restant deur die inruil van 'n ander motor. Die verweerder het deur 'n onskuldige wanvoorstelling aan die eiser voorgegee dat die motor wat ingeruil word 'n 1985-model is terwyl dit in werklikheid 'n 1983-model was. Gebaseer op die *actio quanti minoris* het die eiser 'n prysvermindering van die verweerder geëis.

Ten einde vas te stel of die eiser inderdaad op die *actio quanti minoris* kon steun moes die regsraad van die betrokke ooreenkoms tussen die partye eers bepaal word.

Die hof het 'n aantal aspekte uitgelig waarna gekyk moet word ten einde vas te stel of die ooreenkoms 'n ruil- of koop-ooreenkoms was.

Die hof beslis dat in gevalle waar een saak vir 'n ander geruil word, 'n ruilkontrak tot stand kom. Indien die 'koopprys' gedeeltelik uit geld en gedeeltelik uit 'n saak bestaan, gee die partye se ware bedoeling die deurslag betreffende die aard van die ooreenkoms ongeag die waardes van die saak en die geld in verhouding tot mekaar. Die hof maak verder die opmerking dat indien daar twyfel bestaan betreffende die bedoeling van die partye moet die onderskeie waardes van die geld en die saak vergelyk word. Indien die waarde van die geld hoër as die van die saak is, is dit 'n koopkontrak en indien die waarde van die saak hoër is as die van die geld is, is dit 'n ruilkontrak.

Die skrywer doen aan die hand dat die hof se benadering in hierdie beslissing ook ooreenstem met die klassieke benadering tot die klassifikasie van kontrakte. Hierdie siening is gebaseer op die feit dat alhoewel daar in hierdie beslissing bepaalde kenmerke van 'n ruilooreenkoms teenwoordig was, die hof bevind het dat die ooreenkoms oorwegend kenmerke van 'n koop-ooreenkoms bevat het en derhalwe eerder 'n koop- as ruilooreenkoms is.

---

<sup>42</sup> 1989 1 SA 172 (D).

In *Ongevallekommissaris v Onderlinge Versekeringsgenootskap AVBOB*<sup>43</sup> het die hof beslis dat waar 'n verhouding elemente van 'n dienskontrak en 'n ander soort verhouding bevat, vasgestel moet word welke verhouding die oorwegende indruk skep uit die beoordeling van die geheelbeeld van die ooreenkoms. Die kontrak sal dus geklassifiseer word volgens die ooreenkoms wat die oorwegende indruk skep.

In *Zulu v Van Rensburg*<sup>44</sup> maak regter Dodson 'n drieledige onderskeid betreffende die hantering van ooreenkomste wat eienskappe van meer as een kontraksoort omvat en stel dit as volg met verwysing na *Hathorn and Hutchison*<sup>45</sup>:

*"The agreement may either be relegated to the dominant type of contract (the absorption theory), or the naturalia of each type of contract may be applied to the relevant portion of the agreement insofar as that is possible or practicable (the combination theory), or the agreement may be considered to fall into a new category of its own, rendering the naturalia of the accepted contract types inapplicable (the sui generis theory)."*

Op grond van die feit dat dit moeilik is om vas te stel welke kontraksoort oorwegend voorkom, hanteer regter Dodson die verhouding as *sui generis*.

*Hathorn and Hutchison* wys egter daarop dat in gevalle waar 'n kontrak elemente van meer as een kontrakstipe vertoon, die howe in Suid-Afrika neig om uitvoering te gee aan die gevolge van die dominante kontrakstipe en verwys spesifiek na 'n deelsaai-ooreenkoms wat beide kenmerke van 'n huurooreenkoms en 'n vennootskap vertoon maar aanvaar word 'n huurooreenkoms te wees.

Die skrywer doen aan die hand dat uit bogemelde ontleding dit blyk dat daar tot die gevolgtrekking gekom kan word dat die howe nie alleen die klassieke benadering tot die klassifikasie van kontrakte pedanties navolg

---

<sup>43</sup> 1976 4 SA 446 (A).

<sup>44</sup> 1996 4 SA 1236 (GEH) 1260.

<sup>45</sup> *Labour Tenants and the Law* in: Murray & O' Regan (Eds) *No Place to Rest Forced Removals and the Law* 199.



nie, maar dat hulle ook nie baie inskiklik is om 'n ooreenkoms as *sui generis* te klassifiseer nie.

## 2.5 **Gevolgtrekking**

Uit bogemelde bespreking blyk dit dat daar ongetwyfeld getuienis bestaan wat daarop dui dat die howe in Suid-Afrika kontrakte klassifiseer volgens die klassieke benadering waar daar bloot na die *essentialia* van 'n betrokke ooreenkoms gelet word. Indien daar nie aan die *essentialia* van enige van die bekende kontraksoorte voldoen word nie, is die betrokke kontrak *sui generis*.

Ter opsomming kan daar dus gesê word dat die metodologie by die klassifikasie van kontrakte as volg is:

Die wesenkenmerke van die betrokke kontraksoort word aan die *essentialia* van reeds geïdentifiseerde kontrakte getoets. Indien die wesenkenmerke ooreenstem met al die *essentialia* van 'n betrokke kontraksoort sal die ooreenkoms as sodanig geklassifiseer word ongeag of dit sekere *essentialia* van 'n ander kontraksoort bevat. Die ooreenkoms sal dan die gevolge (*naturalia*) dra wat gewoonlik aan die betrokke kontraksoort toegeskryf word.

Indien die wesenskenmerke van die betrokke kontrak nie aan die *essentialia* van 'n bestaande kontraksoort voldoen nie is die ooreenkoms *sui generis*. In so 'n geval sal die howe nuwe *naturalia* aan die hand van die wesenskenmerke van die betrokke ooreenkoms moet aflei met inagneming van onder andere handelsgebruik, die gemeenskapsgevoel en wetgewing.

Die klassifikasie van die regsraad van koöperatiewe poele sal dan ook voorts in hierdie verhandeling ingevolge bogemelde benadering, naamlik die klassieke benadering, onderneem word aangesien dit die benadering is wat in die algemeen deur ons howe gevolg word ten einde die regsraad van 'n ooreenkoms vas te stel.

## **Hoofstuk 3**

### ***Feitelike agtergrond en die sakeregtelike gebeurtenisse en gevolge relevant by verpoeling***

#### **3.1 *Inleiding***

Die feitelike omstandighede en sakeregtelike gebeurtenisse en gevolge van verpoeling word in hierdie hoofstuk in besonderhede omskryf en ontleed. Dit is noodsaaklik dat hierdie aspekte vasgestel word aangesien die funksionele kenmerke wat uit die feitelike en sakeregtelike gebeurtenisse afgelei word die grondslag sal lê waarvolgens daar beoordeel kan word of die *essentialia* van een of ander bepaalde kontrakstipe teenwoordig is. Daar sal ook verder in hierdie hoofstuk uitgewys word wat die funksionele kenmerke van die verhouding tussen produsente en koöperasies is en waaruit sodanige kenmerke afgelei kan word.

#### **3.2 *Feitelike agtergrond***

##### **3.2.1 *Algemeen***

Die verpoeling van landbouprodukte het as grondslag 'n onderliggende verhouding tussen produsente en die koöperasie. Die statuut van 'n koöperasie word aanvaar as synde 'n kontrak tussen die betrokke koöperasie en sy lede te wees.<sup>46</sup> Die lewering van produkte en die bepalings rondom sodanige lewering tussen die koöperasie en produsente word in die algemeen deur die koöperasie se statuut gereël. Daar mag egter wel gevalle wees waar dit nie noodwendig lede is wat aan die koöperasie lewer nie. Daar word aan die hand gedoen dat in sodanige gevalle, indien daar nie 'n ander ooreenkoms teenwoordig is nie, die betrokke produsent tot die bepalings van die statuut toestem en dat die dieselfde kontraktuele bepalings op die betrokke verhouding tussen die koöperasie en produsent van toepassing sal wees.

---

<sup>46</sup> *Fourie v Drakensberg Koöperasie Bpk* 1988 3 SA 466 (A) 479.

Die statute van die meeste koöperatiewe wynkelders magtig die koöperasie om produkte, wat van produsente ontvang word, te verpoel. Daar word ook gewoonlik bepaal dat sodanige verpoeling volgens soort en gehalte moet plaasvind.

Met verpoeling word dus bedoel die proses waardeur die koöperasie byvoorbeeld duiwe van dieselfde soort en gehalte saamvoeg om dit as sodanig te verwerk in 'n geheel nuwe produk, byvoorbeeld wyn of duiwesap.

Die statuut van die koöperasie magtig ook gewoonlik die koöperasie om die verpoelde massa in sy geheel of gedeeltelike verwerkte vorm van die hand te sit. Elke produsent se bydraes verloor dus in die proses van verpoeling hulle indentiteit en kan dus nie meer onderskei word van die bydraes van andere nie.

Daar word gewoonlik met elke seisoen se oes 'n nuwe poel begin. Die koöperasie hou rekords van elke afsonderlike poel. Hieronder volg 'n uiteensetting van die tipiese bepalings van die statuut van 'n koöperasie wat gestig is met die oogmerk om met landbouprodukte, byvoorbeeld duiwe, te handel.

### 3.2.2 Die bepalings van die statuut

'n Tipiese omskrywing van die doelstellings van 'n koöperasie in sy statuut is as volg:

*“Om die bemarking van landbouprodukte te onderneem en Landbouprodukte te verwerk of 'n produk daarvan te vervaardig en die produk of iets waarin dit aldus omgesit is van die hand te sit.”*

Daar word ook gewoonlik ingevolge die statuut van 'n koöperasie bepaal dat die koöperasie alles redelikerwys nodig moet en mag doen om sy doelstellings te bereik.

Produsente word dikwels ingevolge die statuut verplig om al hulle landbouprodukte van 'n soort ten opsigte waarvan die koöperasie nie spesifieke leweringsooreenkomste met sy lede aangaan nie, in sodanige

vorm as wat die raad mag bepaal aan die koöperasie te lewer, mits die koöperasie in staat is om daarmee te handel. Dit sal uiteraard slegs die geval wees indien daar nie 'n ooreenkoms anders as die statuut bestaan nie.

Die statuut bepaal ook gewoonlik dat landbouprodukte volgens die goeiddunke van die koöperasie op een of meer van die volgende wyses mee gehandel kan word:

- Die koöperasie kan die landbouprodukte verpoel, dit geheel of gedeeltelik verwerk, of 'n produk daarvan vervaardig en die produk of iets waarin dit aldus omgesit is van die hand sit;
- Die koöperasie kan die landbouprodukte verpoel en in 'n onverwerkte toestand van die hand sit;
- Die koöperasie kan die landbouprodukte van die hand sit sonder om dit te verpoel of te verwerk; en
- Die koöperasie kan die landbouprodukte op sodanige terme en voorwaardes aankoop as waarop hy van tyd tot tyd besluit.

Die koöperasie het dus gewoonlik 'n wye diskresie betreffende die wyse waarop daar met landbouprodukte, deur produsente gelewer, gehandel kan word.

Die statuut vervat ook gewoonlik spesifieke bepalings betreffende betaling aan lede vir landbouprodukte. Daar word byvoorbeeld dikwels bepaal dat betaling aan produsente vir landbouprodukte deur die raad verpoel en verkoop of verpoel, verwerk en dan verkoop, as volg sal geskied:

- Die landbouprodukte word volgens soort en kwaliteit verpoel;
- 'n Jaarlikse poel of poele vir sodanige korter tydperk as wat die koöperasie besluit, word gehou; en

- Lede kan 'n voorskot ontvang op die landbouprodukte wat deur hulle aan die koöperasie gelewer is indien die koöperasie in staat is om so 'n voorskot te gee. Die bedrag van die voorskot word van tyd tot tyd deur die koöperasie vasgestel.

Daar word ook gewoonlik in die statuut bepaal dat van die totale opbrengs deur die koöperasie ontvang vir die landbouprodukte of iets waarin dit omgesit is, 'n bedrag afgetrek word gelykstaande aan:

- (i) al die direkte onkoste deur die koöperasie aangegaan in die verwerking, bewerking, prosessering, hantering en verpoeling van die landbouprodukte;
- (ii) spoorvrag, vraggeld, vervoerkoste, versekering, agentekommissie (indien enige) en enige gelde van welke aard ookal wat 'n direkte verband het met die verwerking, prosessering en die van die hand sit van die produkte en vervaardigde artikels;
- (iii) rente soos deur die koöperasie bepaal op voorskotte ooreenkomstig hierdie artikel gemaak;
- (iv) die poel se gedeelte van indirekte koste van die koöperasie wat toegedeel word na alle afdelings van die koöperasie op 'n basis wat die koöperasie bepaal; en
- (v) 'n kommissie wat deur die koöperasie vasgestel word, maar wat in geen geval 'n bepaalde perk sal oorskry nie.

Die gemiddelde pryse ontvang vir elke soort of kwaliteit van die landbouprodukte gedurende die bestaan van die poelrekening, min die bogemelde onkoste, uitgawes, rente en kommissie word dan gewoonlik aan die lede, wat die landbouprodukte gelewer het, *pro rata* tot hul aflewering uitbetaal. Die koöperasie het egter dikwels die bevoegdheid om verskillende betalings aan produsente te maak afhangende van die graad en gehalte van produkte deur die betrokke produsente gelewer.

Hierdie uitbetalings word gewoonlik by die afsluiting van die poelrekening gemaak en is onderhewig aan die aftrekking van voorskotte wat lede op sulke landbouprodukte ontvang het.

### 3.2.3 *Die Koöperasiewet 91 van 1981*

Daar word nie in die Koöperasiewet 91 van 1981 ("die Wet") verwys na die regs aard van 'n poel nie. Ingevolge artikel 139(2) van die Wet word die Koöperasie egter verplig om rekord te hou van elke afsonderlike poel.

Die bepalings van die Wet betreffende rekordhouding maak daarvoor voorsiening dat die saldo van die poelrekening ten opsigte van landbouprodukte waarvoor die koöperasie beheer verkry het, afsonderlik getoon moet word in sy finansiële state.<sup>47</sup> Die netto realiseerbare waarde van onverkoopte produkte in die poel moet ook ingevolge die Wet deur die koöperasie getoon word.<sup>48</sup>

Dit is dus duidelik dat die Wet geen aanduiding gee of die poel as sodanig as deel van die koöperasie se bates beskou moet word of nie en of die poelvoorraad derhalwe as die koöperasie se eiendom beskou moet word eerder as die van produsente nie. Afhangende van die bepalings van die betrokke statuut, kan die koöperasie of die produkte verkry of daar kan bloot beheer oor die produkte verkry word. Ingevolge die bepalings van die statuut sal die koöperasie slegs die produkte verkry indien dit van produsente gekoop word. Dit is gevalle waar die produkte dus anders as deur die normale poelverhouding hanteer word en aan die koöperasie direk deur die produsent verkoop word.

Of daar ingevolge die statuut, waarna hierbo verwys is, wel 'n oorgang van eiendomsreg aan die koöperasie is, moet volgens die skrywer aan die hand van sakeregtelike en kontraktuele beginsels beoordeel word.

---

<sup>47</sup> Bylaag 2 paragraaf 24(4)(a) tot die Wet.

<sup>48</sup> Bylaag 2 paragraaf 24(4)(c).

### 3.2.4 *Gevolgtrekking betreffende die feitelike grondslag van die poelverhouding*

Die skrywer doen aan die hand dat daar na aanleiding van bogemelde bespreking van die tipiese bepalings van 'n koöperasie se statut redelikerwys die volgende feitelike kenmerke aan 'n poelverhouding gegee kan word:

- Die statut van die koöperasie stel 'n ooreenkoms tussen die produsente en die koöperasie daar;
- Die statut magtig die koöperasie om gelewerde produkte te verpoel volgens soort en gehalte, alhoewel die koöperasie nie onder 'n verpligting staan om dit te doen nie;
- Die koöperasie het 'n diskresie om die verwerkte produkte in geheel of gedeeltelik verwerkte vorm van die hand te sit;
- Produsente is verplig om hul produkte aan die koöperasie te lewer mits die koöperasie in staat is om daarmee te handel;
- Produsente se produkte word vermeng en kan daarna nie meer onderskei word nie;
- Die koöperasie is volgens wet verplig om die poele afsonderlik in sy finansiële state te hanteer;
- Die koöperasie het 'n diskresie om voorskotte aan produsente te betaal of nie;
- Die koöperasie bepaal die omvang van sy kommissie binne gestelde perke; en
- Die koöperasie verhaal sy koste ten opsigte van die hantering van die produkte van die totale opbrengs met die van die handsetting van die geheel of gedeeltelik verwerkte produkte.

### 3.3 Sakeregtelike grondslag

#### 3.3.1 Algemeen

Die wyses van eiendomsverkryging in die Suid-Afrikaanse reg word in oorspronklike en afgeleide wyses van eiendomsverkryging verdeel.<sup>49</sup> Oorspronklike eiendomsverkryging is daardie wyses van eiendomsverkryging ingevolge waarvan die verkryger nie sy reg aan sy voorganger ontleen nie. Oorspronklike eiendomsverkryging kan plaasvind sonder oordrag vanaf die regsvoorganger na die verkryger. Die verkryger verkry nuwe regte vry van die tekortkominge, verpligtinge of voordele wat aan die reg van sy voorganger kleef. Die eiendomsreg wat gevestig word is as te ware die eerste reg wat ooit ten opsigte van die saak gevestig word. Afgeleide eiendomsverkryging vind plaas indien die reg van die verkryger van die reg van die voorganger afgelei word.

Daar word aan die hand gedoen dat in gevalle waar roerende sake met mekaar vermeng om 'n geheel nuwe saak te vorm, of waar vereniging of vermenging van gelykwaardige sake plaasvind en een massa gevorm word sonder dat 'n nuwe saak gevorm word daar slegs sprake kan wees van een van twee verskyningsvorme van oorspronklike eiendomsverkryging. Hierdie verskyningsvorme is *specificatio* en *confusion*.<sup>50</sup>

Daar word spesifiek in hierdie verband verwys na *confusio* en nie *commixtio* nie aangesien eersgemelde spesifiek verwys na situasies waar vloeistowwe vermeng word of waar vaste stowwe opgelos word om 'n enkele massa te vorm.<sup>51</sup> Hieronder volg 'n bespreking van die twee gemelde vorme van oorspronklike eiendomsverkryging ten einde vas te stel onder welke vorm die sakeregtelike aard van verpoeling van landbouprodukte tuisgebring kan word.

<sup>49</sup> Van der Merwe *Sakereg* 214; Olivier et al *Law of Property* 98.

<sup>50</sup> Sien Van der Merwe 214 en verder en Olivier 98 en verder vir 'n volledige bespreking van die onderskeie vorme van oorspronklike eiendomsverkryging.

<sup>51</sup> Van der Merwe 263.



### 3.3.2 *Specificatio*

Soos reeds hierbo uiteengesit, blyk dit dat die koöperasie die landbouprodukte (druive) wat van verskillende produsente ontvang word saamvoeg en dit dan in die saamgevoegde vorm verkoop of dit verwerk tot 'n ander produk en dan die gemelde produk van die hand sit. Hier is dus duidelik twee scenarios. In die eerste scenario word die druive bloot fisies saamgevoeg en word die saamgevoegde massa van die hand gesit en in die tweede scenario word die saamgevoegde massa tot 'n nuwe produk soos wyn of duiwesap verwerk.

*Specificatio* of saakvorming, soos dit in die algemene omgangstaal bekend staan, vind plaas wanneer 'n saakvormer (*specificator*) 'n splinternuwe saak geheel of gedeeltelik uit materiaal wat aan iemand anders behoort, vervaardig, sonder dat daar enige regsverhouding tussen die partye bestaan.<sup>52</sup> Een van die voorbeelde wat Van der Merwe<sup>53</sup> noem as *specificatio* is juis die vorming van wyn uit druive. Daar word egter aan die hand gedoen dat die betrokke voorbeeld waarna Van der Merwe verwys nie die poelverhouding tussen die koöperasie en die produsente as grondslag het nie.

In die geval van *specificatio* word met behulp van 'n stoflike saak 'n nuwe saak in die juridiese sin deur menslike arbeid vervaardig. Die eienaar van die materiaal waaruit die nuutgevormde saak vervaardig is, sal slegs eienaar van die gemelde nuutgevormde saak wees indien die voorwerp tot sy vorige vorm herlei kan word in welke geval dit nie *specificatio* is nie.<sup>54</sup>

Die onderliggende gedagte by *specificatio* is enersyds dat die *specificator* beloon word vir sy skeppende werk wat aan die saak 'n

---

<sup>52</sup> Van der Merwe 258; Olivier et al 109.

<sup>53</sup> Op 258.

<sup>54</sup> Van der Merwe 258.

nuwe vorm gee, en andersyds dat hy moontlik deur toe-eiening eienaar van 'n nuwe saak word wat tot stand kom en wat vroeër geen fisieke bestaan gevoer het nie.<sup>55</sup> Die vereistes vir eiendomsverkryging deur *specificatio* word deur Van der Merwe<sup>56</sup> as volg uiteengesit:

- 'n *nova species* moet vervaardig word;
- die nuwe saak moet nie herlei kan word tot die oorspronklike vorm van die materiaal nie;
- *bona fides* aan die kant van die vervaardiger word deur sommige skrywers<sup>57</sup> vereis; en
- die saak moet sonder die toestemming van die eienaar van die materiaal vervaardig word.

Hieronder volg 'n omvattende bespreking van bogemelde vereistes aan die hand van die besondere kenmerke van die poelverhouding.

Die vraag of 'n nuwe saak (*nova species*) deur *specificatio* tot stand gebring is, hang van die verkeersopvatting af.<sup>58</sup> Dit blyk dat die vervaardiging sodanig moet wees dat die materiaal omvorm moet word tot iets anders as wat dit voorheen was. Die gewese materiaal moet verlore raak in die verwerking wat dit ondergaan het.<sup>59</sup> In die onderhawige geval doen die skrywer aan die hand dat daar wel aan hierdie vereiste voldoen word in gevalle waar byvoorbeeld wyn of duiwesap uit die verpoelde duiwe vervaardig word. In gevalle waar die duiwe bloot verpoel word en as sodanig verkoop word sal hierdie vereiste nie aan voldoen word nie aangesien daar geen nuwe saak gevorm word nie.

---

<sup>55</sup> Van der Merwe 258.

<sup>56</sup> Op 259.

<sup>57</sup> Hahlo & Kahn *Union of South Africa* 587.

<sup>58</sup> Van der Merwe 260.

<sup>59</sup> Van der Merwe 260.

Die vraag of 'n bepaalde verwerking van bestaande sake tot die vorming van 'n nuwe saak gelei het moet ook volgens Van der Merwe<sup>60</sup> aan die hand van die bestaande verkeersopvatting beoordeel word. Van der Merwe<sup>61</sup> noem 'n aantal faktore wat kan aandui of 'n nuwe saak gevorm is, naamlik:

- of 'n mens die gevormde saak nog dieselfde naam kan gee;
- of die ou vorm van die saak onherroeplik verlore is;
- of die nuwe saak deur die ou materiaal of die nuwe vorm gekenmerk word en welke hiervan die nuwe saak die grootste waarde gee; en
- of blote toevoegings tot die ou saak gemaak is en of hierdie toevoegings maklik afgeskei kan word.

In die geval waar wyn of druiwesap uit die verpoelde druive gemaak word sal die gevormde saak uiteraard nie meer dieselfde naam kan dra nie. Waar druive egter bloot verpoel word en as sodanig van die hand gesit word, sal dit steeds druive genoem word en bloot 'n groter massa daarvan uitmaak.

Indien wyn uit die verpoelde druive vervaardig is, sal die wyn ook nie juis na sy oorspronklike vorm, naamlik druive, omvorm kan word nie en sal die oorspronklike vorm gevolglik onherroeplik verlore wees. Dit sal egter nie die geval met die blote verpoeling van druive wees nie.

Waar wyn uit die verpoelde druive vervaardig word sal die nuwe produk, naamlik wyn, deur sy vorm gekenmerk word aangesien dit omgesit is van 'n vaste stof na 'n vloeistof. Die feit dat wyn uit die verpoelde druive gemaak is, sal ook aan die nuwe produk sy grootste waarde verleen. In die geval van die blote verpoeling van druive en die verkoop daarvan as sodanig sal egter bloot tot gevolg hê dat die massa druive vermeerder.

---

<sup>60</sup> Op 260.

<sup>61</sup> Ibid.

Indien wyn uit die verpoelde massa vervaardig is, sal daar nie bloot toevoegings aan 'n bestaande saak wees nie en sal enige bestandele wat tot die nuwe saak toegevoeg is nie sondermeer daarvan afgeskei kan word nie. Waar druiwe bloot verpoel is en as sodanig verkoop is, sal die druiwe wel afgeskei kan word, maar dit sal onmoontlik wees om te bepaal welke druiwe aan welke produsent behoort het. Hierdie is egter bloot 'n enkele oorweging en speel nie opsig self 'n deurslaggewende rol nie.

Uit bogemelde blyk dit dat in gevalle waar wyn uit die verpoelde druiwe vervaardig word daar wel op grond van bogemelde oorwegings gesê kan word dat die verwerking van 'n bestaande saak tot die vorming van 'n nuwe saak gelei het.

Die vereiste dat 'n saak nie na sy oorspronklike vorm terugherlei kan word nie hang volgens Van der Merwe<sup>62</sup> van hedendaagse tegnologiese kennis en deskundigheid af. Hy noem pertinent die voorbeeld dat wyn nie weer in druiwe verander kan word nie en die balke waaruit 'n skip gemaak is kan nie weer in boomstompe verander word nie.

Dit blyk volgens Van der Merwe<sup>63</sup> onseker te wees of *bona fides* aan die kant van die vervaardiger wel 'n vereiste vir eiendomsverkryging deur saakvorming is. Van der Merwe<sup>64</sup> is van mening dat *bona fides* nie as 'n vereiste behoort gestel te word nie aangesien die grondslag van *specificatio* die beloning van die arbeid van die vervaardiger is. Dit kom nie daarop aan of hierdie arbeid *bona fide* of *mala fide* verrig is nie. Van der Merwe<sup>65</sup> is van mening dat aangesien *bona fides* nie vir eiendomsverkryging by wyse van *accessio* vereis word nie, val dit vreemd op dat dit wel as vereiste vir eiendomsverkryging by wyse van *specificatio* gestel word. Bowendien sal die eienaar van die materiaal

---

<sup>62</sup> Op 260.

<sup>63</sup> Op 261.

<sup>64</sup> Ibid.

<sup>65</sup> Ibid.

probleme ondervind om sy omvormde materiaal te vindiseer. Hierdie aspek blyk dus uit hoofde van bogemelde nie juis 'n impak te hê op die regswerking van *specificatio* nie.

Die vierde vereiste naamlik dat *specificatio* slegs kan plaasvind indien die vervaardiger van die nuwe produk dit sonder die toestemming van die eienaar van die materiaal vervaardig, is op die oog af problematies. Hierdie vereiste bring volgens Van der Merwe<sup>66</sup> teweeg dat eiendomsverkryging deur *specificatio* nie dikwels voorkom nie. Gewoonlik is die vervaardiger eienaar van die materiaal en vind die verwerking meestal in opdrag van die eienaar plaas. Van der Merwe<sup>67</sup> is van mening dat in sodanige gevalle die ooreenkoms tussen die partye die regte en verpligtinge van die onderskeie partye bepaal.

Indien die tipiese bepalings van 'n koöperasie se statuut soos hierbo onder feitelike agtergrond uiteengesit oorweeg word blyk dit dat die eienaars van die druive voor verpoeling wel by implikasie toestem tot verwerking daarvan in wyn. Dit blyk dus dat daar nie aan hierdie vereiste vir *specificatio* voldoen word nie.

Afgesien van laasgemelde vereiste is 'n verdere aspek van poele, wat problematies in die konteks van *specificatio* is, die vraag betreffende wie eienaar van die nuutgevormde massa word. Is dit die koöperasie of die produsente in onverdeelde aandele in die verpoelde massa. Hierdie kwessie kan nie bevredigend aan die hand van die kenmerke en vereistes van *specificatio* beantwoord word nie.

Uit die ontleding van *specificatio* blyk dit dat in beide die geval van die verwerking van verpoelde druive tot wyn en die geval waar druive bloot verpoel en as sodanig van die hand gesit word daar nie aan die vereistes van *specificatio* voldoen word nie.

---

<sup>66</sup> Op 262.

<sup>67</sup> Ibid.

### 3.3.3 *Confusio*

*Confusio* vind plaas wanneer min of meer gelykwaardige sake van verskillende eienaars tot een massa verenig of vermeng word sonder dat die mengsel 'n splinternuwe saak vorm.<sup>68</sup> Anders as in die geval van natrekking waar 'n bysaak in 'n hoofsaak opgaan, word in hierdie geval min of meer gelykwaardige sake vermeng, en anders as in die geval van *specificatio*, speel die vormgewende menslike arbeid in hierdie geval 'n ondergeskikte rol. Daar word egter ook aanvaar dat in gevalle waar ongelykwaardige sake soos 30 liter wyn en 5 liter wyn vermeng word daar ook *confusio* plaasvind.<sup>69</sup>

Volgens Van der Merwe<sup>70</sup> is die vereistes vir oorspronklike eiendomsverkryging by wyse van *confusio* die volgende:

- die vereniging of vermenging moes sonder die toestemming van die onderskeie eienaars plaasgevind het;
- die mengsel wat gevorm is, moet onskeibaar wees; en
- die resultaat moet nie op natrekking van twee roerende sake of op *specificatio* neerkom nie.

In die geval van *confusio* word die mengsel as onskeibaar beskou indien die individuele stowwe hul identiteit verloor en slegs met groot moeite en koste van die mengsel afgeskei kan word. In so 'n geval word die nuwe mengsel die mede-eiendom van die vorige eienaars in verhouding tot die waarde van hul materiaal wat in die mengsel gebruik is.<sup>71</sup>

---

<sup>68</sup> Van der Merwe 263; Olivier et al 111.

<sup>69</sup> Van der Merwe 263 noot 368.

<sup>70</sup> Op 263; Sien ook Olivier et al 111 vir 'n kort bespreking van die vereistes vir oorspronklike eiendomsverkryging deur *confusio*.

<sup>71</sup> Van der Merwe 264; *Ex Parte Terminus Naviera SA & Grinrod Marine (Pty) Ltd: In Re The Aretil* 1986 2 SA 446 (K) 452F-G.

Volgens Van der Merwe<sup>72</sup> is die kernvraag of die vermenging 'n nuwe toedeling van eiendomsreg tot gevolg het.

Dit blyk dat *confusio* streng gesproke nie eiendomsverandering tot gevolg het waar die eienaar tot vermenging toestem nie.<sup>73</sup> Mede-eiendom ontstaan volgens Van der Merwe<sup>74</sup> in hierdie geval nie as gevolg van vermenging nie, maar asgevolg van die instemmende wil van die vorige eienaars waarkragtens eiendom vir hulle gesamentlik verkry word.

Die skrywer doen aan die hand dat daar in die onderhawige geval onderskei moet word tussen die situasie waar die duiwe verpoel word en wyn daaruit vervaardig word en die geval waar die duiwe bloot verpoel word en as sodanig van die hand gesit word.

Daar word eers aan die hand van die vereistes vir *confusio* bespreek of die verpoeling van duiwe en die verwerking daarvan in wyn *confusio* tot gevolg het.

Soos reeds hierbo onder feitelike agtergrond uiteengesit, is die statuut van die koöperasie 'n ooreenkoms tussen die koöperasie en sy lede. Die lede, wanneer hul lid word stem dus toe tot die bepalings van die statuut. Selfs in gevalle waar produsente aan die koöperasie lewer wat nie lede is nie, word daar aan die hand gedoen dat die produsente tot die bepalings van die statuut toestem in die afwesigheid van enige ooreenkoms tot die teendeel. Die skrywer doen aan die hand dat aangesien produsente toestem tot die bepalings van die statuut, hulle ook implisiet toestem dat die duiwe verpoel word. Die vermenging vind dus plaas met die toestemming van die eienaars van die duiwe. Aan die vereiste dat die vermenging sonder die toestemming van die eienaar moes geskied het, word dus nie voldoen nie.

---

<sup>72</sup> Op 264.

<sup>73</sup> Van der Merwe 264; Olivier et al 111-112.

<sup>74</sup> Op 265.

In die geval van verpoeling van druiwe en die verwerking daarvan in wyn is daar gevolglik na aanleiding van bogemelde bespreking dus nie sprake van *confusio* neerkom nie aangesien die vereistes daarvoor nie teenwoordig is nie.

Daar kan aanvaar word, gegewe die aard van die vermenging wat plaasvind, dat die mengsel onskeibaar is. Wyn word uit druiwe vervaardig en kan nie weer as druiwe geskei word nie.

Die skrywer doen aan die hand dat in die geval waar druiwe bloot verpoel word en as sodanig van die hand gesit word daar ook nie sprake van *confusio* kan wees nie. Alhoewel daar in hierdie geval aan die vereiste van onskeibaarheid en die vereiste dat die vermenging nie tot *specificatio* moet lei voldoen word, vind die vermenging steeds met die toestemming van die vorige eienaars plaas uit hoofde van die bepaling van die betrokke koöperasie se statuut. Na aanleiding van Van der Merwe se siening<sup>75</sup> sal die vorige eienaars dus in hierdie geval uit hoofde van 'n implisiete ooreenkoms mede-eienaars van nuutgevormde massa word en nie uit hoofde van vermenging nie. Sodanige implisiete ooreenkoms sal dus die *causa vir* afgeleide eiendomsverkryging deur die mede-eienaars wees.

#### 3.3.4 *Gevolgtrekking betreffende die sakeregtelike grondslag*

Bogemelde ontleding van beide die verskynsels van *specificatio* en *confusio* dui daarop dat die verpoeling van druiwe en die verwerking daarvan in wyn asook die blote verpoeling van druiwe en die van die handsetting daarvan as sodanig, nie aan die vereistes van bogemelde verskynsels van oorspronklike eiendomsverkryging voldoen nie.

---

<sup>75</sup> Verwys noot 74 hierbo.



Dit blyk dat Van der Merwe<sup>76</sup> van mening is dat in gevalle waar daar wel vermenging plaasvind of 'n nuwe saak gevorm word sonder dat daar aan die vereistes van *specificatio* of *confusio* voldoen word, die regte en verpligtinge van die onderskeie partye deur middel van ooreenkoms gereël word. Na aanleiding van hierdie mening doen die skrywer aan die hand dat die regte en verpligtinge tussen die onderskeie partye in die onderhawige geval ook deur die ooreenkoms tussen hulle gereël sal word. Die aard van eiendomsreg en aan wie dit toekom sal dus in die onderhawige geval kontraktueel gereël word. Eiendomsreg word dus by wyse van afgeleide eiendomsverkryging bepaal. Dit blyk uit die feit dat die produsente toestem tot vermenging, dat hulle dan mede-eienaars van die nuutgevormde massa word.<sup>77</sup>

Wat egter uit 'n sakeregtelike oogpunt van wesenlike belang is, is die gevolge wat voortspruit uit die feit dat die produsente mede-eienaars van die verpoelde massa word. Hieronder volg 'n bespreking van die gevolge van mede-eiendomsreg.

### 3.3.5 *Gevolge van mede-eiendomsreg ten aansien van verpoelde produkte*

Mede-eiendomsreg is die regsverhouding wat bestaan wanneer meer as een persoon terselfdertyd eienaar van dieselfde saak of veelvoud van sake is. Die voorwerp van mede-eiendom word nie liggaamlik nie, maar slegs ideël in onverdeelde aandele tussen die mede-eienaars verdeel.<sup>78</sup> Omdat die saak aan alle mede-eienaars gemeenskaplik behoort, kan eiendomsbevoegdhede ten opsigte van die saak as geheel slegs uitgeoefen word indien al die mede-eienaars saamwerk. Die toestemming van al die mede-eienaars is dus nodig indien die saak

---

<sup>76</sup> Sien note 67 en 74.

<sup>77</sup> Sien Van der Merwe 379 waar gestel word dat vrye mede-eiendomreg ontstaan asgevolg van vermenging, samesmelting of vereniging. As voorbeeld word die vereniging van 'n swerm bye genoem.

<sup>78</sup> Van der Merwe 380; Olivier et al 42.

vervreem word.<sup>79</sup> Gemeenskaplike optrede word ook vereis wanneer daar besluit moet word op welke wyse die saak geëksploiteer moet word.<sup>80</sup> So ook moet alle mede-eienaars saamwerk ten einde oor 'n gedeelte van die saak te beskik. 'n Mede-eenaar kan nie vir homself selfstandig 'n gedeelte van die gemeenskaplike saak toe-eien nie.<sup>81</sup>

Aangesien die saak aan al die mede-eienaars behoort, deel almal ook tesame in die gemeenskaplike vrugte, winste en profyte van die saak. Alle mede-eienaars is egter ook verplig om proporsioneel tot noodsaaklike uitgawes ter behoud van die saak by te dra.<sup>82</sup>

Verrekening van vrugte, winste en bydraes kan gedurende die bestaan van mede-eiendomsreg opgeëis word en dit is dus derhalwe nie nodig dat die mede-eiendomreg eers ten einde loop alvorens dit kan plaasvind nie.<sup>83</sup>

Alhoewel die saak gemeenskaplik aan die mede-eienaars behoort kan elke mede-eenaar selfstandig oor sy onverdeelde aandeel in die saak beskik sonder om die toestemming van die ander mede-eienaars te vra (indien daar geen ooreenkoms tot die effek is nie).<sup>84</sup>

In die geval van mede-eiendom is geen persoon verplig om teen sy sin mede-eenaar van die saak te bly nie en kan hy gevolglik verdeling van die voorwerp van mede-eiendom eis.<sup>85</sup> Hierdie aspek kan egter

---

<sup>79</sup> Van der Merwe 381; Olivier et al 45; *Van der Merwe v Van Wyk* NO 1921 EDL 298 303.

<sup>80</sup> *Erasmus v Afrikander Proprietary Mines* 1976 1 SA 950 (W) 959D-E.

<sup>81</sup> Van der Merwe 382; Olivier et al 46; *Sauerman & Another v Schultz* 1950 4 SA 455 O; *Milne NO v Abdoola* 1955 2 SA 187 N.

<sup>82</sup> Van der Merwe 384; Olivier et al 47.

<sup>83</sup> *Runciman v Schultz* 1923 TPD 45 51; *Segell v Telensky* 1933 TPD 76.

<sup>84</sup> Van der Merwe 384; Olivier et al 47.

<sup>85</sup> Van der Merwe 384; Olivier et al 50; *Scheferman v Davies* NO 1944 NPD 20; *Martin & Others v The Master* 1951 1 SA 252 T; *Robson v Theron* 1978 1 SA 841 A 855.

kontraktueel gereël word en 'n mede-eienaar kan wel vir 'n bepaalde tydperk gebind word.<sup>86</sup>

Alhoewel daar nie in die onderhawige geval aan die vereistes van *specificatio* of *confusio* voldoen word nie, blyk dit tog dat daar op beginselgronde gesag is dat die produsente in die onderhawige geval mede-eienaars van die verpoelde massa word. Die kenmerke van mede-eiendomsreg soos hierbo uiteengesit kan dus ook aan die poelverhouding gekoppel word. Daar blyk ook nie iets uit die bepaling van die statuut, soos hierbo bespreek, te blyk wat nie in ooreenstemming met sodanige gevolgtrekking is nie.

### 3.4 Gevolgtrekking

Dit is van deurslaggewende belang om die funksionele kenmerke van die verhouding tussen produsente en koöperasies vas te stel ten einde sodanige funksionele kenmerke teen die *essentialia* van bepaalde kontraksoorte te toets en tot 'n gevolgtrekking te kom onder welke spesifieke kontraksoort die bepaalde regsverhouding tuisgebring kan word. Dit sal dan, soos uit latere hoofstukke sal blyk, moontlik wees om 'n mening uit te spreek betreffende die eiesoortigheid al dan nie van die verhouding tussen koöperasies en produsente.

Die skrywer doen aan die hand dat daar na aanleiding van die bespreking in hierdie hoofstuk betreffende die feitelike en sakeregtelike grondslag van koöperatiewe poele tot die gevolgtrekking gekom kan word dat die poelverhouding tussen die koöperasie en die produsente as sodanig die volgende funksionele kenmerke het:

- Die produsente is ingevolge die statuut van die koöperasie verplig om hul produkte aan die koöperasie te lewer mits die koöperasie in staat is om daarmee te handel;
- Die koöperasie het 'n diskresie betreffende die wyse waarop hy met die produkte handel;

---

<sup>86</sup> *Ex Parte Geldenhuys* 1926 OPD 155.

- Die koöperasie het 'n diskresie of voorskotte betaal word of nie;
- Die koöperasie bepaal self die omvang van sy kommissie binne gestelde perke;
- Die koöperasie verhaal sy kostes ten opsigte van die produkte asook 'n kommissie van die totale opbrengs van die produkte alvorens die opbrengs aan produsente ooreenkomstig hul lewerings uitgekeer word;
- Die koöperasie handel in eie naam teenoor derdes met produkte wat verpoel word;
- Produsente word mede-eienaars van die nuutgevormde massa in verhouding tot hul oorspronklike lewerings; en
- Die koöperasie verkry nooit eiendomsreg oor die verpoelde produkte nie, tensy hy die produkte van produsente koop, alhoewel hulle beheer daarvoor verkry.

Hieronder volg 'n meer breedvoerige bespreking van elke funksionele kenmerk van die poelverhouding.

Die kenmerk dat die produsente verplig is om hulle produkte aan die koöperasie te lewer word afgelei van die bepalings van die statuut. Soos reeds gemeld bevat die statuut van 'n koöperasie gewoonlik 'n uitdruklike bepaling dat produsente hulle produkte aan die koöperasie moet lewer indien die koöperasie in staat is om daarmee te handel.

Die statuut van die koöperasie bepaal ook, soos reeds hierbo uiteengesit, dikwels dat die koöperasie 'n wye diskresie het betreffende die wyse waarop daar met verpoelde produkte gehandel kan word. Sodra produkte dus aan die koöperasie gelewer is en die koöperasie beheer daarvoor verkry het, het die produsent dus nie meer enige segenskap betreffende die wyse waarop produkte hanteer word nie.

'n Verdere kenmerk van die poelverhouding is dat die koöperasie self besluit of voorskotte betaal sal word of nie. Daar word aan die hand gedoen dat hierdie aspek volgens die statuut in die diskresie van die

koöperasie gelaat word omdat die hoeveelheid verkoopte produkte in die poel moontlik nie altyd na wense sal wees nie en die betaling van voorskotte die koöperasie uit 'n ekonomiese oogpunt sal benadeel sou daar nie voldoende voorskotbefondsing wees nie.

Die kommissie wat die koöperasie verdien met die hantering van produkte word ook deur die koöperasie self bepaal binne 'n gestelde perk. Daar word aan die hand gedoen dat hierdie aspek sowel as die feit dat die koöperasie self die omvang van voorskotte aan produsente bepaal daarop dui dat die eiendomsreg van die produkte nooit bedoel is om aan die koöperasie oor te gaan nie, maar by produsente te bly.

Die koöperasie se koste en kommissie ten opsigte van die hantering van produkte word van die totale opbrengs van die bemarking van produkte verhaal. Uit hierdie funksionele kenmerk blyk dit ook dat die koöperasie nie 'n wins vir homself met die verkoop van die verpoelde produkte maak nie, maar die wins aan produsente deurgee terwyl sy kostes en kommissie van sodanige wins verhaal word.

Die feit dat die koöperasie in eie naam met derdes ten opsigte van verpoelde produkte handel spruit logies voort uit die feitelike gevolge van verpoeling. As gevolg van verpoeling verloor die afsonderlike produkte hulle identiteit en word deel van die verpoelde massa. Daar kan gevolglik nie meer vasgestel word welke van die verpoelde produkte aan welke produsent behoort nie. Dit is gevolglik fisies onmoontlik vir die koöperasie om namens individuele produsente met produkte te handel. Alhoewel daar wel met derdes namens 'n groep poeldeelnemers gekontrakteer sou kon word, gebeur dit nie in die praktyk nie en word daar ook nie daarvoor in die statute voorsiening gemaak nie.

Die funksionele kenmerk dat die produsente mede-eienaars van die nuutgevormde massa word, word na die statuut herlei. In beide die geval waar wyn uit die verpoelde druiwe vervaardig word en waar verpoelde druiwe as sodanig van die hand gesit word, het die produsente

toegestem dat verpoeling plaasvind as gevolg van die feit dat die statuut dien as 'n ooreenkoms tussen hulle en die koöperasie. Na aanleiding van Van der Merwe se standpunt dat daar in sodanige gevalle mede-eiendomsreg vir die vorige eienaars ten opsigte van die nuutgevormde massa uit hoofde van toestemming ontstaan word die gevolgtrekking dus gemaak dat die produsente mede-eienaars word.

Die bogemelde funksionele kenmerk van die poelverhouding, soos hierbo uiteengesit, sal in die volgende hoofstukke aan die hand van bestaande kontraksoorte opgeweeg word ten einde vas te stel of die poelverhouding onder 'n bestaande kontraksoort tipeer kan word en of sodanige gevolge aan die betrokke kontraktuele verhouding toegesê kan word.

## **Hoofstuk 4**

### ***Algemene opmerkings betreffende die wesenskenmerke van die verhouding tussen die koöperasie en produsente***

#### **4.1 Inleiding**

In hierdie hoofstuk word bepaalde aspekte van die verhouding tussen produsente en die koöperasie uitgelig ten einde aan te dui welke kontraksoorte van meet af nie van toepassing sal wees nie en gevolglik nie in hierdie verhandeling oorweeg sal word nie.

Daar sal ook kortliks gelet word op die kwessie van of die poel 'n afsonderlike regsentiteit daarstel al dan nie en indien nie, of dit moontlik 'n vrywillige vereniging kan konstitueer. Daarna sal daar oorweeg word of die poelverhouding moontlik kan neerkom op 'n vennootskapsverhouding.

#### **4.2 Die poel as moontlike afsonderlike regsentiteit**

Ten einde vas te stel of die poel as 'n afsonderlike regsentiteit beskou kan word moet daar gelet word op die maniere waarvolgens regspersoonlikheid bekom kan word.

Volgens Cilliers en Benade<sup>87</sup> kan 'n vereniging van persone of 'n georganiseerde liggaam slegs op 'n paar wyses in ons reg regspersoonlikheid verkry. Daar is volgens Cilliers en Benade<sup>88</sup> hoofsaaklik drie maniere waarvolgens sodanige liggame regspersoonlikheid kan bekom naamlik deur 'n afsonderlike wet, 'n algemeen magtigende wet of deur gedrag.

Dit is uiteraard duidelik dat koöperatiewe poele nie deur 'n afsonderlike of algemeen magtigende wet regspersoonlikheid verkry nie. Daar word immers geen voorsiening in die Koöperasiewet 91 van 1981 gemaak vir afsonderlike regspersoonlikheid vir koöperatiewe poele nie.

---

<sup>87</sup> *Korporatiewe Reg 4*; Sien ook *LAWSA Vol 4 Companies* par 18.

<sup>88</sup> Op 4.

Soos reeds hierbo vermeld kan 'n georganiseerde liggaam ook regs persoonlikheid verkry deur hom as regs persoon te gedra met nakoming van sekere vereistes. Ingevolge artikel 30 van die Maatskappywet<sup>89</sup> mag 'n georganiseerde liggaam wat sake doen en die maak van wins as oogmerk het en uit meer as twintig lede bestaan alleen toegelaat of opgerig word deur registrasie ingevolge die Maatskappywet of 'n ander wet. Die bestaan van regs persoonlikheid kan ook uit die vereniging se handelswyse, sy aard, doelstellings en aktiwiteite afgelei word indien sodanige vereniging nie 'n winsoogmerk het nie.<sup>90</sup> Laasgemelde kan egter uiteraard nie die geval met betrekking tot poele wees nie aangesien die basiese grondslag van die poel winsbejag as oogmerk het.

Daar word aan die hand gedoen dat daar in die onderhawige geval nie sprake kan wees van afsonderlike regs persoonlikheid vir die koöperatiewe poel nie. Hierdie gevolgtrekking is gebaseer op die feit dat die bepalinge van die statuut van die koöperasie in die vooruitsig stel dat die poel as sodanig nie sake doen nie, maar wel die koöperasie. Daar kan dus nie gesê word dat daar enige bedoeling is dat die poel as afsonderlike entiteit moet funksioneer nie. Die poel blyk bloot 'n instrument te wees waarvolgens produkte saamgepoel word aan welke verhouding bepaalde kontraktuele elemente gekoppel word.

#### **4.3 Die poel as moontlike vrywillige vereniging**

Alvorens daar gesê kan word dat die verhouding tussen produsente en die koöperasie die van 'n vrywillige vereniging is moet die vereistes vir die bestaan van 'n vrywillige vereniging teenwoordig wees en moet daar 'n kenbare bedoeling wees om sodanige vereniging tot stand te bring.

---

<sup>89</sup> 61 van 1973.

<sup>90</sup> *Morrison van Standard Building Society* 1932 AD 229; *Moloi v St John Apostolic Faith Mission* 1954 3 SA 940 (T).



Hierdie twee elemente word hieronder hanteer ten einde vas te stel of die verhouding as vrywillige vereniging tipeer kan word.

#### 4.3.1 Vereistes vir die bestaan van 'n vrywillige vereniging

Bamford<sup>91</sup>, met verwysing na die beslissing van *In Re Cape of Good Hope Permanent Building Society*<sup>92</sup> omskryf 'n vrywillige vereniging as volg:

*“ a legal relationship which arises from an agreement among three or more persons to achieve a common object, primarily other than the making and division of profits.”*

Volgens Bamford<sup>93</sup> verwys die term 'vereniging' na (i) die persone waaruit die liggaam van lede bestaan, (ii) die ooreenkoms ingevolge waarvan hulle met mekaar assosieer, gewoonlik 'n konstitusie en (iii) die regsverhouding voortspruitend uit die ooreenkoms.

Bamford<sup>94</sup> wys daarop dat 'n ooreenkoms in die sin van 'n aanbod en aanvaarding en die bedoeling om te assosieer noodsaaklik is<sup>95</sup>, maar 'n konstitusie in die gewone sin van die woord is nie.<sup>96</sup>

Die essensiële kenmerke van 'n verhouding voortspruitend uit sodanige ooreenkoms word goed uiteengesit in 'n analise van 'n Skotse beslissing

---

<sup>91</sup> *The Law of Partnerships and Voluntary Associations* 117.

<sup>92</sup> 1898 15 SC 323 op 336.

<sup>93</sup> Op 117.

<sup>94</sup> Ibid.

<sup>95</sup> *Valkin & Another v Daggafontein Mines Ltd & others* 1960 2 SA 507 (W) op 512; *Hurley NO v Group Areas Development Board* 1960 3 SA 435 (N) at 439.

<sup>96</sup> *Ex Parte Doornfontein; Judiths Paarl Ratepayers' Association* 1947 1 SA 476 (T); *CIR v Witwatersrand Association of Racing Clubs* 1960 3 SA 291 (AD).

betreffende 'n fonds waarvolgens werknemers en werkgewers bygedra het.<sup>97</sup>

*"...the fundamental and essential characteristic of...associations...is that they are bodies constituted by some species of the contract of 'society' and founded on the contractual obligations thus undertaken by the members ...inter se... . An ordinary friendly society would provide a good example. But the Caledonian Employees' Benefit Society is not an ordinary friendly society... . The so-called 'society' is, in short, nothing more than a benefit scheme set up by the company for those of its employees who are engaged in manual labour, membership of which scheme by all such employees is a condition of their being employed at all."*

Volgens Bamford<sup>98</sup> moet ander regsverhoudings onderskei word van die van 'n vrywillige vereniging. 'n Trust is volgens Bamford onderskeibaar van 'n vrywillige vereniging aangesien daar in die geval van 'n trust geen element van wedersydse assosiasie tussen deelnemers is nie en 'n trust niks meer as 'n som van bates en laste is nie.<sup>99</sup> Tweedens, persone kan 'n fonds of instelling oprig en befonds, die sogenaamde 'Stigting'<sup>100</sup>, wat wel lede sal hê, maar wat bates in sodanige Stigting gevestig sal hê. Dit sal waarskynlik ook afsonderlike regspersoonlikheid hê. Volgens Bamford<sup>101</sup> sal sodanige verhouding, ten spyte van die feit dat die lede as administrateurs en verteenwoordigers optree, nie 'n vrywillige vereniging daarstel nie aangesien die besonderse kontraktuele regte en verpligtinge nie teenwoordig is nie.<sup>102</sup>

---

<sup>97</sup> *In Re Caledonian Employees' Benefit Society* 1928 SLT 412 op 633 soos na verwys deur Bamford op 117.

<sup>98</sup> Op 118.

<sup>99</sup> Sien ook *Goodricke & Son (Pty) Ltd v Registrar of Deeds Natal* 1974 1 404 (N) op 408.

<sup>100</sup> Volgens De Waal et al *Honore's South African Law of Trusts* 62 is die gesag vir die bestaan van die Stigting in die Suid-Afrikaanse reg nie oortuigend nie en bly die bestaan al dan nie van hierdie verskynsel in die Suid-Afrikaanse reg onseker.

<sup>101</sup> Op 118.

<sup>102</sup> Sien ook *Committee of the Johannesburg Public Library v Spence* (1898) 5 OR 84 op 87; *Ehrlich v Rand Cold Storage and Supply Co Ltd* 1911 TPD 170; *Bell's Trust v CIR* 1948 3 SA 480 (A); *Ex Parte Myers NO* 1948 3 SA 966 (W); *Ex parte Milton NO* 1959 3 SA 347 (SR); *Smith's Est v CIR* 1960 3 SA 375 (A).

Die vrywillige vereniging moet volgens Bamford<sup>103</sup> ook onderskei word van 'n situasie waar persone 'n handelsvereniging stig sonder om in die korporatiewe sin te assosieer.<sup>104</sup>

Indien daar geen ware bedoeling is om te assosieer nie, sal die howe nie die gevolge wat gewoonlik aan 'n vrywillige vereniging gekoppel word aan die bepaalde verskynsel koppel nie.<sup>105</sup>

Volgens Bamford<sup>106</sup> is pluraliteit ('n veelvoud van lede) 'n karaktereienskap van 'n vrywillige vereniging en is dit moeilik of selfs onmoontlik om 'n vrywillige vereniging in die vooruitsig te stel waar net twee persone betrokke is.<sup>107</sup> Volgens Bamford sal in sodanige gevalle die regte en verpligtinge van die partye waarskynlik altyd op een of ander ander kontraktuele verhouding dui.

Bamford<sup>108</sup> wys daarop dat die kenmerk van 'n vrywillige vereniging, naamlik dat die lede daarop uit is om 'n gemeenskaplike oogmerk te bereik, die vrywillige vereniging onderskei van 'n sosiale klub asook van 'n sogenaamde 'proprietary club'. 'n 'Proprietary club' is volgens Bamford 'n klub waarvan 'n enkele persoon die eienaar van die klubeiendom is. Lidmaatskap van die klub word verseker deur die betaling van 'n lidmaatskapfooi aan die eienaar van die klub bates. Die klub self, of die lede, word nie gebind deur regshandelinge uit die klub nie, maar slegs die eienaar van die klubbates. Volgens Bamford is 'n klub van hierdie soort nie 'n vrywillige vereniging nie aangesien dit hoofsaaklik in die geval van die 'proprietary club' gaan om die regte en verpligtinge van die lede teenoor die klub eienaar en nie *inter se* nie.

---

<sup>103</sup> Op 118.

<sup>104</sup> Sien *Henri Viljoen (Pty) Ltd v Awerbruch Brothers* 1953 2 SA 151 (O).

<sup>105</sup> Bamford 118; *S v Polatasi* 1975 1 PH H32 (K).

<sup>106</sup> Op 118.

<sup>107</sup> Sien *Woolridge & Co v Colonial Government* (1905) 26 NLR 73 op 78.

<sup>108</sup> Op 119.

Volgens Bamford is die afwesigheid van 'n winsoogmerk die kenmerk wat die vrywillige vereniging van die vennootskap onderskei. In verband met 'n bouvereniging is die volgende gesê:<sup>109</sup>

*“The profits are made from the members themselves and not from outside persons. How then can it be a partnership?...A subscription by two or more persons towards a common object does not constitute them partners, unless that object be, in whole or in part, the making of profit between the subscribers. The objects of a building society is to make advances to members on security of land, and the object of the advanced members, at all events, is to obtain such advances. As to the unadvanced, they no doubt contemplate a profit from the interest paid by the advanced members, but it is difficult to hold that this fact alone constitutes them partners.”*

Bamford<sup>110</sup> wys egter daarop dat die feit dat 'n vrywillige vereniging winste maak nie sy aard as vrywillige vereniging vernietig indien sodanige winste bloot insidenteel aan sy hoofdoelstellings is nie.<sup>111</sup> Dit blyk dat daar geimpliseer word dat winste net nie doelmatig nagestreef moet word nie.

#### 4.3.2 *Gevolgtrekking ten aansien van die bestaan van 'n vrywillige vereniging*

Die skrywer doen aan die hand dat daar na aanleiding van bogemelde bespreking betreffende die vereistes vir die bestaan van die vrywillige vereniging tot die gevolgtrekking gekom kan word dat koöperatiewe poele nie as 'n vrywillige vereniging te beskerm is nie.

Alhoewel daar wel in die geval van koöperatiewe poele 'n ooreenkoms tussen meer as twee persone is met dieselfde oogmerk, is daardie oogmerk in wese om uiteindelik 'n wins te maak en sal die oogmerk van die poel as sodanig teweeg bring dat daar nie met oortuiging geargumenteer kan word dat die poel 'n vrywillige vereniging is nie.

---

<sup>109</sup> *In re Cape of Good Hope Permanent Building Society* (1898) 15 SC 323 op 332, 336.

<sup>110</sup> Op 119.

<sup>111</sup> *Carlisle & Silloth Golf Club v Smith* 1913 3 KB 75.

#### 4.4 Die poel as moontlike vennootskapsverhouding

Alvorens daar gesê kan word dat die verhouding tussen produsente en die koöperasie die van 'n vennootskap is, moet die *essentialia* van die vennootskapsooreenkoms teenwoordig wees en moet daar 'n kenbare bedoeling wees om 'n vennootskapsverhouding tot stand te bring. Hierdie twee elemente word hieronder afsonderlik hanteer ten einde vas te stel of die verhouding as 'n vennootskapsverhouding tipeer kan word.

##### 4.4.1 *Essentialia*

In die beslissing *Joubert v Tarry & Co*<sup>112</sup> is die *essentialia* van die vennootskapsooreenkoms as volg saamgevat:

*“First that each of the partners brings something into the partnership, or binds himself to bring something into it, whether it be money, or his labour or skill. The second essential is that the business should be carried on for the joint benefit of both parties. The third is that the object should be to make profit. Finally the contract between the parties should be a legitimate contract...”*

Indien al hierdie kenmerke teenwoordig is en daar nie enige ander aanduiding tot die teendeel is wat aandui dat die betrokke verhouding nie 'n vennootskapsooreenkoms is nie, sal dit as sodanig beskou word.<sup>113</sup>

'n Vennootskap is ook al omskryf<sup>114</sup> as 'n:

*“a legal relationship arising from an agreement between two or more persons not exceeding twenty each to contribute to an enterprise with the object of making a profit and to divide such profits.”*

---

<sup>112</sup> 1915 TPD 277.

<sup>113</sup> LAWSA Vol 19 *Partnership* par 269; De Wet & Yeats *Kontraktereg* 383; *Williams Partnership Law* 9; *Bester v Van Niekerk* 1960 2 SA 779 (A); *Katz v Katz* 1989 3 SA 1 (A); *Pezutto v Dreyer* 1992 3 SA 379 (A).

<sup>114</sup> Bamford 1.

In die meer onlangse beslissing van *Pezutto v Dreyer*<sup>115</sup> is die volgende betreffende 'n vennootskapsooreenkoms gesê:

*"Our Courts have accepted Pothier's formulation of such essentialia as a correct statement of the law. The three essentials are (1) that each of the partners bring something into the partnership, whether it be money, labour or skill; (2) that the business should be carried on for the joint benefit of the parties; and (3) that the object should be to make a profit (Pothier A Treatise on the Contract of Partnership (Tudor's Translation) 1.3.8). A fourth requirement mentioned by Pothier is that the contract should be a legitimate one. However, as has been pointed out previously, this requirement is one common to all contracts and is therefore not a particular essential of a partnership (Bester v Van Niekerk [1960 2 SA 779 (A) at 784A-B]). Where Pothier's four requirements are found to be present the Court will find a partnership established 'unless such a conclusion is negated by a contrary intention disclosed on a correct construction of the agreement between the parties' (Purdon v Muller (1961 (2) SA 211 (A)) at 218E-F)."*

Ingevolge bogemelde omskrywing van die *essentialia* van die vennootskapsooreenkoms moet elke vennoot iets tot die vennootskap bydra. So 'n bydrae omvat enigiets ongeag of dit tasbare of ontasbaar is en die bydrae hoef nie in *specie* te wees nie solank dit net 'n geldwaarde het.<sup>116</sup> Alhoewel dit blyk dat die meeste skrywers van mening is dat 'n bydrae 'n geldwaarde moet hê alvorens dit 'n vennootskapsbydrae kan wees, blyk daar ook 'n standpunt tot die teendeel te wees. Bamford<sup>117</sup> is van mening dat 'n bydrae nie 'n geldwaarde hoef te hê nie, en dat 'n ooreenkoms om in die verliese te deel voldoende is om 'n vennootskapsbydrae daar te stel. Hy verwys in hierdie verband na *B v Commissioner of Taxes*.<sup>118</sup> Die skrywer doen egter aan die hand dat hierdie siening met omsigtigheid benader moet word. Dit is duidelik dat die oorwig van gesag, waarna hierbo verwys, daarop dui dat 'n vennootskapsbydra wel 'n bepaalbare geldwaarde moet dra. Daar is al

---

<sup>115</sup> 1992 3 SA 379 (A) 390.

<sup>116</sup> LAWSA Vol 19 par 270; De Wet & Yeats 385; Williams 5.

<sup>117</sup> Op 3.

<sup>118</sup> 1958 (1) PH T4 (SR).

beslis dat 'n waarborg, asook die vermoë om goedere aan die vennootskap teen kosprys te verkoop voldoende is om 'n vennootskapsbydrae te wees.<sup>119</sup> Die vennootskapsbydraes van die onderskeie vennote moet onderhewig wees aan die risiko's van die vennootskapsbesigheid. Indien 'n persoon byvoorbeeld geregtig is op 'n opbrengs op sy bydrae ongeag die stand van die vennootskapsbesigheid, is hy nie 'n vennoot nie.<sup>120</sup> Dit blyk dat daar wel in die geval van die poelverhouding sprake is van hierdie kenmerk van die vennootskapsverhouding aangesien al die produsente as poeldeelnemers produkte bydra en die koöperasie die arbeid (die bemarking van produkte).

Die besigheid van die vennootskap moet vir die gemeenskaplike voordeel van al die vennote bedryf word. Dit blyk dat hierdie kenmerk in werklikheid uit twee elemente bestaan.<sup>121</sup>

Die eerste element is dat die besigheid gemeenskaplik bedryf moet word. Hierdie aspek hou by implikasie in dat 'n vennoot nie in sy hoedanigheid as vennoot sal kan handel sonder die medewete en toestemming van die ander vennote nie. Ons howe het al beslis dat daar nie 'n vennootskap is waar 'n vennoot onbeperk met sy deel van die vennootskapsbesigheid mag handel nie.<sup>122</sup> Die bedryf van die gemeenskaplike besigheid as sodanig hou ook in dat elke vennoot as prinsipaal handel en nie byvoorbeeld as agent of werknemer nie.<sup>123</sup> Op die oog af lyk hierdie aspek problematies in die geval van poele. Die produsente handel nooit met buitestaanders nie en dit is slegs die

---

<sup>119</sup> Bamford 3; *Laughton v Griffin & others* 1893 14 NLR 84; *Morewear Industries Ltd v Industrial Exporters Ltd* 1954 4 SA 213 (SR).

<sup>120</sup> LAWSA Vol 19 par 270; Williams 6; *S v Perth Dry Cleaners & Launderers (Pty) Ltd* 1964 1 SA 134 (T).

<sup>121</sup> LAWSA Vol 19 par 270; Williams 6; De Wet & Van Wyk *Kontraktereg* maak egter nie hierdie onderskeid nie.

<sup>122</sup> Williams 6; *Oblowitz v Oblowitz* 1953 4 SA 426 (K) 433.

<sup>123</sup> LAWSA Vol 19 par 270.

koöperasie wat met buitestaanders handel. Die skrywer is egter van mening dat laasgemelde nie noodwendig deurslaggewend is nie aangesien vennote nie altyd in gelyke mate deelneem aan die bestuur van die vennootskapsbesigheid nie.<sup>124</sup> 'n Vennootskap kan dus steeds bestaan indien bepaalde take aan 'n vennoot opgedra word en die ander vennote bloot bates bydra. Die skrywer doen aan die hand dat voorgemelde egter in die lig van ander faktore aanduidend kan wees dat die partye nie werklik bedoel het om 'n vennootskapsverhouding tot stand te bring nie.

Die tweede element, naamlik dat die besigheid vir die voordeel van al die vennote bedryf moet word, hou in dat 'n situasie waar elke vennoot 'n individuele voordeel uit die verhouding kan bekom, nie bestaanbaar is met 'n vennootskapsooreenkoms nie.<sup>125</sup> Waar daar ook 'n voordeel slegs vir een persoon uit die verhouding ontstaan kan daar ook nie sprake wees van 'n vennootskapsooreenkoms nie.<sup>126</sup> Hierdie element blyk ook aan voldoen te word in die geval van poelooreenkomste aangesien produsente slegs geregtig is op 'n *pro rata* gedeelte van die poelopbrengs. Beide produsente en die koöperasie trek ook voordeel uit die betrokke verhouding.

Ten einde 'n vennootskapsverhouding te wees moet die betrokke ooreenkoms tussen die partye ook gesluit word met die doel om winste te maak.<sup>127</sup> Die betrokke besigheid moet in staat wees om winste te maak, maar dit is nie nodig dat winste werklik volg nie. Spekulatiewe transaksies kan dus ook deur middel van 'n vennootskap aangepak word.<sup>128</sup> Hierdie element is duidelik teenwoordig in die geval van die verhouding tussen die koöperasie en produsente aangesien dit juis die

---

<sup>124</sup> Ibid.

<sup>125</sup> Williams 6; *Novick v Benjamin* 1972 2 SA 842 (A) 851; *R v Milne & Erleigh* 1951 1 SA 791 (A) 831.

<sup>126</sup> LAWSA Vol 19 par 270; Williams 6.

<sup>127</sup> LAWSA Vol 19 par 270; De Wet & Yeats 387.

<sup>128</sup> *Armstrong v Wallwork* 1913 CPD 978.



grondslag is waarop produsente produkte aan die koöperasie beskikbaar stel.

Die skrywer doen aan die hand dat daar na aanleiding van voorgemelde bespreking tot die gevolgtrekking gekom kan word dat daar wel in die onderhawige geval aan die *essentialia* van die vennootskapsooreenkoms voldoen word. Daar moet dus derhalwe nou oorweeg word of daar in die onderhawige geval aanduidings is dat daar moontlik nie 'n kenbare bedoeling is om 'n vennootskapsooreenkoms tot stand te bring nie.

#### 4.4.2 *Bedoeling*

Aangesien die *essentialia* van die vennootskapsooreenkoms teenwoordig is, is daar *prima facie* bewys van die bestaan van 'n vennootskapsooreenkoms. Daar moet dus nou vasgestel word of daar 'n bedoeling tot die teendeel is.<sup>129</sup>

In die onderhawige geval blyk dit dat al die elemente van die vennootskapsooreenkoms teenwoordig is en dat daar dus *prima facie* bewys van 'n bedoeling om 'n vennootskap te skep is.

Die skrywer doen egter aan die hand dat daar nie in die onderhawige geval 'n bedoeling kan wees om 'n vennootskapsverhouding tot stand te bring nie. Elke keer wanneer 'n produsent lid word van die koöperasie of produkte verpoel stem hy toe tot die bepalings van die statuut en ook die vereniging van die produkte. Daar word altyd met die koöperasie gekommunikeer en die verpoeling van produkte vind ingevolge die bepalings van die statuut plaas. Een produsent weet byvoorbeeld nie eens wie die ander persone is met wie hy sy produkte in die poel laat verenig nie. Daar word verder aan die hand gedoen dat die koöperasie en elke individuele produsent ook nie as vennote beskou kan word nie.

---

<sup>129</sup> LAWSA Vol 19 par 272; Williams 9; *Deary v Deputy Commissioner of Inland Revenue* 1920 CPD 541 547; *De Villiers v Smith* 1930 CPD 219 221.

aangesien die toestemming tot verpoeling van produkte daarop dui dat hier met 'n kollektiewe kontraktuele verhouding gewerk word eerder as 'n veelvoud van individuele kontrakte tussen produsente en die koöperasie.

Daar word aan die hand gedoen dat aangesien die produsente altyd met die koöperasie kontrakteer en daar geen kommunikasie tussen die produsente onderling is nie, daar nie juis sprake kan wees van die bestaan van 'n bedoeling om 'n vennootskap tot stand te bring nie.

Ingevolge die poelverhouding weet die produsente nie eens wat die koöperasie met verpoelde produkte gaan doen nie. Indien voorgemelde in die konteks van die praktiese verhouding tussen die partye beskou word, naamlik dat die produsente nooit by die bemerking van produkte betrokke is nie en buitestaanders nie eens van die produsente bewus is nie, blyk dit nog verder ondersteunend te wees van die siening dat daar nie in die onderhawige geval 'n bedoeling is om 'n vennootskapsverhouding te skep nie.

#### **4.5 *Gevolgtrekking***

Uit bogemelde bespreking blyk dit dus dat die poelverhouding nie 'n afsonderlike regsentiteit daarstel nie aangesien dit nie uit hoofde van enige van die gestelde bronne regs persoonlikheid kan bekom nie.

Die poelverhouding blyk ook nie 'n vennootskapsverhouding skyn te wees nie aangesien daar waarskynlik nie sodanige bedoeling is nie.

In die hieropvolgende hoofstukke sal die wesenskenmerke van die poelverhouding opgeweeg word teen die *essentialia* van 'n aantal regsverskynsels waaronder die van verteenwoordiging, die "undisclosed principal" en die lasgewingsooreenkoms.

## **Hoofstuk 5**

### ***Die vergelyking van die funksionele kenmerke van die poelverhouding met die regsverskynsel van verteenwoordiging***

#### **5.1 Inleiding**

Die vereistes van verteenwoordiging, soos dit in ons reg aanvaar word, sal in hierdie hoofstuk met die funksionele kenmerke van die poelverhouding vergelyk word. Ten einde 'n sinvolle vergelyking te kan tref, sal die vereistes vir die bestaan van verteenwoordiging egter eers in besonder bespreek word waarna sodanige vereistes dan teen die funksionele kenmerke van die poelverhouding opgeweeg sal word.

In die voorafgaande paragraaf word daar om 'n bepaalde rede na die vereistes van verteenwoordiging eerder as na die *essentialia* daarvan verwys. Soos later duidelik sal blyk, gaan dit in die geval van verteenwoordiging eerder om 'n regsinstelling waarvolgens 'n persoon, anders as die persoon vir wie die regte en verpligtinge ontstaan, namens laasgenoemde sodanige regte en verpligtinge beding. Verteenwoordiging slaan dus op die situasie waar een persoon by magte is om namens 'n ander op te tree by die sluiting van 'n regshandeling.<sup>130</sup> Hieruit blyk dit dat verteenwoordiging opsigself nie 'n bepaalde kontrakstipe verteenwoordig nie, maar eerder 'n regsinstelling of verskynsel is ingevolge waarvan 'n persoon namens 'n ander optree by die aangaan van 'n regshandeling.

Die oorsprong van die bevoegdheid om namens 'n ander by die sluiting van 'n regshandeling op te tree kan onder andere 'n wet, die gemenerereg, eensydige magtiging of 'n ooreenkoms wees. Die ooreenkoms wat moontlik die grondslag van verteenwoordiging in 'n bepaalde geval vorm, kan byvoorbeeld 'n lasgewingsooreenkoms of vennootskapsooreenkoms wees.

---

<sup>130</sup> Sien paragraaf 6.2.1 hieronder vir 'n volledige bespreking.

In hierdie verband kan daar na die betekenis van die term 'agentskap' ("agency") verwys word. De Wet<sup>131</sup> doen aan die hand dat hierdie term nie 'n regsterm is nie en gevolglik nie na 'n spesifieke instelling van ons reg verwys nie.<sup>132</sup>

Een van die betekenisse wat dikwels aan die term 'agentskap' verleen word is 'n bepaalde ooreenkoms ingevolge waarvan die 'agent' bepaalde take in verband met die aangaan van juridiese handeling vir die prinsipaal sal verrig.<sup>133</sup> In hierdie geval sal 'agentskap' dus verwys na 'n ooreenkoms waardeur die prinsipaal en 'agent' onderling regte en verpligtinge sal skep. As sodanig sal die betrokke ooreenkoms tot die kontrakstipe wat as *mandatum* bekend staan in die Romeins-Hollandse Reg, behoort.<sup>134</sup>

'Agentskap' word ook dikwels as sinoniem vir die begrip verteenwoordiging gebruik.<sup>135</sup>

'Agentskap' word ook dikwels gebruik om beide na die onderliggende ooreenkoms tussen die prinsipaal en die 'agent' asook die handeling wat voortspruit uit die instelling van verteenwoordiging te verwys asof hierdie twee aspekte onlosmaaklik deel is van dieselfde juridiese konsep.<sup>136</sup> De Wet<sup>137</sup> doen aan die hand dat hierdie benadering poog om twee geheel en al afsonderlike juridiese konsepte te vervleg en die onderskeid tussen die agentskapsoreenkoms en volmag versteur. Volmag is volgens De Wet 'n juridiese handeling wat hoegenaamd nie afhanklik is van die bestaan van 'n agentskapsoreenkoms nie.<sup>138</sup> Of De Wet korrek is in die

---

<sup>131</sup> LAWSA Vol 1 *Agency and Representation* par 100.

<sup>132</sup> Sien ook *Truter, Crous, Wiggil & Vos v Udwin* 1981 4 SA 68 (T) in hierdie verband.

<sup>133</sup> LAWSA Vol 1 par 100.

<sup>134</sup> LAWSA Vol 1 par 100; *Totalisator Agency Board, OFS v Livanos* 1987 3 SA 283 (W) 291-294.

<sup>135</sup> *Joel Melamed and Hurwitz v Cleveland Estates (Pty) Ltd, Joel Melamed and Hurwitz v Vorner Investments (Pty) Ltd* 1984 3 SA 155 (A) 166C-D.

<sup>136</sup> LAWSA Vol 1 par 100.

<sup>137</sup> *Ibid.*

<sup>138</sup> *Ibid.*

opvatting dat volmagsverlening as juridiese handeling tipeer kan word is egter te betwyfel. Volmag is eerder die bevoegheid wat aan 'n persoon, die verteenwoordiger, uit hoofde van 'n bepaalde ooreenkoms verleen word om sekere handeling ten behoeve van 'n prinsipaal teenoor 'n derde te verrig.<sup>139</sup>

Voorgemelde bespreking dui daarop dat daar taamlik verwarring bestaan betreffende die gebruik van die term 'agentskap' of 'agency'. Wat egter ook duidelik is uit hierdie bespreking, is dat daar definitief in die geval van die instelling van verteenwoordiging 'n onderskeid te tref is tussen drie aspekte. Daar kan naamlik onderskei word tussen (i) die oorsprong van die bevoegdheid om namens 'n ander op te tree by die sluiting van 'n regshandeling, (ii) die bevoegdheid self en (iii) die uitoefening van die bevoegdheid.<sup>140</sup>

Die belang en dus uiteindelijke doel van hierdie hoofstuk sal gevolglik wees om eerstens vas te stel of daar wel sprake is van die bestaan van verteenwoordiging en uiteindelik of sodanige verteenwoordigingsverhouding (indien enige) herlei kan word tot 'n bepaalde kontrakstipe.

## **5.2 Vereistes van die regsverskynsel verteenwoordiging**

Direkte verteenwoordiging is optrede namens 'n ander by die aangaan van 'n regshandeling.<sup>141</sup> Die wilsuiting is die van die verteenwoordiger maar die regsgevolge van sodanige wilsuiting word aan die verteenwoordigde of prinsipaal toegesê. Die verteenwoordiger skeep dus

---

<sup>139</sup> Van Jaarsveld *et al Handelsreg* 186.

<sup>140</sup> Alhoewel dit nie deur enige skrywer pertinent gestel word nie, kan hierdie onderskeid afgelei word uit die bespreking van die verskynsel van verteenwoordiger deur De Wet en Van Wyk, 96 ev.

<sup>141</sup> De Wet en Van Wyk 96; *LAWSA* Vol 1 par 101; Van der Merwe *et al* 176.

nie vir homself regte en verpligtinge nie, maar vir sy prinsipaal of te wel die verteenwoordigde.<sup>142</sup>

Verteenwoordiging in die direkte of ware sin van die woord moet onderskei word van sogenaamde indirekte verteenwoordiging. Die Romeinse reg het nie direkte verteenwoordiging soos dit vandag aangetref word, geken nie. In die Romeinse regsisteem, met moontlik die uitsondering van die Justiniaanse tydperk, het 'n verteenwoordiger self nooit ongebonde uit 'n transaksie wat hy namens iemand anders verrig het, getree nie.<sup>143</sup> Enkele gevalle is egter te vinde wat soms voorgehou word as voorbeelde van direkte verteenwoordiging, maar selfs in hierdie gevalle kan nie onomwonde verklaar word dat onmiddellike aanspreeklikheid die resultaat van die verteenwoordiger se optrede was nie.<sup>144</sup>

In die Hollandse reg van die sewentiende en latere eeue was die figuur van direkte verteenwoordiging in omstredenheid gehul.<sup>145</sup> Alhoewel sodanige verteenwoordiging blykbaar aan De Groot onbekend was en skrywers soos Huber, Van der Keessel en Van der Linden skepties daarteenoor gestaan het, is die mening egter uitgespreek dat direkte verteenwoordiging in die agtiende eeu ten volle erken is deur die gesaghebbende skrywers.<sup>146</sup>

Dit blyk dat die toepassing van die verskynsel van direkte verteenwoordiging in die Suid-Afrikaanse reg sterk deur die Engelse reg beïnvloed is. Verskeie Engelsregtelike reëlins toon baie ooreenstemming met reëlins van die Romeins-Hollandse reg en hierdie

---

<sup>142</sup> De Wet en Van Wyk 96; *LAWSA* Vol 1 par 101 ev; Van der Merwe et al 176; *S.W.A Amalgameerde Afslaaers (Eiendoms) Bpk v Louw* 1956 1 SA 346 (A); *Terblanche v Notnagel* 1975 4 SA 405 (K); *Totalisator Agency Board OFS v Livanos* 1987 3 SA 283 (W).

<sup>143</sup> Van Jaarsveld *et al* 177.

<sup>144</sup> Van Jaarsveld *et al* 178.

<sup>145</sup> *Ibid.*

<sup>146</sup> Van Jaarsveld *et al* 178; Van der Horst '*Undisclosed Principal*' 48 ev.

feit het grootliks bygedra tot die verskynsel dat indien laasgenoemde stelsel nie 'n reëlins ten aansien van 'n bepaalde aangeleentheid besit het nie, toevlug onverbloemd tot die Engelse reg geneem is.<sup>147</sup>

Verteenwoordiging is direk omdat die prinsipaal direk verbind word aan die regsgevolge van die handeling wat namens hom deur die verteenwoordiger aangegaan word.<sup>148</sup> Anders gestel, slaan direkte verteenwoordiging op die geval waar een persoon, die verteenwoordiger, namens 'n ander persoon, die prinsipaal, met 'n derde 'n ooreenkoms sluit, sodat regsbande direk tussen prinsipaal en die derde ontstaan terwyl die verteenwoordiger self geen regte of verpligtinge uit die ooreenkoms ontleen nie.

In die geval van indirekte verteenwoordiging daarenteen, verrig die verteenwoordiger 'n regshandeling in belang van iemand anders maar hy handel in sy eie naam. Waar iemand in opdrag van 'n ander met 'n derde 'n ooreenkoms sluit, maar in sy eie naam handel, met die bedoeling om 'n regsband tussen homself en die derde te vestig en later aan sy opdraggewer rekenskap gee, word daar dikwels van indirekte verteenwoordiging gepraat. Volgens Van der Horst<sup>149</sup> dien die term indirekte verteenwoordiging om die situasie van direkte verteenwoordiging soos hierbo uiteengesit te onderskei. Van der Horst wys daarop dat indirekte verteenwoordiging bloot op die geval slaan waar een persoon by die sluiting van 'n ooreenkoms 'n ander se belange behartig sonder om daardie ander persoon te verteenwoordig. Die gevolge van die handeling ontstaan vir hom, maar ingevolge 'n voorafgaande ooreenkoms kan hy verplig wees om enige voordeel

---

<sup>147</sup> Van Jaarsveld *et al* 178; Daar is egter uit verskeie oorde geprotesteer teen die klakkelose oornome van Engelsregtelike beginsels en die feit dat suiwer gemeenregtelike beginsels in die proses verdring is – Sien *Pearl Insurance v Union Government* 1934 AD 563; *Regal v African Superslate* 1963 1 SA 102 (A) en *Trustbank v Eksteen* 1964 3 SA 402 (A) 411.

<sup>148</sup> De Wet en Van Wyk 97; Van der Merwe *et al* 179; De Villiers and Macintosh *The Law of Agency in South Africa* 1; *Blower v Van Noorden* 1909 TS 890 op 899.

<sup>149</sup> Op 4.

sodanig beding, aan 'n ander persoon oor te dra, deur byvoorbeeld 'n sessie van regte. Alhoewel dit optrede in die belang van iemand anders is, is dit nie verteenwoordiging nie.<sup>150</sup> Dit is volgens Van der Horst<sup>151</sup> ook geen besondere regsinstelling nie.

Die vereistes vir die bestaan van verteenwoordiging word hieronder breedvoerig bespreek.

Ten einde deur wilsuiking regsgevolge vir die prinsipaal te skep moet die verteenwoordiger die kenbare bedoeling hê dat die regsgevolge vir die prinsipaal moet intree en die derdes, met wie die verteenwoordiger namens die prinsipaal gekontrakteer het, moet ook bedoel dat 'n regsverhouding tussen gemelde derdes en die prinsipaal tot stand moet kom.<sup>152</sup>

Die verteenwoordiger moet aan die ander kontraktant openbaar dat hy namens die prinsipaal optree.<sup>153</sup> Dit is egter nie nodig vir die verteenwoordiger om sy prinsipaal by naam te noem nie.<sup>154</sup>

Alhoewel daar volgens De Wet en Van Wyk<sup>155</sup> nie 'n vereiste is dat die persoon uitdruklik moet stel dat hy namens 'n spesifieke prinsipaal handel nie, maar daar bloot 'n duidelike bedoeling by sodanige persoon moet wees om as verteenwoordiger op te tree, sal daar nie sprake van verteenwoordiging wees indien 'n persoon in sy eie naam handel nie. Hierdie standpunt volg logies uit die vereiste van verteenwoordiging dat die verteenwoordiger aan die derde moet openbaar maak dat hy namens

---

<sup>150</sup> De Wet en Van Wyk 97; Van der Merwe et al 179.

<sup>151</sup> Op 4.

<sup>152</sup> De Wet en Van Wyk 96; *LAWSA* Vol 1 par 101 ev; *Nordis Construction Co. (Pty) Ltd. v Theron, Burke and Isaac* 1972 2 SA 535 (D); *Golden West Flooring & Waterproofing (Edms) Bpk v Franck* 1972 4 SA 144 (T).

<sup>153</sup> De Wet & Van Wyk 100; Van der Merwe et al 179; *LAWSA* Vol 1 par 111.

<sup>154</sup> *LAWSA* Vol 1 par 111; De Wet en Van Wyk 100; Van der Merwe et al 179; *Edelsohn v Glenfields (Pty) Ltd* 1955 2 SA 527 (E).

<sup>155</sup> Op 96 ev; Sien ook *LAWSA* Vol 1 par 108.



'n prinsipaal optree.<sup>156</sup> Hierdie vereiste sal later in meer besonderhede bespreek word.

Die kwessie van wilsooreenstemming by die totstandkoming van 'n ooreenkoms deur verteenwoordiging het in die verlede tot groot verwarring en onsekerheid aanleiding gegee. In die geval van verteenwoordiging vorm wilsooreenstemming ook die grondslag van kontraktuele aanspreeklikheid tussen kontrakspartye. Die vraag kom hier ter sprake tussen welke partye tot 'n kontrak die wilsooreenstemming by sluiting van die ooreenkoms moet bestaan.<sup>157</sup> Oor hierdie aspek blyk daar weining eenstemmigheid te bestaan en blyk daar hoofsaaklik twee standpunte te geld.

Volgens die een standpunt word verklaar dat indien 'n verteenwoordiger namens sy prinsipaal 'n kontrak met 'n derde sluit, daar nie wilsooreenstemming tussen eersgenoemde en die derde bestaan nie maar wel tussen die prinsipaal en die derde aangesien die verteenwoordiger 'n blote geleibuis of mondstuk is, waardeur wilsverklarings aan die derde gemaak word en omgekeerd.<sup>158</sup>

In teenstelling met voorafgaande standpunt, is daar egter groot steun vir die siening dat die verteenwoordiger regtens as handelende party in die verteenwoordigingssituasie optree.<sup>159</sup> Volgens De Wet en Van Wyk<sup>160</sup> moet die verteenwoordiger onderskei word van 'n blote *nuntius* (boodskapper). Die *nuntius* is die geleibuis waarvolgens die wilsverklaring van een persoon na 'n ander oorgedra word. Hy verrig

---

<sup>156</sup> Van der Merwe et al 179; *Hamdulay v Smith* 1984 3 SA 308 (C).

<sup>157</sup> Van Jaarsveld et al 180.

<sup>158</sup> Van Jaarsveld et al 180; Wessels *The Law of Contract in South Africa* par 1741; *Aird v Hockly's Estate* 1937 EDL 42.

<sup>159</sup> Van Jaarsveld et al 181;

<sup>160</sup> Op 97; Sien ook *LAWSA* Vol 1 par 103 en Kerr *The Law of Agency* 21 vir 'n breedvoerige bespreking van die onderskeid tussen 'n verteenwoordiger en 'n *nuntius* wat 'n blote kanaal van kommunikasie is.

dieselfde taak as geskrewe kommunikasie byvoorbeeld 'n brief of e-pos maar handel nie as 'n skepper van regsverhoudings nie.<sup>161</sup> Daarenteen is 'n verteenwoordiger 'n persoon wat deur sy eie wilsuiting 'n regshandeling namens 'n ander tot stand bring. Daar is al aan die hand gedoen dat die wese van die onderskeid tussen 'n *nuntius* en verteenwoordiger lê daarin dat laasgenoemde tot 'n meerdere of mindere mate 'n diskresie uitoefen waar dit nie die geval is met 'n *nuntius* nie.<sup>162</sup> De Wet<sup>163</sup> kritiseer hierdie siening en wys daarop dat alhoewel dit so is dat die *nuntius* bloot deur kommunikasie sy boodskap oordra en geen diskresie het betreffende wat hy oordra nie, beteken dit nie dat in gevalle waar die omvang van 'n persoon se bevoegdhede beperk is en hy nie insae in die terme van 'n ooreenkoms het nie, sodanige persoon nie as 'n verteenwoordiger gesien kan word nie. Volgens De Wet<sup>164</sup> is die deurslaggewende aspek hier of die verteenwoordiger in die naam van die prinsipaal opgetree het.

Aangesien dit dus die verteenwoordiger se wilsuiting is wat die verbintenis met die derde tot stand bring, moet daar op die bedoeling van die verteenwoordiger gelet word.<sup>165</sup> Die prinsipaal se bedoeling is nie relevant tot die vraag of die nodige konsensus teenwoordig is ten einde 'n geldige ooreenkoms tussen die prinsipaal en die derde tot stand te bring. Indien konsensus tussen die verteenwoordiger en die derde ontstaan is daar 'n geldige ooreenkoms ongeag wat die prinsipaal se bedoeling mag wees.<sup>166</sup>

In beginsel kan enige ooreenkoms deur 'n verteenwoordiger namens 'n ander gesluit word mits daar geen wetlike beperkings op

---

<sup>161</sup> *Stewart v Zagreb Properties (Pty) Ltd* 1971 2 SA 346 (RAD); *Saambou Nasionale Bouvereniging v Friedman* 1979 3 SA 978 (A).

<sup>162</sup> Kerr *The Law of Agency* 21; *Cloete and Cloete v R* 1945 OPD 204 207.

<sup>163</sup> *LAWSA* Vol 1 par 103.

<sup>164</sup> *Ibid.*

<sup>165</sup> De Wet en Van Wyk 98; *LAWSA* Vol 1 par 109; *Marais v Van Niekerk* 1946 TPD 377.

<sup>166</sup> De Wet en Van Wyk 98; *LAWSA* Vol 1 par 109.

verteenwoordiging in 'n besondere geval bestaan nie.<sup>167</sup> Daar is egter wel gevalle waar 'n handeling nie vatbaar is vir verteenwoordiging nie. Sulke gevalle is waar (i) die betrokke handeling van so 'n persoonlike aard is dat dit vir die ander party van materiële belang is dat dit juis persoonlik verrig moet word,<sup>168</sup> en (ii) waar 'n statutêre bepaling 'n persoon verplig om 'n besondere handeling persoonlik te verrig.<sup>169</sup>

Daar kan slegs namens 'n persoon opgetree word as verteenwoordiger indien sodanige persoon in esse is. 'n Ooreenkoms wat gesluit word namens 'n persoon wat nie bestaan nie is *ab initio* nietig en van geen krag nie.<sup>170</sup> De Wet<sup>171</sup> is van mening dat selfs in gevalle waar die prinsipaal ontstaan en die verteenwoordigingshandeling probeer ratifiseer die ooreenkoms *ab initio* nietig is. In hierdie verband verwys De Wet na 'n aantal hofbeslissings ter ondersteuning van sy standpunt.<sup>172</sup> Daar word egter wel 'n statutêre uitsondering ingevolge artikel 71 van die Maatskappywet<sup>173</sup> toegelaat. Hierdie aspek is egter nie van belang vir doeleindes van hierdie bespreking en word by voorgemelde volstaan.

Soos reeds hierbo uiteengesit, is verteenwoordiging die verskynsel waarvolgens een persoon namens 'n ander optree by die aangaan van 'n regshandeling. Ten einde 'n regshandeling namens 'n ander aan te

---

<sup>167</sup> De Wet en Van Wyk 99; *LAWSA* Vol 1 par 115; *Davidson v Plewman* 1946 WLD 196 in verband met huweliksluiting, alhoewel dit vandag nie meer die geval is nie.

<sup>168</sup> Van Jaarsveld et al 181; *Belonje v African Electric Co* 1949 1 SA 592 (OK); *Meyer en Kie v Maree* 1967 3 SA 29 (T); *Eli Spilkin Ltd v Mather* 1970 4 SA 22 (OK).

<sup>169</sup> Artikel 15(1) van die Wet op Vervreemding van Grond 68 van 1981; *Potchefstroom Stadsraad v Kotze* 1960 3 SA 616 (A).

<sup>170</sup> *Sentrale Kunsmis Korporasie (Edms.) Bpk v N.K.P. Kunsmisverspreiders (Edms) Bpk* 1970 3 SA 367 (A); *Swart v Mbutzi Development (Edms.) Bpk* 1975 1 SA 544 (T); *Indrieri v Du Preez* 1989 2 SA 721 (C).

<sup>171</sup> *LAWSA* Vol 1 par 110.

<sup>172</sup> *Sentrale Kunismis Korporasie (Edms) Bpk v NKP Kunsmisverspreiders (Edms) Bpk* 1970 3 SA 367 (A) 390; *McGullogh v Fernwood Estate Ltd* 1920 AD 204 207 217.

<sup>173</sup> 61 van 1973.

gaan en gevolglik regsgevolge vir die prinsipaal te laat intree, word volmag vereis.<sup>174</sup>

Volmag kan ontleen word aan 'n verskeidenheid van bronne.<sup>175</sup> Die twee hoof kategorieë van bronne waaruit volmag verleen kan word is die sogenaamde 'wetlike' of 'amptelike' volmag en volmag deur magtiging deur die verteenwoordigde. Eersgenoemde slaan op daardie gevalle waar volmag deur middel van statutêre weë verleen word en laasgemelde geval slaan op die situasie waar 'n prinsipaal aan die verteenwoordiger volmag verleen deur middel van 'magtiging'. Daar word aan die hand gedoen dat wetlike volmag nie vir doeleindes van hierdie studie relevant is nie aangesien daar in die onderhawige geval geen wetlike voorskrifte in byvoorbeeld die Koöperasiewet<sup>176</sup> is betreffende handeling deur die koöperasie namens die produsente nie. Daar sal dus voorts gelet word op magtiging. Volmag verleen deur 'magtiging' ontstaan gewoonlik as gevolg van die bestaan van 'n kontraktuele verhouding tussen twee partye.<sup>177</sup> Die prinsipaal versoek die verteenwoordiger om namens hom op te tree by die aangaan van 'n regshandeling en die verteenwoordiger aanvaar die versoek (aanbod) sodat daar wilsooreenstemming uit hulle onderhandelinge ontstaan.<sup>178</sup>

Dit impliseer derhalwe ook dat die partye handelingsbevoeg moet wees alvorens die prinsipaal die verteenwoordiger regtens kan verplig om teenoor hom te presteer soos hy kontraktueel onderneem het.<sup>179</sup>

---

<sup>174</sup> LAWSA Vol 1 par 112; De Wet en Van Wyk 110.

<sup>175</sup> LAWSA Vol 1 par 113; De Wet en Van Wyk 110.

<sup>176</sup> 91 van 1981.

<sup>177</sup> *United Plant Hire v Hills* 1976 1 SA 717 (A).

<sup>178</sup> *Ocean Cargo Line v F R Waring Ltd* 1963 4 SA 641 (A); *Goodrick & Son v Auto Protection Insurance Co* 1968 1 SA 722 (A); *Blaikie-Johnstone v Holliman* 1971 4 SA 108 (D); *Van Jaarsveld v Ackerman* 1975 2 SA 753 (A); *National Board v Est Swanepoel* 1975 3 SA 16 (A); *Oakland Nominees v Gerlia Mining & Investemnt Co* 1976 1 SA 441 (A).

<sup>179</sup> *Vermeulen v Oberholzer* 1965 1 PH F14 (G); *Cross v Pienaar* 1978 4 SA 943 (T); *Meintjies NO v Administrasieraad Sentraal – Transvaal* 1980 1 SA 283 (T).

Alternatiewelik gesien is magtiging 'n wilsverklaring deur een persoon dat hy 'n ander met die bevoegdheid beklee om hom by die aangaan van regshandelinge te verteenwoordig.<sup>180</sup> Dit is uit sodanige oogpunt 'n eensydige regshandeling wat die gevolg het dat die volmaggewer 'n meganisme skep waardeur 'n regsverhouding tussen hom en 'n derde deur die tussenkoms van die gevolmagtigde bewerkstellig, verander of uitgewis kan word. Magtiging werk nie net tussen die volmaggewer en die gevolmagtigde nie, maar het ook die gevolg dat die volmaggewer teenoor die derde te kenne gee dat die derde op die optrede van die gevolmagtigde kan staatmaak.

Alhoewel volmag dikwels uit hoofde van 'n lasgewingsooreenkoms ontstaan, is dit nie noodwendig altyd die geval nie. Volgens De Wet<sup>181</sup> is daar niks wat verhoed dat 'n persoon 'n volmag verleen om 'n ooreenkoms namens hom te sluit as daar nie 'n lasgewingsooreenkoms bestaan nie. De Wet<sup>182</sup> wys daarop dat selfs waar 'n lasgewingsooreenkoms gesluit word is die volmagverlening en die lasgewingsooreenkoms twee onderskeibare regshandelinge.<sup>183</sup>

Die omvang van 'n verteenwoordiger se bevoeghede sal uiteraard ook deur die aard van die volmag aan hom verleen, bepaal word.<sup>184</sup> Die omvang van 'n verteenwoordiger se bevoeghede sal derhalwe ook met verwysing na die besondere feite van die geval oorweeg moet word en die bedoeling van die partye sal deurslaggewend wees. 'n Volmag se grense kan enger of ruimer gestel word. 'n Volmag kan 'n verteenwoordiger magtig om 'n bepaalde handeling, alle handelinge vir 'n bepaalde doel ten opsigte van 'n bepaalde transaksie, of van 'n bepaalde

---

<sup>180</sup> LAWSA Vol 1 par 114; De Wet en Van Wyk 110.

<sup>181</sup> LAWSA Vol 1 par 114.

<sup>182</sup> Ibid.

<sup>183</sup> Verwys vroeëre kritiek dat Volmagverlening nie 'n regshandeling daarstel nie.

<sup>184</sup> De Wet en Van Wyk 113; *Measrock v Liquidator New Scotland Land Co* 1922 AD 237; *Du Preez v Laird* 1927 AD 21; *Mahomed v Padayachy* 1948 1 SA 778 (A); *Greyling v W.L. Osche Livestock (Pty) Ltd* 1967 2 SA 601 (E).

soort, of alle wettige handelinge namens 'n prinsipaal te verrig.<sup>185</sup> Behalwe waar 'n verteenwoordiger alle handelinge namens 'n prinsipaal mag verrig, sal elke volmag in een of meer opsigte begrens wees.<sup>186</sup>

Die omvang van 'n volmag is belangrik omdat 'n verteenwoordiger alleen sy prinsipaal kan bind met optredes wat binne sy werklike volmag, uitdruklik of stilswyend verleen, val.<sup>187</sup> 'n Prinsipaal kan egter in uitsonderlike gevalle gebind word deur optredes wat buite die werklike volmag van die verteenwoordiger val. 'n Belangrike beginsel is dat die omvang van 'n verteenwoordiger se volmag in die eerste plek volgens die inhoud en aan die hand van die ontstaansbron van die volmag bepaal word, te wete die bepaalde kontrak, ratifikasie-verklaring of in die geval van volmagsverlening deur regswerking, die betrokke statutêre bepalinge.<sup>188</sup> As die prinsipaal egter nie deur die optrede van die verteenwoordiger teenoor 'n derde gebind word nie, kan hy inderdaad nog oorgaan tot die ratifikasie van die betrokke handeling.<sup>189</sup> Besluit hy egter om nie die gewraakte handeling te ratifiseer nie, sal die verteenwoordiger teenoor die derde aanspreeklik wees op grond van 'n waarborg van volmagbestaan as gevolg van of die afwesigheid van volmag, of volmagoorskryding.

Dit is nie 'n vereiste dat volmag skriftelik verleen word nie en kan volmag mondeling sowel as skriftelik aan 'n verteenwoordiger verleen word.<sup>190</sup> Volmag kan oorgedra word deur die die gesproke of geskrewe woord en selfs stilswyend deur gedrag wat nie twyfel skep nie.<sup>191</sup> 'n Persoon kan slegs werklike volmag hê om 'n handeling namens 'n ander aan te gaan

---

<sup>185</sup> Van Jaarsveld et al 195.

<sup>186</sup> Van Jaarsveld et al 195; *Nel v SAR & H* 1924 AD 37.

<sup>187</sup> Van Jaarsveld et al 195; *Mijlof v Jackson* 1980 3 SA 13 (K).

<sup>188</sup> Van Jaarsveld et al 195; *Mohamed v Padayache* 1948 1 SA 772 (A); *Covary v Registrar of Deeds* 1948 3 SA 189 (K).

<sup>189</sup> Van Jaarsveld et al 195.

<sup>190</sup> Van Jaarsveld et al 196; De Villiers & Macintosh 143; *Faure v Louw* (1880) SC 18; *Maasdorp v Mayor of Graaff-Reinet* 1915 CPD 639.

<sup>191</sup> LAWSA Vol 1 par 117.

indien die ander persoon deur sy woorde of gedrag sy wens uitgedruk het dat eersgenoemde sodanige bevoegdheid het.<sup>192</sup> Die vraag of sodanige bevoegdheid verleen is, is 'n feite vraag en sal na gelang van die geval met verwysing na die betekenis van die woorde gebruik en gedrag beoordeel moet word.<sup>193</sup> Dit het al in die verlede gebeur dat aan 'n verteenwoordiger 'n algemene volmag verleen is om sekere regshandelinge te verrig. Wanneer hy dan sekere verbandhoudende handelinge ook verrig het, het die vraag ontstaan of hy nie ook oor stilswyende volmag beskik het om dit wel te kon verrig het nie.<sup>194</sup>

Gewoonlik sal dit, soos hierbo aangedui, van die omstandighede van die geval afhang wat die omvang van die betrokke stilswyende volmag alles behels.<sup>195</sup>

In ander gevalle waar daar nie 'n algemene volmag verleen is nie, moet die perke of omvang van die stilswyende volmag so uitgelê word:<sup>196</sup>

*“to include all the necessary and usual means of executing it with effect. And not only are the means necessary and proper for the accomplishment of the end included in the authority, but also all the various means which are justified or allowed by the usages of the trade.”*

As iemand deur woorde of dade aan 'n ander te kenne gee dat iemand anders sy verteenwoordiger is en die derde kontrakkeer met die vermeende verteenwoordiger op sterkte van die skyn wat by hom gewek is, kan die skynverwekker nie later beweer dat die 'verteenwoordiger' oor

---

<sup>192</sup> LAWSA Vol 1 par 117 ; *Strachan v Blackbeard and Son* 1910 AD 282.

<sup>193</sup> LAWSA Vol 1 par 117.

<sup>194</sup> Van Jaarsveld et al 196; De Villiers & Macintosh Agency 143.

<sup>195</sup> Van Jaarsveld et al 195 waar verwys word na die beslissing in *Dicks v SA Mutual Fire and General Insurance Co* 1963 4 SA 501 (N) waar as volg verklaar is: “...the multiplicity of possible combinations of factors relevant to the determination of the scope of an agent's authority, defies the formulation of a general rule or presumption.”

<sup>196</sup> *Kahn v Leslie & Son* 1928 EDL 416; *Coetzer v Mosenthals* 1963 4 SA 22 (A); *Alli v De Lira* 1973 4 SA 635 (T); *Tuckers Land and Development Corporation v Perpellief* 1978 2 SA 14 T.

geen volmag beskik het nie. Daar is al beweer dat aanspreeklikheid van die 'verteenwoordiger' in sodanige gevalle op die 'oënskynlike volmag' ('ostensible authority') berus maar dit blyk dat die meeste skrywers aanvaar dat dit in werklikheid op die leerstuk van estoppel berus.<sup>197</sup> Die leerstuk kan ter sprake kom waar daar 'n regsverhouding tussen 'n prinsipaal en 'n verteenwoordiger was, byvoorbeeld waar 'n verteenwoordiger bestellings namens sy prinsipaal geneem het en die verhouding beëindig word.<sup>198</sup> As die klient nie kennis ontvang het van die beëindiging van die verhouding nie en die verteenwoordiger gaan voort om bestellings te neem, sal die prinsipaal teenoor die derde aanspreeklik wees omdat hy nie toegelaat sal word om aan te toon dat die volmag van die verteenwoordiger verval het nie.<sup>199</sup> Eweneens kan 'n prinsipaal gebind word deur optrede wat buite die werklike of uitdruklik verleende volmag van die verteenwoordiger val. Van Jaarsveld<sup>200</sup> wys in hierdie verband na die voorbeeld waar V 'n winkelbestuurder is wat gewoonlik die bevoegheid besit om artikels van 'n sekere klas te koop, maar P gee hom opdrag om 'n bepaalde soort artikel nie te koop nie. Indien V die artikel van D, wat nie van die instruksies van P weet nie, bestel, kan D tog vir P aanspreek. P sal gebind wees deur optredes wat binne die skyn omvang van die volmag val, net soos deur optredes waar daar 'n skynvolmag bestaan.<sup>201</sup>

Ten einde 'n skynvolmag daar te stel moet egter aan die vereistes vir estoppel, soos in die regspraak gekristalliseer, voldoen word.<sup>202</sup>

---

<sup>197</sup> Van Jaarsveld et al 197; Van der Merwe et al 181; Ivm met die leerstuk van Estoppel in die algemeen sien *LAWSA Vol 9 Estoppel* par 397.

<sup>198</sup> Van Jaarsveld et al 198.

<sup>199</sup> Van Jaarsveld et al 198; *Monzali v Smith* 1929 AD 382; *Rosebank Television & Appliance Co v Orbit Sales Corp* 1969 1 SA 300 (T).

<sup>200</sup> Op 198.

<sup>201</sup> Van Jaarsveld et al 198; *Smith v Fisher's Bioscopes and Films* 1917 CPD 35; *Roberts v Bryer Bros* 1931 OPD 197.

<sup>202</sup> Sien Van Jaarsveld et al 198 vir 'n uiteensetting van die vereistes vir estoppel.



Die vereistes van verteenwoordiging, soos hierbo uiteengesit en bespreek sal gevolglik hieronder teen die funksionele kenmerke van die poelverhouding opgeweeg word ten einde vas te stel of daar moontlik aan hierdie vereistes voldoen word.

### **5.3 Vergelyking van die funksionele kenmerke van die poelverhouding met die vereistes van verteenwoordiging**

Daar sal gepoog word om deur die bespreking onder hierdie hoof aan te dui tot welke mate die funksionele kenmerke van die poelverhouding voldoen aan die vereistes van verteenwoordiging. Ter vereenvoudiging word die kernvereistes vir die bestaan van verteenwoordiging eers herhaal waarna elkeen afsonderlik bespreek sal word met verwysing na die funksionele kenmerke van die poelverhouding.

Soos hierbo uiteengesit en bespreek is die kern-vereistes vir die bestaan van verteenwoordiging as volg:

- (i) Die verteenwoordiger moet volmag hê om namens die prinsipaal op te tree;
- (ii) Die prinsipaal moet in esse wees;
- (iii) Die verteenwoordiger moet openbaar dat hy namens 'n prinsipaal optree; en
- (iv) Die verteenwoordiger moet die kenbare bedoeling hê om namens sy prinsipaal te handel.

Hieronder volg 'n bespreking van voorgemelde vereistes deur 'n vergelyking daarvan met die funksionele kenmerke van die poelverhouding.

#### **5.3.1 Volmag**

Soos reeds in Hoofstuk 3 uiteengesit bevat die Koöperasiewet 91 van 1981 geen bepalings betreffende die regs aard van poele en die regsverhoudinge daarby betrokke nie. Daar kan gevolglik nie gesê word

dat die koöperasie volmag verkry uit hoofde van 'n Wet om namens produsente met hul produkte te handel nie. Gevolglik kan volmag slegs uit hoofde van magtiging ontstaan en is 'amptelike' volmag nie hier ter sake nie. Na aanleiding van voorgemelde doen die skrywer aan die hand dat die bepalings van die statuut en die gedrag van die partye oorweeg moet word ten einde vas te stel of daar in die onderhawige geval die nodige volmag vir doeleindes van verteenwoordiging is.

Die statuut van die koöperasie bevat geen bepalings waarin daar uitdruklik aan die koöperasie volmag verleen word om namens produsente op te tree nie. Alhoewel daar geen uitdruklike bepaling in die statuut is wat uitdruklik voorsiening maak vir volmag nie, beteken dit egter nie noodwendig dat daar nie volmag in die onderhawige geval kan wees nie. Soos hierbo in die bespreking van die vereistes van volmag uiteengesit, kan volmag ook stilswyend verleen word deur die gedrag van die prinsipaal. Ingevolge die statuut is die produsente verplig om hul produkte aan die koöperasie te lewer indien die koöperasie in staat is om daarmee te handel. Die produsente stem dus uit hoofde van die bepalings van die statuut toe tot verpoeling van die produkte alhoewel die koöperasie nooit eienaar word van die verpoelde produkte nie. Die skrywer doen aan die hand dat die feit dat daar toegestem word dat die produkte verpoel word en die koöperasie gemagtig word om met die poeleiendom te handel wel daarop kan dui dat daar volmag verleen word. Die skrywer doen egter ook aan die hand dat die bedoeling van die partye hier deurslaggewend is en dat die kwessie van die bestaan van volmag al dan nie ook beïnvloed kan word deur die faktore wat in ag geneem word ten einde die bestaan al dan nie van die ander vereistes vir volmag aan te dui afhang van die teenwoordigheid van die ander vereistes van verteenwoordiging. Met ander woorde, die bestaan van die faktore wat dui op voldoening aan die ander vereistes van verteenwoordiging sal aanduidend wees of die gedrag van die partye daarop gerig was om volmag te verleen.

### 5.3.2 *Die prinsipaal moet in esse wees*

Die skrywer doen aan die hand dat hierdie vereiste in die onderhawige geval altyd teenwoordig sal wees as gevolg van die feit dat die poelverhouding slegs tot stand kan kom by die fisiese ontstaan van poele wat uiteraard uit 'n praktiese oogpunt vereis dat die produsente moet bestaan.

### 5.3.3 *Die verteenwoordiger moet openbaar dat hy namens 'n prinsipaal optree*

In die bespreking van die vereistes van verteenwoordiging is daarop gewys dat alhoewel 'n verteenwoordiger nie hoef te openbaar wie sy prinsipaal is nie, moet hy wel aandui dat hy namens 'n prinsipaal optree. Indien hy in sy eie naam optree kan daar nie sprake van verteenwoordiging wees nie. Wanneer die koöperasie verpoelde produkte, of produkte wat uit die verpoelde massa vervaardig is, bemark, word daar nooit aangedui dat daar namens produsente gehandel word nie. Dit is uiteraard nie prakties uitvoerbaar om aan te dui dat daar namens 'n spesifieke groep produsente opgetree word nie. Dit sal byvoorbeeld aspekte soos dokumentasie geweldig omslagtig maak. Die ooreenkomste ten opsigte van die bemarking van produkte sal egter dikwels verwys na die oorsprong van die betrokke produkte en die vraag ontstaan dus of hierdie nie 'n aanduiding is dat daar namens 'n prinsipaal gehandel word nie. Die skrywer doen aan die hand dat waarskynlik nie oortuigend geargumenteer kan word dat sodanige verwysing aandui dat namens 'n prinsipaal gehandel word nie. Die oogmerk van sodanige verwysing is dikwels eerder gerig op die reklame aspek van bemarking as om aan te dui dat daar namens 'n prinsipaal opgetree word. Hierdie aspek mag egter in bepaalde gevalle 'n grysgebied wees en sal afhang van die bewoording van die betrokke ooreenkomste. Daar word egter aan die hand gedoen dat hierdie vereiste ook saam met die bedoeling van die partye oorweeg moet word.

#### 5.3.4 *Die verteenwoordiger moet die kenbare bedoeling hê om namens sy prinsipaal op te tree*

In Hoofstuk 3 is daarop gewys dat die produsente ingevolge die bepalings van die statuut verplig is om produkte aan die koöperasie te lewer mits die koöperasie in staat is om met sodanige produkte te handel. Daar is ook aangedui dat die koöperasie sy eie kommissie binne bepaalde perke vasstel. Hierdie funksionele kenmerke van die poelverhouding dui daarop dat daar vir die produsente 'n verpligting geskep word betreffende die wyse waarop hulle met hulle produkte moet handel. Die skrywer doen aan die hand dat hierdie aspekte strydig is met die aard van verteenwoordiging. In die geval van verteenwoordiging gaan dit eerder daarom dat die prinsipaal aan die verteenwoordiger 'n bepaalde opdrag en bevoegheid verleen om namens hom op te tree by die sluiting van 'n regshandeling. Dit gaan dus nie om die geval waar die prinsipaal deur die verteenwoordiger 'n opdrag aan die prinsipaal gee en hom gevolglik kan verplig om op 'n bepaalde wyse te handel alvorens die verteenwoordiger ingevolge die instelling van verteenwoordiging sal optree nie. Alhoewel nie deurslaggewend, dui die feit dat die koöperasie 'n diskresie het betreffende die wyse waarop daar met produkte gehandel mag word ook daarop dat daar nie werklik 'n bedoeling is om verteenwoordiging in die vooruitsig te stel nie.

Die skrywer doen aan die hand dat voorgemelde asook die feit dat daar nie onomwonde gestel word dat daar namens 'n prinsipaal opgetree word nie, daarop dui dat daar nie in die onderhawige geval sprake is van 'n bedoeling by die koöperasie om namens die produsente op te tree betreffende die bemerking van produkte nie. Na aanleiding van die bespreking van volmag blyk dit ook dat daar dus nie juis 'n bedoeling om volmag te gee blyk te wees nie.

#### **5.4 Gevolgtrekking**

Uit bogemelde bespreking blyk dit dat daar nie aan die vereistes van verteenwoordiging voldoen word nie aangesien daar (i) nie aan derde partye duidelik gestel word dat daar namens produsente gehandel word nie en (ii) omdat die funksionele kenmerke van die poelverhouding en die koöperasie se optrede by die verpoeling en bemarking van produkte nie op 'n kenbare bedoeling om namens produsente te handel, dui nie.

In die volgende hoofstuk sal die funksionele kenmerke van die poelverhouding teenoor die verskynsel van die 'undisclosed principal' opgeweeg word.

## Hoofstuk 6

### **Die vergelyking van die funksionele kenmerke van die poelverhouding met die regsverskynsel van die sogenaamde 'undisclosed principal'**

#### 6.1 Inleiding

Die 'undisclosed principal' situasie is 'n eiesoortige regsverskynsel wat uit die Engelse reg in ons reg ingevoer is. Ten spyte van die anomoliese aard daarvan word daar hedendaags aanvaar dat die leerstuk deel van ons reg vorm. In hierdie hoofstuk sal die funksionele kenmerke van die poelverhouding opgeweeg teen die vereistes vir die bestaan van 'n 'undisclosed principal' situasie soos dit in ons reg geresipieer is.

Alhoewel verteenwoordiging as regsverskynsel nog in 'n ontwikkelingsfase in die Romeins-Hollandse reg van die sewentiende en agtiende eeu was, blyk dit dat vir 'n *vinculum iuris* om tussen 'n persoon en 'n derde te ontstaan, die tussenganger as verteenwoordiger vir eersgenoemde moes optree en die ooreenkoms in die naam van die betrokke persoon moes aangaan en nie in sy eie naam nie.<sup>203</sup> Waar 'n persoon in eie naam 'n kontrak gesluit het, selfs waar die sluiting van die ooreenkoms binne die omvang van 'n mandaat ingevolge 'n lasgewingsooreenkoms geskied het, sou daar geen *vinculum iuris* tussen die derde en die lasgewer ontstaan nie. Die lasnemer was egter ingevolge die lasgewingsooreenkoms verplig om die regte wat hy ingevolge die ooreenkoms bekom het, aan die lasgewer te sedgeer.<sup>204</sup> In die Engelse reg was die posisie egter anders en kon 'n direkte *vinculum iuris* ontstaan tussen die 'undisclosed principal' en die derde uit hoofde van 'n ooreenkoms met die betrokke derde aangegaan deur 'n ander party. Alhoewel die derde en die ander kontraktant 'n *vinculum iuris* tussen mekaar in die vooruitsig stel, kan die 'undisclosed principal' na vore tree en die regte ingevolge die ooreenkoms opeis. Net so kan die

---

<sup>203</sup> LAWSA Vol 1 par 146.

<sup>204</sup> LAWSA Vol 1 par 146; Van der Horst 50.

derde, indien hy ontdek daar is 'n 'undisclosed principal' laasgenoemde aanspreeklik hou.<sup>205</sup>

Die Engels regtelike leerstuk van die 'undisclosed principal' is oor 'n tydperk van meer as 'n honderd jaar in Suid-Afrikaanse howe toegepas en in die toonaangewende beslissing van *Cullinan v Noordkaaplandse Aartappelkernmoerkwekers Koöperasie Bpk*<sup>206</sup> het die appelhof beslis dat die leerstuk deel van die Suid-Afrikaanse reg vorm ten spyte van die dogmatiese besware wat daar teen die aanwending van die leerstuk bestaan.

Die leerstuk is al dikwels as anomalies, ongegrond en nie-konsekwent met die beginsels van die Suid-Afrikaanse en Engelse kontrakterereg beskryf.<sup>207</sup> Volgens De Wet<sup>208</sup> maak die afwesigheid van 'n grondige beginsel die leerstuk vaag en onseker. De Wet<sup>209</sup> is ook van mening dat daar geen duidelikheid bestaan betreffende die omstandighede waarin die leerstuk toepassing vind nie en ook nie betreffende die regte en verpligtinge van die partye betrokke in die geval waar die leerstuk wel toegepas word.

Van der Horst<sup>210</sup> onderskei die persone wat by die 'undisclosed principal' situasie betrokke is as eerstens die 'undisclosed principal' wat hy die verborge lasgewer noem. Tweedens is daar die 'agent' wat in opdrag van die lasgewer die ooreenkoms sluit (aangedui as die lashebber). Die persoon met wie die lashebber die ooreenkoms sluit, word die derde genoem.

---

<sup>205</sup> LAWSA Vol 1 par 146.

<sup>206</sup> 1972 1 SA 761 (A).

<sup>207</sup> *Dawson v IM and JF van Rooyen* 1914 NPD 481; *Cullinan v Noordkaaplandse Aartappelkernmoerkwekers Koöperasie Bpk* 1972 1 SA 761 (A) 770; LAWSA Vol 1 *Agency and Representation* par 148.

<sup>208</sup> LAWSA Vol 1 par 148.

<sup>209</sup> Ibid.

<sup>210</sup> Op 10.

Volgens Van der Horst is die kenmerke van die lashebber se optrede dat hy die ooreenkoms met die derde in eie naam sluit. Dit is na aanleiding van die feit dat die lashebber nie namens die lasgewer optree nie, maar in eie naam, dat die lasgewer as 'undisclosed' aangedui word.

Dit blyk dat daar hoegenaamd nie eenstemmigheid in die literatuur bestaan betreffende wanneer 'n 'undisclosed principal' situasie bestaan nie. Kahn<sup>211</sup> is van mening dat daar met 'n 'undisclosed principal' situasie gewerk word waar:

*"the existence of a principal is not revealed, so that the agent appears to be the principal."*

Volgens Van der Horst<sup>212</sup> onderskei De Villiers en Macintosh<sup>213</sup> by implikasie tussen "undisclosed principal" en "unnamed principal" na aanleiding van die omstandigheid waar die lashebber *"the existence of his principal"* teenoor die derde bekend maak.

Volgens Van der Horst<sup>214</sup> kan voorgemelde standpunte nie sondermeer aanvaar word nie. Hy noem naamlik twee redes hiervoor. Die eerste hou daarmee verband dat daar in 'n hele aantal beslissings, wat toonaangewend op die gebied van die leerstuk is, 'n lasgewer ter sprake is van wie se bestaan die derde by kontraksluiting met die lashebber waarskynlik geweet het.<sup>215</sup> Die tweede rede is dat die probleme in verband met die 'undisclosed principal' basies voortvloei uit die omstandigheid dat die derde met die lashebber en met hom alleen as kontraksparty rekening hou, nie enkel uit die omstandigheid dat die derde geen kennis van die bestaan van die lasgewer gehad het nie.<sup>216</sup>

---

<sup>211</sup> Kahn "The Unnamed Principal" (1956) 73 SALJ 9.

<sup>212</sup> Op 11.

<sup>213</sup> *The Law of Agency in South Africa* 279.

<sup>214</sup> Op 12.

<sup>215</sup> Van der Horst 12; *Lippert & Co. v Desbats* 1869 Buch 189.

<sup>216</sup> Van der Horst 12.



Volgens Van der Horst is dit waar dat, alhoewel die derde uit die aard van die saak altyd met die lashebber as kontraksparty rekening hou waar hy nie van die bestaan van die lasgewer weet nie, is dit aan die ander kant duidelik dat waar die lashebber in eie naam optree, die derde nog altyd die lashebber as sy kontraksparty beskou, en dit ten spyte van sy moontlike kennis van die bestaan of selfs van die identiteit van die lasgewer. Volgens Van der Horst is in gevalle waar die aanspreeklikheid van die lasgewer erken word, die probleem om hierdie aanspreeklikheid te verklaar nie verskillend van die probleem om die aanspreeklikheid tussen derde en lasgewer, van wie se bestaan die derde aanvanklik glad nie bewus was nie, te verklaar. Van der Horst<sup>217</sup> wys daarop dat die hoewe hierdie twee soorte gevalle nooit sistematies van mekaar onderskei het nie, maar die reëls van die 'undisclosed principal' op albei groepe aangewend het.

## **6.2 Die vereistes vir die bestaan van 'n 'undisclosed principal' situasie**

Volgens Van der Horst<sup>218</sup> kan daar ingevolge die Suid-Afrikaanse reg, soos ook in die Engelse reg slegs sprake van 'n 'undisclosed principal' situasie wees waar 'n lasgewingsverhouding ter sprake is en die lashebber dan in terme van sy 'authority' 'n ooreenkoms met 'n derde sluit.

'n 'Undisclosed principal' situasie kan ook slegs ontstaan indien 'n persoon 'n kontrak met 'n ander persoon in sy eie naam sluit maar in die belang van 'n ander persoon. Waar hy openlik in die naam van of namens 'n ander kontrakteer is daar nie sprake van die bestaan van 'n 'undisclosed principal' verhouding nie, en is dit verteenwoordiging wat ter sprake is. Dit sal die geval wees selfs waar die prinsipaal se identiteit nie bekend gemaak word nie.<sup>219</sup>

---

<sup>217</sup> Op 13.

<sup>218</sup> Op 110.

<sup>219</sup> LAWSA Vol 1 par 149; De Wet en Van Wyk 125.

Ten spyte van voorgemelde, hoef die identiteit van die 'undisclosed principal' ook nie noodwendig versweë te wees nie en sal die ooreenkoms 'n 'undisclosed principal' verhouding daarstel selfs indien die ander persoon daarvan bewus is dat die lashebber die ooreenkoms in belang van 'n ander sluit.<sup>220</sup>

Wat die verhouding tussen die lasgewer en die lashebber moet wees ten einde 'n 'undisclosed principal' situasie daar te stel blyk nie heeltemal duidelik te wees nie.<sup>221</sup> In sommige beslissings wat handel oor die 'undisclosed principal' word daar bloot gestel dat die een 'n 'agent' is en die ander 'n 'prinsipaal' sonder om daarop in te gaan wat die verhouding tussen die partye behels.<sup>222</sup> De Wet<sup>223</sup> is van mening dat die woorde 'agent' en 'prinsipaal' nie enigsins daartoe bydra om die verhouding wat moet bestaan ten einde 'n 'undisclosed principal' situasie te skep, te identifiseer nie.

De Wet<sup>224</sup> wys daarop dat dit uit die regspraak blyk dat 'n 'undisclosed principal' situasie slegs kan bestaan indien die 'undisclosed principal' die lashebber opdrag gegee het om 'n kontrak in die naam van die prinsipaal te sluit of in sy eie naam of soos hy verkies. De Wet is van mening dat indien sodanige verhouding nie bestaan nie kan die 'undisclosed principal' nie aanspraak maak op enige regte ingevolge die ooreenkoms tussen die tussenganger en 'n derde nie.<sup>225</sup> Hierdie siening gaan egter nie op nie. In gevalle waar die lashebber 'n ooreenkoms in die naam van die prinsipaal sluit word daar nie met 'n 'undisclosed principal' situasie gewerk nie, maar eerder met direkte verteenwoordiging. Daar word aan

---

<sup>220</sup> LAWSA Vol 1 par 149; Van der Horst 7; De Wet en Van Wyk 125.

<sup>221</sup> LAWSA Vol 1 par 149.

<sup>222</sup> LAWSA Vol 1 par 150; Sien ook *Cook v Aldred* 1909 TS 150; *Dawson v IM and JF van Rooyen* 1914 NPD 481; *Zieve v Verster & Co* 1918 CPD 296; *Gadlela v Mountjoy* 1921 EDL 151.

<sup>223</sup> LAWSA Vol 1 par 150.

<sup>224</sup> Ibid.

<sup>225</sup> Sien ook *Judelson & Cohen v Botha* 1913 TPD 747; *Don Shoe Co (Pty, OFS) v Goodman Bros* 1931 OPD 26 en *Keystone Trading Co v Die Verenigde &c Mij* 1926 TPD 218.

die hand gedoen dat De Wet<sup>226</sup> die situasie verwar met die onderskeid wat daar te tref is tussen 'n situasie waar dit bekend is dat daar 'n prinsipaal is en die gevalle waar dit nie bekend is dat daar 'n prinsipaal is nie.<sup>227</sup> Soos reeds hierbo uiteengesit tref ons howe vir doeleindes van die toepassing van die leerstuk van die 'undisclosed principal' nie 'n onderskeid tussen die voorgemelde twee situasies nie.

Daar blyk 'n standpunt te wees dat die lashebber volmag moet hê van die beweerde 'undisclosed principal' alvorens laasgenoemde regte en verpligtinge ingevolge die ooreenkoms kan opdoen.<sup>228</sup> De Wet<sup>229</sup> wys egter tereg daarop dat die gebruik van die woord 'volmag' in hierdie konteks misleidend is. 'n Persoon wat as verteenwoordiger optree benodig volmag om vir daardie prinsipaal regte en verpligtinge te skep.<sup>230</sup> 'n 'Undisclosed principal' kan egter regte en verpligtinge bekom van 'n persoon wat nie volmag het om in die prinsipaal se eie naam te handel nie. Wat vereis word is 'n bepaalde kontraktuele verhouding tussen die 'undisclosed principal' en die lashebber soos hierbo omskryf. Die skrywer doen aan die hand dat hierdie aspek verband hou met die onderskeid tussen verteenwoordiging as blote regshandeling wat voortspruit uit 'n kontraktuele verhouding en die 'undisclosed principal' situasie. De Wet<sup>231</sup> wys tereg daarop dat volmag uiteraard nie vereis word in gevalle waar 'n persoon reeds kontraktuele kapasiteit het om kontrakte in sy eie naam aan te gaan nie.

---

<sup>226</sup> LAWSA Vol 1 par 150.

<sup>227</sup> Van der Horst 12.

<sup>228</sup> Van der Horst 63; Sien ook McLennan "Undisclosed Principal – The troubles continue" 1998 SA Merc LJ 239-247 vir 'n bespreking van hierdie kwessie in die konteks van internasionale reg.

<sup>229</sup> LAWSA Vol 1 par 151.

<sup>230</sup> Sien bespreking in Hoofstuk 5 betreffende verteenwoordiging.

<sup>231</sup> LAWSA Vol 1 par 151.

Aangesien die lashebber dus nie namens die 'undisclosed principal' as verteenwoordiger optree nie, kom ratifikasie volgens De Wet<sup>232</sup> ook nie hier ter sprake nie.

In die geval van verteenwoordiging verkry die verteenwoordiger geen regte en verpligtinge uit hoofde van die ooreenkoms met die derde wat namens sy prinsipaal aangegaan is nie. Die regte en verpligtinge kom tot stand tussen die derde en die prinsipaal.<sup>233</sup>

Daar blyk twee standpunte te wees betreffende die regskonstruksie wat aan die 'undisclosed principal' situasie verleen moet word.

Volgens die eerste standpunt is daar in die geval waar 'n 'undisclosed principal' situasie ter sprake is, 'n *vinculum iuris* geskep tussen die lashebber en die derde aangesien die kontrak in hulle eie naam gesluit word, maar ook 'n alternatiewe *vinculum iuris* tussen die 'undisclosed principal' en die derde.<sup>234</sup> Die gevolg van hierdie konstruksie is dat daar twee regsbande gelyktydig bestaan en die derde kan besluit ingevolge welke van hierdie twee regsbande hy gaan optree. Joubert<sup>235</sup> wys daarop dat die houding van die hof in *Natal Trading & Milling Co v Inglis*<sup>236</sup> was dat die 'undisclosed principal' en lashebber nie gesamentlik of solidêr aanspreeklik is nie maar eerder alternatief. In hierdie beslissing is daar ook bevind dat vonnis teen die een die ander bevry van aanspreeklikheid. Joubert<sup>237</sup> wys ook daarop dat in die Romeinse reg die prinsipaal en verteenwoordiger in die alternatief aanspreeklik was en vonnis teen die een die ander bevry het. In *Roelou Barry (Edms) Bpk*

---

<sup>232</sup> LAWSA Vol 1 par 152.

<sup>233</sup> Verwys Hoofstuk 5 vir 'n volledige bespreking in hierdie verband.

<sup>234</sup> LAWSA Vol 1 par 153; *Natal Trading and Milling Co Ltd v Inglis* 1925 TPD 724; *Scholtz v Sieft* 1928 OPD 131; *Cullinan v Noordkaaplantse Aartappelkernmoerkwekers Koöperasie Bpk* 1972 1 SA 761 (A).

<sup>235</sup> *Verteenwoordigingsreg* 54.

<sup>236</sup> 1925 TPD 724.

<sup>237</sup> *Verteenwoordigingsreg* 54.

*v Bosch*<sup>238</sup> is bevind dat 'n vonnis 'n *novatio necessaria* is met die gevolg dat aanspreeklikheid vir 'n ander party verval.

Joubert<sup>239</sup> is van mening dat daar saamgestem kan word dat die 'undisclosed principal' en die lashebber nie gesamentlik aanspreeklik kan wees nie, maar vra die vraag waarom hulle nie as solidêre skuldenaars behandel kan word nie sodat die verhaalsreg teen enigeen eers uitgewis sal word deur voldoening of langs 'n ander weg waardeur verbintenis tot niet gaan.

Joubert<sup>240</sup> wys daarop dat alhoewel die konsep van 'n keusereg gemeet aan die beginsels van die Suid-Afrikaanse reg vreemd voorkom, daar in die regspraak tekens is dat daar wel in terme van sodanige keusereg gedink word ten einde die een of die ander aan te spreek.<sup>241</sup> Daar is egter ook 'n konseptuele probleem met hierdie konstruksie, naamlik dat daar geen gronde is waarop die alternatiewe regsband tussen die 'undisclosed principal' en die derde tot stand kom in gevalle waar die derde nie bewus is van die 'undisclosed principal' nie.

Die tweede standpunt hou in dat by kontraksluiting tussen die derde en die lashebber die regte en verpligtinge wat die lashebber ingevolge die betrokke ooreenkoms beding het, deur middel van 'n fiktiewe sessie oorgaan op die prinsipaal.<sup>242</sup>

Hierdie standpunt kan geïllustreer word deur Van der Horst<sup>243</sup> se bespreking van die beskerming van derdes in die geval waar 'n 'undisclosed principal' situasie teenwoordig is. Van der Horst verwys in

---

<sup>238</sup> 1967 1 SA 54 (K).

<sup>239</sup> *Verteenwoordigingsreg* 54.

<sup>240</sup> *Verteenwoordigingsreg* 54.

<sup>241</sup> Verwys ook die beslissings *Van Staden v Prinsloo* 1947 4 SA 842 (T) en *Erasmus v Grunow* 1978 4 SA 233 (O) in hierdie verband.

<sup>242</sup> Joubert *Verteenwoordigingsreg* 65.

<sup>243</sup> Op 120.

hierdie verband na die beslissing in *Heydenrych v Woolven*<sup>244</sup> waar 'n 'undisclosed principal' die derde wou aanspreek vir die koopprys van 'n orrel. Teen hierdie eis werp die derde 'n vordering, wat hy teen die 'undisclosed principal' se lashebber het, in skuldvergelyking op. Die hof erken dat daar in ons reg geen direkte gesag oor hierdie punt bestaan nie, maar stel:

*"upon every principle regulating the dealings of third persons with the agents of undisclosed principals the set-off ought to be allowed."*<sup>245</sup>

Ter staving van die skuldvergelykingsbevoegdheid word dan twee argumente aangevoer. Eerstens word by wyse van analogie op die regte van 'n skuldenaar gewys, waar die vordering gesedeer word. 'n Vordering wat hy teenoor die sedent het, kan die skuldenaar naamlik altyd in skuldvergelyking teen die eis van die sessionaris opwerp. Tweedens wys Van der Horst<sup>246</sup> daarop dat daar geargumenteer is met beroeping op Voet 16.2.10 dat die opwerp van skuldvergelyking teen die lasgewer nie moontlik is waar die skuldenaar by kontraksluiting met die lashebber van die ware toedrag van sake bewus was nie. Daar word naamlik gestel dat:

*"the inference is obvious that the set-off must be allowed where the existence of the agency had not been disclosed"*<sup>247</sup>

In *Wessels & Co v Rudman*<sup>248</sup> blyk dit dat 'n argument soortgelyk aan die sessie argument in die *Heydendrych* beslissing aanvaar is. Van der Horst<sup>249</sup> wys daarop dat die hof se uitgangspunt in hierdie beslissing was dat die lashebber volgens die Romeins-Hollandse reg die derde se kontraksparty is *"and the contract does not, until cession, become the*

---

<sup>244</sup> (1897) 14 SC 376.

<sup>245</sup> Op 378.

<sup>246</sup> Op 120.

<sup>247</sup> Op 379.

<sup>248</sup> 1911 CPD 667.

<sup>249</sup> Op 122.

*contract of the agent's principal*".<sup>250</sup> Waar sessie plaasvind is dit volgens Van der Horst<sup>251</sup> duidelik dat die derde se vordering teen die sedent (die lashebber) verreken kan word teen die eis van die sessionaris (die 'undisclosed principal'). Van der Horst wys verder daarop dat die hof in *Wessels & Co v Rudman*<sup>252</sup> voortgaan en die volgende stelling maak:

*"In our practice I do not think any cession would be necessary when the Court ascertains that the agent was acting for an undisclosed principal, but the Court would not interfere with the rights which have accrued to the third party, who contracted with the agent as principal"*

Volgens Van der Horst<sup>253</sup> beoordeel die hof dus die verhouding tussen die lasgewer en die derde asof die lashebber sy vordering aan sy lasgewer gesedeer het.

Joubert<sup>254</sup> wys egter daarop dat in voorgemelde geval daar nie 'n gewone sessie is nie. Joubert noem dit 'n fiktiewe oorgang van regte vanaf die lasnemer na die lasgewer. Dit blyk egter dat Joubert van mening is dat sodanige oorgang nie outomaties geskied nie en dat die optrede van minstens een van die partye nodig is. Joubert stel dat dit gerieflik sou wees indien daar in sodanige gevalle met 'n ooreenkoms om toekomstige vorderinge te sedeer gewerk kan word sodat die lasnemer ook toestem tot die sessie, maar wys hy ook daarop dat 'n ooreenkoms om 'n toekomstige vorderingsreg wat nog verkry sal word te sedeer, nie as die oordrag daarvan beskou kan word nie.<sup>255</sup> Alhoewel dit nie duidelik blyk nie, word aan die hand gedoen dat Joubert hier na die sessie *in anticipando* verwys. 'n Sessie *in anticipando* moet onderskei word van

---

<sup>250</sup> Op 670.

<sup>251</sup> Op 122.

<sup>252</sup> 1911 CPD 667.

<sup>253</sup> Op 122.

<sup>254</sup> *Verteenwoordigingsreg* 65.

<sup>255</sup> In hierdie verband verwys Joubert na Van der Horst 112; De Wet en Yeats 228 en Kerr *Principles of the Law of Contract* 242.

die sessie van 'n spes of hoop.<sup>256</sup> In die geval van eersgenoemde gaan dit nie om die sessie van 'n hoop nie, maar eerder 'n situasie waar daar vooraf oorgeengekom word dat die regte by die ontstaan daarvan aan die sessionaris oorgedra word.<sup>257</sup>

In *Botha v Van Niekerk*<sup>258</sup> blyk dit dat die hof afstand gedoen het van die siening dat 'n skuldenaar slegs sy verpligtinge deur delegasie (dus 'n drieledige ooreenkoms tussen skuldenaar, skuldeiser en derde) kan oordra. Volgens die hof in voorgemelde beslissing kan partye tot 'n ooreenkoms, afhange van die strekking van die ooreenkoms, kontraksoorname bewerkstellig op 'n wyse anders as deur delegasie. In die geval van delegasie sal daar 'n novasie van die verpligtinge wees terwyl in die geval van kontraksoorname anders as deur delegasie die partye slegs vervang sal word. Regter Flemming wys dan ook in *Botha v Van Niekerk*<sup>259</sup> daarop dat 'n kontraksoorname ook plaasvind waar 'n skaduprinsipaal na vore tree ten aansien van 'n kontrak wat namens hom gesluit is of as hy op so 'n kontrak aangespreek word. Gevolglik sal dit wel moontlik wees vir die lashebber om sy verpligtinge aan die 'undisclosed principal' oor te dra sonder dat die skuldeiser noodwendig toestem. Die regskonstruksie waarby 'n fiktiewe sessie tussen die lashebber en die 'undisclosed principal' veronderstel word is gevolglik wel gangbaar. Uit die bespreking van Van der Horst<sup>260</sup> en die beslissing in *Wessels & Co v Rudman*<sup>261</sup> blyk dit ook dat hierdie konstruksie ook gebaseer is op Romeins-Hollandse regsbeginsele eerder as Engelsregtelike beginsele en om hierdie rede ook eerder nagevolg behoort te word.

---

<sup>256</sup> LAWSA Vol 2 *Cession* par 242.

<sup>257</sup> LAWSA Vol 2 par 242: *Sasfin v Beukes* 1989 1 SA 1 (A) 12.

<sup>258</sup> 1983 3 SA 513 (W).

<sup>259</sup> 1983 3 SA 513 (W) *op cit* 527.

<sup>260</sup> Op 120 ev.

<sup>261</sup> 1911 CPD 667.



Die probleem met laasgamelde regskonstruksie blyk te wees die posisie van die derde teenoor die lashebber in gevalle waar die derde nie van die bestaan van die 'undisclosed principal' bewus was nie. Daar kan moontlik geargumenteer word dat die derde nooit met die lashebber sou kontrakteer indien hy van die bestaan van die 'undisclosed principal' bewus was nie en dat hy in werklikheid met die lashebber kontrakteer op grond van die aanname dat hy prinsipaal is. Ingevolge die sessie konstruksie sal die lashebber kan argumenteer dat hy sy verpligtinge aan die 'undisclosed principal' oorgedra het en dus nie teenoor die derde aanspreeklik is nie. Hierdie probleem word egter deur die hof in *Wessels & Co v Rudman*<sup>262</sup> ondervang deur te stel dat die derde hom in sodanige geval op die ou *exceptio doli mali* sou kon beroep aangesien die 'undisclosed principal' die derde mislei het om met die lashebber as prinsipaal te kontrakteer. Hierdie konstruksie blyk gevolg uit 'n dogmatiese oogpunt meer aanvaarbaar te wees as die regskonstruksie waar 'n alternatiewe verbintenis in die voortuitsig gestel word.

In *Cullinan v Noordkaaplandse Aartappelkernmoerkwekers Koöperasie Bpk*<sup>263</sup> het die appelhof beslis dat die regsband wat ontstaan as gevolg van 'n ooreenkoms tussen die derde persoon en die lashebber nie opgedeel kan word tussen 'n aantal 'undisclosed principals' nie.<sup>264</sup> Die grondslag hiervoor blyk volgens De Wet<sup>265</sup> te wees dat die derde wat met die lashebber gekontrakteer het bedoel het om slegs met 'n enkele persoon te kontrakteer en homself teenoor 'n enkele persoon gebind het en dat dit onbillik sou wees om sodanige regte en verpligtinge op te deel ten einde veelvuldige skuldeisers en of skuldenaars vir die derde te skep. Die hof blyk, volgens De Wet, in die *Cullinan* beslissing tot hierdie

---

<sup>262</sup> Ibid.

<sup>263</sup> 1972 1 SA 761 (A).

<sup>264</sup> Sien ook LAWSA Vol 1 par 154 vir 'n bespreking van hierdie aspek.

<sup>265</sup> LAWSA Vol 1 par 154.

gevolgtrekking gekom het op grond van die beginsel dat 'n gedeelte van 'n reg op aksie nie sedeer kan word nie.<sup>266</sup>

Na aanleiding van voorgemelde bespreking kan die volgende vereistes vir die bestaan van 'n 'undisclosed principal' situasie verbind word:

- Die lashebber moet in sy eie naam 'n ooreenkoms met 'n derde sluit;
- Die 'undisclosed principal' moes die lashebber opdrag gegee het om in sy eie naam 'n bepaalde ooreenkoms met 'n derde te sluit;
- Die lashebber moet ingevolge die ooreenkoms verplig wees om die regte en verpligtinge, ingevolge die ooreenkoms met die derde beding, aan die 'undisclosed principal' oor te dra; en
- Die lashebber kan slegs namens een 'undisclosed principal' optree.

### **6.3 Oorweging van die funksionele kenmerke van die poelverhouding teenoor die vereistes vir die bestaan van die 'undisclosed principal' situasie**

Die funksionele kenmerke van die poelverhouding sal in hierdie onderafdeling opgeweeg word teen die vereistes vir die bestaan van die 'undisclosed principal' situasie ten einde vas te stel of die poelverhouding 'n 'undisclosed principal' situasie kan wees. Die vereistes van die 'undisclosed principal' situasie sal hieronder afsonderlik teen die relevante funksionele kenmerke van die poelverhouding opgeweeg word.

#### **6.3.1 Die sluiting van die ooreenkoms in die lashebber se eie naam**

In die bespreking van die vereistes vir die bestaan van die 'undisclosed principal' situasie is daarop gewys dat die lashebber 'n ooreenkoms in sy eie naam met die derde moet sluit alvorens daar sprake van 'n 'undisclosed principal' situasie kan wees. Die noodwendige gevolg hiervan sal wees dat daar bedoel moet word dat alle regte en

---

<sup>266</sup> Ten opsigte van hierdie beginsel sien *Verkouteren v Rubesa* 1971 TPD 274; *Spies v Hansford Ltd* 1940 TPD 1; *Blaikie & Co Ltd v Lancashire* 1951 4 SA 571 (N); *Botha v Van Niekerk* 1983 3 SA 513 (W) en *LAWSA Vol 2 Cession* par 242.

verpligtinge wat ingevolge die ooreenkoms ontstaan, minstens aanvanklik tussen die lashebber en die derde bindend sal wees.

In die bespreking en uiteensetting van die funksionele kenmerke van die poelverhouding in Hoofstuk 3, is daarop gewys dat die koöperasie kontrakte met derdes in sy eie naam sluit en dat derdes deurlopend onder die indruk verkeer dat hulle met die koöperasie kontrakteer. Onder afdeling 6.2 hierbo is reeds daarop gewys dat dit nie 'n vereiste vir die bestaan van 'n 'undisclosed principal' situasie is dat die derde moet weet dat die tussenganger in opdrag van 'n 'undisclosed principal' optree nie.

Die skrywer doen aan die hand dat hierdie vereiste vir die bestaan van 'n 'undisclosed principal' situasie wel in die geval van die poelverhouding teenwoordig is.

### 6.3.2 *Die lashebber moet opdrag van die 'undisclosed principal' kry*

Die vraag of daar 'n opdrag deur produsente aan die koöperasie was om produkte in die koöperasie se eie naam te gaan verhandel moet beoordeel word beide met verwysing na wat uitdruklik in die statuut van die koöperasie bepaal word en wat die partye in werklikheid gedoen het.

In die tipiese statuut word daar nie uitdruklik bepaal dat die koöperasie verplig is om kontrakte met derdes in die koöperasie se eie naam te sluit nie. Daar word in werklikheid aan die koöperasie 'n diskresie verleen betreffende die wyse waarop daar met produkte gehandel kan word. Die skrywer doen egter aan die hand dat daar onderskei moet word tussen die wyse waarop daar met produkte gehandel word en die sluiting van die onderliggende ooreenkoms. Die grondslag van die poelverhouding berus daarop dat die produsente ingevolge die statuut aan die koöperasie opdrag gee om met sy produkte na goeë dunnke te handel. Daar kan dus geargumenteer word dat die produsente implisiet aan die

koöperasie opdrag gee om kontrakte in sy eie naam te sluit en dat die koöperasie gevolglik die nodige 'authority' het.

*6.3.3 Die lashebber moet verplig wees om die regte en verpligtinge wat hy ingevolge die ooreenkoms bekom het aan die 'undisclosed principal' oor te dra*

In die statuut word nie bepaal dat die produsente op enige stadium na vore kan tree en die regte en verpligtinge wat die koöperasie ingevolge die ooreenkoms beding het, kan opeis nie. Die feit dat die koöperasie 'n diskresie het betreffende die wyse waarop daar met produkte gehandel kan word, dui ook daarop dat daar nie 'n implisiete beding is dat die produsente wel na vore kan tree nie. Hierdie siening word verder ondersteun deur die feit dat die produsente in die praktyk nooit na vore tree en die regte en verpligtinge opeis nie.

Die skrywer doen dus aan die hand dat hierdie vereiste vir die bestaan van 'n 'undisclosed principal' situasie nie in die geval van die poelverhouding teenwoordig is nie.

*6.3.4 Die lashebber kan nie namens meer as een 'undisclosed principal' optree nie*

Hierdie aspek is problematies in die konteks van die poelverhouding. In Hoofstuk 3 is daarop gewys dat die koöperasie die produkte verpoel en tot voordeel van al die produsente bemark. Die produkte vermeng deur verpoeling en asgevolg van sodanige verpoeling is dit dus fisies onmoontlik vir die koöperasie om aan te dui dat hy 'n spesifieke kontrak in opdrag van 'n bepaalde produsent sluit. Die koöperasie tree dus deurlopend in opdrag van alle produsente gesamentlik op indien ooreenkomste gesluit word.

Die skrywer doen aan die hand dat hierdie vereiste vir die bestaan van 'n 'undisclosed principal' situasie dus ook nie in die geval van die poelverhouding teenwoordig is nie.

#### **6.4 Gevolgtrekking**

Na aanleiding van voorgemelde bespreking blyk dit dat die vereistes vir die bestaan van 'n 'undisclosed principal' situasie nie teenwoordig is nie weens die feit dat daar geen verpligting op die koöperasie blyk te wees om die regte en verpligtinge wat ingevolge ooreenkomste beding word aan produsente oor te dra nie en weens die feit dat daar deurlopend in opdrag van meer as een produsent opgetree is.

Die skrywer doen aan die hand dat na aanleiding van voorgemelde daar nie in die geval van die poelverhouding sprake van 'n 'undisclosed principal' situasie kan wees nie.

## **Hoofstuk 7**

### **Die vergelyking van die funksionele kenmerke van die poelverhouding met die lasgewingsooreenkoms**

#### **7.1 Inleiding**

In hierdie hoofstuk word die funksionele kenmerke van die poelverhouding opgeweeg teen die *essentialia* van die lasgewingsooreenkoms. Daar sal eerstens gekyk word na die *essentialia* van 'n lasgewingsooreenkoms en wat sodanige *essentialia* omvat. Daarna sal daar oorweeg word tot welke mate die funksionele kenmerke van die poelverhouding voldoen aan hierdie *essentialia*.

'n Lasgewingsooreenkoms, ook genoem *mandatum*, is in wese 'n konsensuele ooreenkoms tussen twee partye naamlik die lasgewer en lashebber, ingevolge waarvan die lashebber onderneem om 'n opdrag vir die lasgewer af te handel. In wese onderneem die lasnemer om iets op versoek van die lasgewer te doen.<sup>267</sup> Alhoewel die mandaat gewoonlik gratis onderneem word, kan daar wel vir betaling van vergoeding voorsiening gemaak word.<sup>268</sup>

Aangesien die woord mandaat 'n opdrag deur die lasgewer gegee, impliseer, word die indruk geskep dat 'n mandaat geskep word deur 'n eensydige handeling deur die lasgewer deur die gee van die mandaat. Voorgemelde is egter nie die geval nie aangesien die mandaat slegs deur konsensus tot stand kan kom.<sup>269</sup> Daar moet dus 'n ooreenkoms tussen die lasgewer en die lasnemer wees uit hoofde van die maak en aanvaarding van 'n aanbod tesame met 'n onderneming om die mandaat uit te voer alvorens 'n mandaat tot stand kan kom. Die ooreenkoms moet

---

<sup>267</sup> LAWSA Vol 17 *Mandate* par 2; De Wet en Van Wyk 386.

<sup>268</sup> LAWSA Vol 17 par 2; De Wet en Van Wyk 386; Beyleveld *Mandatum en Locatio Conductio Operis* 151.

<sup>269</sup> LAWSA Vol 17 par 2.

ook aan al die ander algemene vereistes vir die totstandkoming van 'n kontrak voldoen.<sup>270</sup>

'n Mandaat moet onderskei word van 'n volmag. 'n Volmag gee die gevolmagtigde party die bevoegdheid om juridiese handelingte namens die volmaggewer te verrig, terwyl daar in die geval van *mandatum* nie noodwendig 'n bevoegdheid bestaan om regshandelingte namens die mandator te verrig nie. Daar is egter gevalle waar die lashebbter wel sodanige volmag sal hê.<sup>271</sup>

## **7.2 Die essentialia van die lasgewingsooreenkoms**

Die grondslag van die lasgewingsooreenkoms berus daarin dat die lasnemer onderneem om iets vir die lasgewer op versoek of in opdrag te doen. Die oogmerk van die mandaat wat sodanig verleen word mag nie onwettig, wederegtelik of ongeoorloof wees nie.<sup>272</sup>

Die lasgewingsooreenkoms het 'n wye strekking en kan in 'n hele aantal vorms voorkom. Dit kan, en is ook dikwels die geval, dat die lasgewingsooreenkoms verband hou met die aangaan van juridiese handelingte soos die sluiting van kontrakte, die novasie van kontrakte en die vervreemding van eiendom.<sup>273</sup> Dit kan egter ook verband hou met die verrigting van nie-juridiese handelingte<sup>274</sup> of tot beide die verrigting van juridiese en nie-juridiese handelingte.<sup>275</sup> Die onderskeid betreffende juridiese en nie-juridiese handelingte is van belang ten einde die aard van die betrokke ooreenkoms vas te stel.<sup>276</sup>

---

<sup>270</sup> Sien De Wet en Van Wyk 386 en verder vir 'n volledige bespreking van die algemene vereistes vir die totstandkoming van 'n geldige kontrak.

<sup>271</sup> LAWSA Vol 17 par 2; De Wet en Van Wyk 387.

<sup>272</sup> LAWSA Vol 17 par 3.

<sup>273</sup> Ibid.

<sup>274</sup> *Knoble v Murray* (1854) 2 Searle 75; *Sciama & Co v Table Bay Harbour Board* (1900) 17 SC 121; *Clarke v Durban & Coast SPCA* 1959 4 SA 333 (N).

<sup>275</sup> LAWSA Vol 17 par 3.

<sup>276</sup> Ibid.

Die strekking van 'n lasgewingsooreenkoms kan beperk of wyd omskryf word, onderhewig daaraan dat dit met voldoende sekerheid omskryf moet word ten einde die geldigheid van die kontrak as gevolg van vaagheid nie in gedrang te bring nie.<sup>277</sup> Die lasgewingsooreenkoms mag ten doel hê om 'n enkele handeling te verrig of om 'n kontrak te sluit of om byvoorbeeld fondse in 'n bankrekening in te betaal. Dit kan egter ook 'n reeks handeling omvat byvoorbeeld om 'n ooreenkoms te sluit en om enige daaropvolgende aspekte van die bepaalde transaksie te hanteer byvoorbeeld betaling en lewering ingevolge die betrokke ooreenkoms.<sup>278</sup>

'n Mandaat verleen ingevolge 'n lasgewingsooreenkoms wat die lasnemer verplig om 'n bepaalde handeling te verrig moet onderskei word van blote advies aan hom om op 'n bepaalde manier op te tree aangesien advies geen verpligtinge skep nie.<sup>279</sup>

In die Romeinse Reg is die uitvoer van handeling ingevolge 'n lasgewingsooreenkoms vir geen vergoeding onderneem en was die toepassingsgebied daarvan beperk tot gevalle waar 'n vriend vir 'n ander vriend 'n taak verrig het.<sup>280</sup> Dit het egter nie die lasgewer verhoed om 'n geskenk aan die lasnemer te maak nie en sodanige geskenk sou nie die aard van die lasgewingsooreenkoms as synde gebaseer op 'n geen vergoedingbasis beïnvloed nie.<sup>281</sup> Later is selfs toegelaat dat die lashebber 'n *honorarium* beding maar anders as in die geval van die dienskontrak kon hy nie op grond van sodanige beding ageer nie.<sup>282</sup> In

---

<sup>277</sup> Ibid.

<sup>278</sup> Ibid

<sup>279</sup> Die Romeinse reg het onderskei tussen *mandata mea gratia* ("mandate vir my voordeel") en *mandata tua gratia* ("mandate vir jou voordeel") en eersgemelde was nie werklik 'n mandaat ingevolge 'n lasgewingsooreenkoms nie. In die moderne reg sal 'n mandaat tot voordeel van die lasnemer nie 'n bindende kontrak wees nie as gevolg van 'n gebrek aan wilsooreenstemming. Sien LAWSA Vol 17 par 3 noot 11 en *Meyersohn v Schmidt* (1884) 1 Buch AC 375.

<sup>280</sup> LAWSA Vol 17 par 4; De Wet en Van Wyk 386; Zimmermann 415.

<sup>281</sup> LAWSA Vol 17 par 4; Zimmermann 415.

<sup>282</sup> LAWSA Vol 17 par 4; De Wet en Van Wyk 386.



die moderne reg kan die lashebber *ex contractu* ageer vir sy beloning. Dit maak hom egter steeds nie 'n dienskneg nie en sal hy slegs een wees indien hy sy werk onder die beheer en toesig van die 'lasgewer' doen.<sup>283</sup>

In die Romeins-Hollandse reg is *mandatum* ook essensiëel as gratis beskou en aanverwant aan gevalle waar die lasgewing onderneem is sonder 'n belofte op betaling.<sup>284</sup> In die kommersiële omgang was daar egter menigte gevalle waar die lasnemer in praktyk vergoeding ontvang het in ooreenstemming met die gebruik van die bepaalde tyd en plek.<sup>285</sup> Dit was in werklikheid nie onbekend dat 'n lasnemer 'n ooreenkoms met 'n lasgewer sou sluit met betrekking tot vergoeding nie, maar in die meeste gevalle sou die lasgewer die lasnemer die gebruikelike vergoeding gee en sou hy by versuim om dit te doen blootgestel wees aan 'n eis van die lasnemer.<sup>286</sup>

Voorgemelde het onvermydelik verwarring teweeg gebring aangesien dit regspraktisyns gekonfronteer het met 'n dilemma betreffende die aard van *Mandatum*. Die kontraksoort *Mandatum* was of essensiëel gratis met die gevolg dat indien vergoeding beding is, dit nie *Mandatum* sou kon wees nie, of vergoeding kon ingevolge *Mandatum* beding word en kon gevolglik 'n ooreenkoms met betrekking waartoe die uitvoer van opdragte of gratis of vir 'n ooreengekome vergoeding insluit.<sup>287</sup>

Beyelveld<sup>288</sup> analiseer die aard van *Mandatum* aan die hand van 'n bespreking van 'n aantal beslissings waaronder die in *Mason v Vacuum Oil Co of SA Ltd.*<sup>289</sup> Die feite in hierdie beslissing was kortliks as volg: A,

---

<sup>283</sup> LAWSA Vol 17 par 5; De Wet en Van Wyk 386.

<sup>284</sup> Beyelveld 198; *Mason v Vacuum* 1936 CPD 220.

<sup>285</sup> LAWSA Vol 17 par 4.

<sup>286</sup> Ibid.

<sup>287</sup> Ibid.

<sup>288</sup> Op 148.

<sup>289</sup> 1936 CPD 219.

wat in diens van B was, is deur inbrekers op B se besigheidspersoneel aangerand en as gevolg hiervan eis A vergoeding van B. A baseer sy eis op die feit dat die inbraak en aanranding aan B se nalatigheid te wyte was. Die relevante vraag is of B verplig was om A te vergoed. Waarnemede regter-president Watermeyer maak in hierdie verband die volgende opmerking op 222:

*“(I)t is clear that a principal must indemnify his agent, the matter was dealt with in the case of De Villiers and Others v Beaufort West Municipality (1924) CPD 505, and a number of authorities are referred to in that judgement. What is there said, however applies only to an agent or to use the Roman-Dutch law term a mandatary, and cannot be extended to a servant. The terms ‘servant’ and ‘agent’ are often loosely used as interchangeable words having a similar meaning. This leads to confusion, and it must not be forgotten that the Roman-Dutch writers...when they are dealing with the obligation of a principal to indemnify his agent against loss sustained in the execution of a mandate are dealing with obligations arising from the contract of mandatum and not with...the contract locatio operis or locatio operarum.”*

Die regter analiseer die instelling van *Mandatum* en met verwysing na Voet kom hy tot die gevolgtrekking dat die vereiste van die kosteloosheid van die opdrag, soos gestel in die Romeinse reg, nie meer ‘n essensiële kenmerk van hierdie kontraksvorm is nie. Die vermelde gedeelte in Voet kom volgens die regter daarop neer dat die betaling van ‘n honorarium nie hierdie kontraksvorm in *locatio conductio* verander nie.<sup>290</sup> Die regter gaan dan voort en verklaar in verband met die vraag van wat die essensie van die kontrak van *Mandatum* is die volgende op 223:

*“An examination of the best known authorities will at once show how difficult they find it to give a satisfactorily definition which includes the essential features of the contract and discards the nonessential features...”*

---

<sup>290</sup> Op 223.

Die regter haal vervolgens 'n verskeidenheid van bronne aan waaronder Grotius, Van Leeuwen, Voet en Pothier wat omskrywings van *Mandatum* gee. Ten spyte van die feit dat al hierdie bronne daarop dui dat die opdrag kosteloos uitgevoer moet word, gaan die regter voort en maak die volgende stelling op 223:

*"It cannot be said that any of these definitions are satisfactory; none of them bring out any essential distinction between mandatum and locatio operis."*

Met verwysing na Van der Linden maak die regter die opmerking dat die essensiële kenmerk van *Mandatum* die verlening van 'n verteenwoordigingsbevoegdheid is. In hierdie verband verklaar die regter as volg op 223:

*"Van der Linden seems to me to put the matter much more satisfactory. He defines mandate as a transaction by which a person commits the management of one or more of his affairs in his stead and on his account to another person who charges himself to gratuitously therewith and binds himself to render an account. This comes much nearer to the essential idea of a mandatory as a person who acts for and on behalf of another representing him as it were in his absence so far as third parties are concerned."*

Beyleveld<sup>291</sup> doen aan die hand dat die regter se analise in hierdie beslissing verdere oorweging verg. Beyleveld wys ook daarop dat die regter *Mandatum* en *Locatio Conductio Operis* as besondere regsinstellings van mekaar onderskei.

Beyleveld is van mening dat waar die regter in sy uitspraak na Voet verwys wat volgens hom daarop dui dat die lasnemer teen vergoeding kan optree, die regter die Romeins-Hollandse bronne nie deeglik bestudeer het nie. Beyleveld wys verder daarop dat die Romeins-Hollandse skrywers die verskynsel van 'n

---

<sup>291</sup> Op 150.

verteenwoordigingsbevoegdheid moes verklaar en aangesien hulle nie hierdie verskynsel geken het nie, moes eersgenoemde skrywers dit erens in hulle sisteem tuisbring. Volgens Beyleveld het die meeste van hulle dit in hulle sisteem onder *Mandatum* tuisgebring, sonder dat hulle 'n duidelike begrip gehad het dat dit twee aparte regsinstellings is. Volgens Beyleveld<sup>292</sup> verwys die uitlating van Voet waarskynlik na die verlening van 'n verteenwoordigingsbevoegdheid en het dit niks met *Mandatum* te doen nie. Beyleveld doen aan die hand dat die stelling van die regter dat die kostelose aard van die opdrag nie die essensiële onderskeid tussen *Mandatum* en *Locatio Conductio Operis* na vore bring nie, maar dat die verlening van die verteenwoordigingsbevoegdheid die essensiële kenmerk van *Mandatum* is, 'n duidelike bewys is van wat hy gesê het ten aansien van die regter se bevindinge. Beyleveld wys daarop dat die regter sy uitspraak baseer op 'n uitlating van Van Der Linden maar dat Van Der Linden *Mandatum* en die verteenwoordigingsbevoegdheid met mekaar verwar blyk daaruit dat die skrywer met twee regsinstellings werk wat hy nie van mekaar onderskei nie. Beyleveld wys daarop dat verteenwoordigingsbevoegdheid kan voortvloei uit *Mandatum*, maar hierdie feit onderskei dit nie van *Locatio Conductio Operis* nie. In hierdie verband verwys Beyleveld ook op die beslissing in *Colonial Mutual Life Assurance Society Ltd v Macdonald*<sup>293</sup> op 426 waarin die volgende opmerking gemaak is:

*"A contract may have some of the features of an agency agreement and yet be a service contract or vice versa"*

Die vraag of die essensiële kenmerk van *Mandatum* die verlening van 'n verteenwoordigingsbevoegdheid behels, is in *Brayshaw v Schoeman en Andere*<sup>294</sup> beslissend deur die appélhof aangespreek. In voorgemelde beslissing het die hof bevind dat *Mandatum* bestaanbaar is sonder die teenwoordigheid van 'n verteenwoordigingsbevoegdheid.

---

<sup>292</sup> Op 151.

<sup>293</sup> 1931 AD 412.

<sup>294</sup> 1960 1 SA 625 (A).

Beyleveld<sup>295</sup> doen aan die hand dat aanvaar behoort te word dat *Mandatum* soos dit in die Romeinse reg bestaan het nie meer algemeen voorkom nie. Hierdie gevolgtrekking is volgens Beyleveld daarop gebaseer dat die onderskeidende kenmerk wat hierdie kontraksoort in die Romeinse reg gehad, naamlik die kostelose uitvoer van die opdrag, nie meer so sterk na vore kom nie. Beyleveld wys ook daarop dat die instelling van verteenwoordiging 'n sterk invloed op die Suid-Afrikaanse regspraak rakende die aard van *Mandatum* gehad het en as gevolg hiervan het die term 'agency' in ons regspraak opgeduik wat nêrens werklik 'n deurlopende betekenis het nie.<sup>296</sup> Dit het volgens Beyleveld tot aansienlike verwarring gelei. Beyleveld<sup>297</sup> doen aan die hand dat daar met sekerheid gesê kan word dat die Romeinsregtelike onderskeidende faktor by *Mandatum*, naamlik dat die opdrag kosteloos uitgevoer moes word, nie meer in die Suid-Afrikaanse regspraak voorkom nie.

Beyleveld<sup>298</sup> probeer die essensiële vereistes vir die bestaan van *Mandatum* verklaar aan die hand van 'n vergelyking van die kontraksoort *Mandatum* met die kontraksoort *Locatio Conductio Operis*. Hy<sup>299</sup> wys daarop dat die Romeinsregtelike onderskeid tussen hierdie twee kontraksoorte nie meer in die Suid-Afrikaanse reg gehandhaaf word nie. Hy wys verder daarop dat dit uit die Suid-Afrikaanse positiewe reg moeilik blyk te wees om die kontraksvorme *Mandatum* en *Locatio Conductio Operis* van mekaar te onderskei. Na 'n ontleding van 'n aantal hofbeslissings<sup>300</sup> kom hy tot die gevolgtrekking dat die enigste kenmerk wat die kontraksvorme *Mandatum* en *Locatio Conductio Operis* van

---

<sup>295</sup> Op 195.

<sup>296</sup> Sien ook in hierdie verband die bespreking in Hoofstuk 5 betreffende die betekenis van 'agency'

<sup>297</sup> Op 196.

<sup>298</sup> Op 198.

<sup>299</sup> Op 220.

<sup>300</sup> Sien Beyleveld Op 121 ev vir 'n bespreking en uitwysing van hierdie beslissings asook Beyleveld se gevolgtrekkings in hierdie verband.

mekaar onderskei die feit is dat *Locatio Conductio Operis* gaan oor die verwerking van 'n stoflike saak terwyl dit nie die geval by *Mandatum* is nie.

In *Eksteen v Van Schalkwyk*<sup>301</sup> maak regter Jansen die volgende opmerking betreffende die aard van *Mandatum*:

*“In die Romeinse reg het mandatum reeds bekend gestaan as een van die vier konsensuele kontrakte (contractus consensu) wat gebaseer is op die wilsooreenstemming (consensus) van die kontrakterende partye. Die lasgewer of mandator aan die een kant en die lashebber aan die ander kant en die lashebber of mandatarius aan die ander kant moes ad idem wees oor die aard en omvang van die opdrag of mandaat. Kyk byvoorbeeld Digesta 17.1.2 en 17.1.5. In die eerste teks handel Gaius met die verskillende soorte mandaat terwyl Paulus in die tweede passaat daarop wys dat die omvang of grense (fines) van die mandaat sorgsaam (diligenter) in die oog gehou moet word.*

*Van belang is dat die lashebber nie die verteenwoordiger of agent van die lasgewer was nie. Hy kon dus nie die lasgewer persoonlik verbind deur kontraktuele verpligtinge met derde partye aan te gaan nie. Ulpianus vertel ons in Digesta 17.1.8.3 dat die lashebber self aanspreeklik is omdat hy self 'n aksie teen die derde het (...et ipse tenetur...quia agere potest). Vir sover hy egter uitgawes aangegaan het of skade gely het, kon hy dit verhaal van die lasgewer by wyse van die actio mandati contraria. Kyk Digesta 17.1.12.9; 17.1.15; 17.1.26.6; 17.1.45.*

Die skrywer doen aan die hand dat voorgemelde bespreking deur Regter Jansen in *Eksteen v Van Schalkwyk*<sup>302</sup> bevestigend is van die siening dat in die moderne Suid-Afrikaanse reg die kontraksoort *Mandatum* beskou word as 'n ooreenkoms ingevolge waarvan die lasnemer en lasgewer ooreenkom dat die lasnemer namens die lasgewer 'n opdrag sal uitvoer.

---

<sup>301</sup> 1991 2 SA 39 T 42.

<sup>302</sup> 1991 2 SA 39 T.

Uit bogemelde bespreking is dit ook duidelik dat *Mandatum* van ander kontraksoorte onderskei moet word. Aangesien *Mandatum* in die moderne Suid-Afrikaanse reg die vorm van 'n onderneming om bepaalde take te verrig kan aanneem, moet dit van 'n dienskontrak onderskei word. 'n Dienskontrak behels gewoonlik die verskaffing van dienste oor 'n tydperk<sup>303</sup> en die persoon wat die diens lewer is onder die beheer en toesig van die werkgever, terwyl in die geval van *Mandatum* dit gewoonlik gaan om die onderneming om 'n bepaalde opdrag te verrig ongeag die duur daarvan sonder dat die lasnemer onder die beheer en toesig van die lasgewer staan. Daar sal egter minstens van die lasnemer verwag word om die spesifieke instruksies wat aan hom gegee is na te kom.<sup>304</sup>

In die geval van 'n kontrak vir die nakoming van 'n spesifieke opdrag, is die persoon wat die opdrag uitvoer nie verplig om homself onder die beheer en toesig van die opdraggewer te plaas nie alhoewel hy gebonde is om die spesifieke instruksies van die opdraggewer na te kom.<sup>305</sup> Sodra hy die gemelde opdragte voltooi het is hy geregtig op die ooreengekome vergoeding.<sup>306</sup> Daar moet egter in gedagte gehou word dat in die geval van *Mandatum* waar die lasnemer vergoeding vir die uitvoering van sy mandaat beding het die situasie soortgelyk aan voorgemelde kan wees. Die onderskeid tussen *Mandatum* en *Locatio Conductio Operis* sal in sodanige gevalle duidelik uit die aard en inhoud van die kontrak blyk. Daar mag egter volgens Joubert<sup>307</sup> verwarring ontstaan in gevalle waar 'n onderneming om 'n regshandeling namens 'n ander aan te gaan geklassifiseer word as *Mandatum* terwyl 'n onderneming om 'n nie-juridiese handeling aan te gaan of waar die handeling nie verteenwoordiging behels nie as 'n dienskontrak tipeer word.<sup>308</sup>

<sup>303</sup> LAWSA Vol 17 par 5; De Wet en Van Wyk 384; Beyleveld 101.

<sup>304</sup> LAWSA Vol 17 par 5; De Wet en Van Wyk 387; *Logan v Barnato's Executors* 9 CTR 486.

<sup>305</sup> LAWSA Vol 17 par 5.

<sup>306</sup> LAWSA Vol 17 par 5; De Wet en van Wyk 388.

<sup>307</sup> LAWSA Vol 17 par 5.

<sup>308</sup> De Villiers and Macintosh 42-48.

In die Romeinse Reg reg is aanvaar dat 'n lasgewingsooreenkoms waarskynlik nie geldig sou wees waar 'n lasgewer aan 'n lashebber opdrag sou gee om byvoorbeeld enige plaas te koop nie.<sup>309</sup> Die grondslag van hierdie siening berus daarin dat die voorwerp met betrekking waartoe die transaksie beklank moet word duidelik omskryf moet wees. Met ander woorde die omvang van die lashebber se opdrag moet met voldoende sekerheid omskryf wees. Alhoewel die skrywers in die moderne Suid-Afrikaanse reg nie oor hierdie aspek uitbrei nie word daar aan die hand gedoen dat hierdie kenmerk steeds deel van *mandatum* in sy moderne form is. Hierdie afleiding word gemaak uit die feit dat in die geval van *Locatio Conductio Operis* dit gaan om die uitvoer van 'n spesifieke opdrag (met betrekking tot 'n stoflike saak). Indien aanvaar word dat die *essentialia* van *Mandatum* en *Locatio Conductio Operis* in wese dieselfde is met die uitsondering dat in die geval van laasgenoemde dit gaan om 'n opdrag betreffende werk aan 'n stoflike saak, moet die opdrag ingevolge *mandatum* dus ook betrekking hê op 'n spesifieke situasie.

Volgens Joubert<sup>310</sup> kan verteenwoordiging beskou word as 'n verskynsel waarvolgens een persoon namens 'n ander regte kan skeep, verander of uitwis. Die persoon wat die handeling verrig (die verteenwoordiger) moet die bevoegdheid hê om voorgemelde te bewerkstellig en moet in die naam van die verteenwoordigde handel. Volgens Joubert<sup>311</sup> moet verteenwoordiging van *Mandatum* onderskei word. Ingevolge die kontraksoort *Mandatum* word regte en verpligtinge slegs tussen die partye tot die kontrak geskep. Daar mag egter moontlik volgens Joubert 'n kombinasie met volmag wees ingevolge waarvan die lasnemer die bevoegdheid verkry om in die naam van die lasgewer regshandelinge aan te gaan.

---

<sup>309</sup> Zimmermann 422.

<sup>310</sup> LAWSA Vol 17 par 6.

<sup>311</sup> Ibid.



Soos reeds hierbo vermeld is 'n lasgewingsooreenkoms 'n ooreenkoms ingevolge waarvan die lashebber teenoor die lasgewer onderneem om vir laasgenoemde 'n opdrag uit te voer. Indien aanvaar word dat die enigste onderskeidende kenmerk tussen *Mandatum* en *Locatio Conductio Operis* die verrigting van 'n opdrag ten aansien van 'n stoflike saak al dan nie is, kan daar tot die gevolgtrekking gekom word dat *Mandatum* dieselfde *essentialia* as *Locatio Conductio Operis* het met die onderskeid slegs ten aansien waarvan die opdrag uitgevoer word. Die *essentialia* van *Locatio Conductio Operis* is die volgende:

- die werkaannemer onderneem om 'n stuk werk met betrekking tot 'n stoflike saak te voltooi;
- om die stoflike saak ten aansien waarvan die werk voltooi word aan die werkuitgewer behoort
- dat die werkaannemer onafhanklik van die werkuitgewer die stuk werk sal voltooi;

Soos reeds hierbo aangedui blyk dit dat die lasgewingsooreenkoms van *locatio conductio operis* slegs op grond van die feit dat laasgenoemde optrede met betrekking tot 'n stoflike saak is, onderskei kan word. Die *essentialia* van die lasgewingsooreenkoms sal dus gevolglik dienooreenkomstig aangepas moet word.

Na aanleiding van voorgemelde bespreking kan die volgende *essentialia* soos in die moderne reg aanvaar dus aan die lasgewingsooreenkoms verbind word:

- Daar moet 'n onderneming deur die lashebber teenoor die lasgewer wees om 'n opdrag namens hom uit te voer welke opdrag nie verband hou met die verwerking van 'n stoflike saak nie; en
- Die lashebber moet nie onder die beheer en toesig van die lasgewer wees nie.

Behalwe voorgemelde twee *essentialia* moet daar uiteraard ook 'n kenbare bedoeling wees om 'n lasgewingsooreenkoms tot stand te bring.

### **7.3 Oorweging van die funksionele kenmerke van die poelverhouding teenoor die essentialia van die lasgewingsooreenkoms**

Die funksionele kenmerke van die poelverhouding sal in hierdie onderafdeling opgeweeg word teen die *essentialia* van die lasgewingsooreenkoms ten einde vas te stel of die poelverhouding 'n lasgewingsooreenkoms verhouding kan wees. Die *essentialia* van die lasgewingsooreenkoms sal hieronder afsonderlik teen die relevante funksionele kenmerke van die poelverhouding opgeweeg word.

#### *7.3.1 Die lashebber moet nie onder die beheer en toesig van die lasgewer funksioneer nie*

In die konteks van die poelverhouding kan daar geen sprake wees van beheer en toesig deur produsente oor die aktiwiteite van die koöperasie nie bloot uit hoofde van die aard van die aktiwiteite wat geskied. Die koöperasie besluit byvoorbeeld self of hy die produkte self gaan verwerk en of hy 'n kontrakteeër gaan gebruik asook die wyse van bemerking daarvan.

Daar kan gevolglik geen sprake van beheer en toesig deur produsente oor die funksies van die koöperasie wees nie en word aan hierdie essensiële kenmerk van lasgewing voldoen.

#### *7.3.2 Die onderneming om 'n opdrag uit te voer*

Alhoewel daar op grond van die bepalings van die koöperasie se statuut geargumenteer kan word dat die produsente aan die koöperasie 'n algemene opdrag verleen om met produkte wat verpoel word te handel en daar dus aan hierdie essensiële kenmerk van die poelverhouding voldoen word is sodanige argument nie juridies suiwer nie.

Soos reeds hierbo uiteengesit is in die Romeinse Reg reg aanvaar dat 'n lasgewingsooreenkoms waarskynlik nie geldig sou wees waar 'n lasgewer aan 'n lashebber opdrag sou gee om byvoorbeeld enige plaas te koop nie. Indien daar na hierdie aspek gelet word, is die opdrag wat in die geval van die poelverhouding gegee word, moontlik te wyd en omvattend aangesien dit nie bloot net een aspek betreffende die bemarking van produkte omvat nie, maar in werklikheid 'n hele aantal.

Selfs sou daar wel aan hierdie essensiële kenmerk voldoen word, laat die wye diskresie wat by die koöperasie toegelaat word betreffende die bemarking van produkte twyfel ontstaan of daar wel 'n bedoeling kan wees om 'n lasgewingsverhouding te skep.

#### **7.4 Gevolgtrekking**

Na aanleiding van bogemelde bespreking blyk dit dat daar twyfel bestaan of daar met voldoende sekerheid gesê kan word dat die *essentialia* van die lasgewingsooreenkoms teenwoordig is in die geval van koöperatiewe poele.

Die twyfel wat ontstaan betreffende die teenwoordigheid van die *essentialia* van 'n lasgewingsooreenkoms skep ook twyfel of daar 'n kenbare bedoeling is om 'n lasgewingsooreenkoms te skep. Dit is argumenteerbaar dat indien die partye die bedoeling gehad het om 'n lasgewingsooreenkoms te skep, hulle die statuut op so 'n wyse sou opstel wat sodanige bedoeling ondubbelsinnig weerspieël.

Die skrywer doen na aanleiding van voorgemelde bespreking aan die hand dat daar nie in die geval van koöperatiewe poele met 'n lasgewingsooreenkoms gehandel word nie.

## **Hoofstuk 8**

### **Die regsraad van koöperatiewe poele**

#### **8.1 Inleiding**

In die voorafgaande hoofstukke is die funksionele kenmerke van die verhouding tussen die partye betrokke in die geval van koöperatiewe poele opgeweeg teenoor 'n aantal bestaande en geykte kontraksoorte. Na aanleiding van voorgemelde ondersoek is daar tot die gevolgtrekking gekom dat daar nie in die geval van koöperatiewe poele sprake kan wees van verteenwoordiging, die 'undisclosed principal' situasie, 'n lasgewingsooreenkoms of 'n vennootskapsverhouding in die tradisionele sin nie.

Die vraag wat natuurlikerwys uit voorgemelde ondersoek en daaropvolgende bevinding voortvloei is of, indien die poelverhouding nie as enige van voorgemelde kontraksoorte klassifiseer kan word nie, daar gesê kan word dat die kontraktuele verhouding wat in die geval van koöperatiewe poele vergestalt word, 'n *sui generis* kontraksoort is.

In Hoofstuk 2 is daarop gewys dat die howe nie inskiklik is om 'n kontrak as *sui generis* te klassifiseer nie en eerder die ooreenkoms as 'n mengvorm van meer as een kontraksoort sal tipeer as om dit as *sui generis* te klassifiseer.

Ten einde voorgemelde probleem betreffende die klassifikasie van die poelverhouding in perspektief te stel, volg 'n kort uiteensetting van die gronde waarop bevind is dat die poelverhouding nie as een van die kontraksoorte hierbo gemeld tipeer kan word nie.

#### **8.2 Die poelverhouding as vennootskapssooreenkoms**

In Hoofstuk 4 is daarop gewys dat ten einde 'n geldige vennootskapsverhouding tot stand te bring daar, behalwe die nodige

*essentialia*, ook nie 'n teenstrydige bedoeling moet wees wat dui op die afwesigheid van 'n vennootskapsverhouding. Soos reeds in Hoofstuk 4 uiteengesit, blyk dit dat in die onderhawige geval al die elemente van die vennootskapsooreenkoms teenwoordig is en dat daar dus *prima facie* bewys van 'n bedoeling om 'n vennootskap te skep is.

Die skrywer het egter ook reeds aan die hand gedoen dat daar nie in die onderhawige geval 'n bedoeling kan wees om 'n vennootskapsverhouding tot stand te bring nie. Elke keer wanneer 'n produsent produkte verpoel stem hy toe tot vereniging van die produkte. Daar word altyd met die koöperasie gekommunikeer en die verpoeling van produkte vind ingevolge die bepalinge van die statuut plaas. Een produsent weet byvoorbeeld nie eens wie die ander persone is met wie hy sy produkte in die poel verenig nie.

Daar is ook aan die hand gedoen dat aangesien die produsente altyd met die koöperasie kontrakteer en daar geen kommunikasie tussen die produsente onderling is nie, daar nie juis sprake kan wees van die bestaan van 'n bedoeling om 'n vennootskap tot stand te bring nie.

Ingevolge die poelverhouding weet die produsente nie eens wat die koöperasie met verpoelde produkte gaan doen nie. Indien voorgemelde in die konteks van die praktiese verhouding tussen die partye beskou word, naamlik dat die produsente nooit by die bemerking van produkte betrokke is nie en buitestaanders nie eens van die produsente bewus is nie, blyk dit nog verder ondersteunend te wees van die siening dat daar nie in die onderhawige geval 'n bedoeling is om 'n vennootskapsverhouding te skep nie.

Afgesien van 'n gebrek aan die bedoeling om 'n vennootskapsverhouding te skep is die volgende elemente van 'n vennootskapsooreenkoms egter wel teenwoordig:

- Elke party dra iets by tot die onderneming wat beoog word;

- Die aktiwiteite wat verband hou met die bedryf van die poele is tot voordeel van al die betrokke partye; en
- Die oogmerk van verpoeling en die verwante aktiwiteite is om 'n wins te maak.

### **8.3 Die poelverhouding as behelsende verteenwoordiging van die produsente deur die koöperasie**

In die bespreking van die vereistes van verteenwoordiging in Hoofstuk 5 is daarop gewys dat alhoewel 'n verteenwoordiger nie hoef te openbaar wie sy prinsipaal is nie, hy wel moet aandui dat hy namens 'n prinsipaal optree. Indien hy in sy eie naam optree kan daar nie sprake van verteenwoordiging wees nie. Daar is ook reeds daarop gewys dat wanneer die koöperasie verpoelde produkte, of produkte wat uit die verpoelde massa vervaardig is, bemark, daar nooit aangedui word dat daar namens produsente gehandel word nie. Daar is egter reeds aan die hand gedoen dat hierdie vereiste ook saam met die bedoeling van die partye oorweeg moet word.

In Hoofstuk 3 is daarop gewys dat die produsente ingevolge die bepaling van die statuut verplig is om produkte aan die koöperasie te lewer mits die koöperasie in staat is om met sodanige produkte te handel. Daar is ook aangedui dat die koöperasie sy eie kommissie binne bepaalde perke vasstel. Hierdie funksionele kenmerke van die poelverhouding dui daarop dat daar vir die produsente 'n verpligting geskep word betreffende die wyse waarop hulle met hulle produkte moet handel. Die skrywer het reeds daarop gewys dat hierdie aspekte strydig is met die aard van verteenwoordiging. In die geval van verteenwoordiging gaan dit eerder daarom dat die prinsipaal aan die verteenwoordiger 'n bepaalde opdrag en bevoegheid verleen om namens hom op te tree by die sluiting van 'n regshandeling. Dit gaan dus nie om die geval waar die verteenwoordiger 'n opdrag aan die prinsipaal gee en hom gevolglik kan verplig om op 'n bepaalde wyse te handel alvorens die verteenwoordiger ingevolge die instelling van

verteenwoordiging sal optree nie. Alhoewel nie deurslaggewend, dui die feit dat die koöperasie 'n diskresie het betreffende die wyse waarop daar met produkte gehandel mag word ook daarop dat daar nie werklik 'n bedoeling is om die verteenwoordiging as instelling aan te wend nie.

Die skrywer het ook reeds daarop gewys dat voorgemelde aspekte, asook die feit dat daar nie onomwonde gestel word dat daar namens 'n prinsipaal opgetree word nie, daarop dui dat daar nie in die onderhawige geval sprake is van 'n bedoeling by die koöperasie om namens die produsente op te tree betreffende die bemarking van produkte nie.

Die volgende elemente van verteenwoordiging kan egter wel as deel van die poelverhouding beskou word:

- Daar is argumenteerbaar geimpliseerde volmag; en
- Die prinsipaal is in esse.

Hierdie twee elemente is egter nie eiesoortig aan verteenwoordiging nie en daar word aan die hand gedoen dat daar nie op grond van die bestaan van hierdie elemente beweer kan word dat die poelverhouding spesifiek elemente van verteenwoordiging omvat nie.

#### **8.4 Die poelverhouding as 'undisclosed principal' situasie**

In Hoofstuk 6 is daarop gewys dat die statuut nie bepaal dat die produsente op enige stadium na vore kan tree en die regte en verpligtinge wat die koöperasie ingevolge die ooreenkoms beding het, kan opeis nie. Die feit dat die koöperasie 'n diskresie het betreffende die wyse waarop daar met produkte gehandel kan word, dui ook daarop dat daar nie 'n implisiete beding is dat die produsente wel na vore kan tree nie. Hierdie siening word verder ondersteun deur die feit dat die produsente in die praktyk nooit na vore tree en die regte en verpligtinge opeis nie.

Hierdie vereiste vir die bestaan van 'n 'undisclosed principal' situasie blyk dus in die geval van die poelverhouding te ontbreek.

Die vereiste dat 'n lasnemer nie namens meer as twee 'undisclosed principals' mag optree nie is duidelik problematies in die konteks van die poelverhouding. In Hoofstuk 3 is daarop gewys dat die koöperasie die produkte verpoel en tot voordeel van al die produsente bemark. Die produkte vermeng deur verpoeling en as gevolg van sodanige verpoeling is dit dus fisies onmoontlik vir die koöperasie om aan te dui dat hy 'n spesifieke kontrak in opdrag van 'n bepaalde produsent sluit. Die koöperasie tree dus deurlopend in opdrag van alle produsente gesamentlik op indien ooreenkomste gesluit word.

Aangesien daar dus altyd namens meer as twee 'undisclosed principals' opgetree word kan die poelverhouding ook nie as 'n 'undisclosed principal' situasie tipeer word nie.

Die volgende elemente van die 'undisclosed principal' situasie skyn in die geval van koöperatiewe poele teenwoordig te wees:

- Die lashebber sluit ooreenkomste altyd in sy eie naam; en
- Daar blyk 'n implisiete opdrag aan die koöperasie te wees om kontrakte in sy eie naam te sluit.

Ten spyte van die teenwoordigheid van hierdie elemente, word daar aan die hand gedoen dat sodanige elemente in isolasie gesien, hoegenaamd nie suggereer dat elemente van spesifiek die 'undisclosed principal' instelling teenwoordig is nie. Daar word aan die hand gedoen dat bogemelde twee element eerder gevolge van 'n bepaalde soort kontraktuele verhouding as die elemente daarvan is.



## 8.5 *Die poelverhouding as lasgewingsooreenkoms*

In Hoofstuk 7 is daarop gewys dat alhoewel daar op grond van die bepalings van die koöperasie se statuut geargumenteer kan word dat die produsente aan die koöperasie 'n algemene opdrag verleen om met produkte wat verpoel word te handel en daar dus aan hierdie essensiële kenmerk van die poelverhouding voldoen word, sodanige argument nie juridies suiwer is nie.

Soos in Hoofstuk 7 uiteengesit, is in die Romeinse Reg reg aanvaar dat 'n lasgewingsooreenkoms waarskynlik nie geldig sou wees waar 'n lasgewer aan 'n lashebber opdrag sou gee om byvoorbeeld enige plaas te koop nie. Indien daar na hierdie aspek gelet word, is die opdrag wat in die geval van die poelverhouding gegee word, moontlik te wyd en omvattend aangesien dit nie bloot net een aspek betreffende die bemarking van produkte omvat nie, maar in werklikheid 'n hele aantal.

Selfs sou daar wel aan hierdie essensiële kenmerk voldoen word, laat die wye diskresie wat by die koöperasie toegelaat word betreffende die bemarking van produkte twyfel ontstaan of daar wel 'n bedoeling kan wees om 'n lasgewingsverhouding te skep.

Afgesien van die ontbreking van 'n kenbare bedoeling om 'n lasgewingsverhouding te skep blyk dit dat elemente van die lasgewingsverhouding tog teenwoordig is. Hierdie elemente is naamlik die volgende:

- Daar skyn argumenteerbaar 'n onderneming deur die lashebber teenoor die lasgewer te wees om 'n opdrag namens hom uit te voer welke opdrag nie verband hou met die verwerking van 'n stoflike saak nie; en
- Die lashebber is nie onder die beheer en toesig van die lasgewer nie.

Alhoewel daar in die onderhawige geval wel enkele probleme met die identifikasie van voorgemelde elemente in die poelverhouding is, word daar aan die hand gedoen dat hierdie elemente wel teenwoordig is.

## 8.6 **Die grondslag van die klassifikasie van kontrakte**

In Hoofstuk 2 is daarop gewys dat dit blyk dat die howe in Suid-Afrika nog die klassieke benadering tot die klassifikasie van kontrakte volg. Volgens hierdie benadering word die vraag of 'n kontrak as 'n besondere soort kontrak geklassifiseer kan word beantwoord aan die hand van 'n geslote aantal *essentialia*.<sup>312</sup> Ingevolge die klassieke benadering kan 'n kontrak slegs onder 'n bepaalde kontraksoort geklassifiseer word indien aan al die *essentialia* van daardie besondere kontraksoort voldoen word.

Daar is ook daarop gewys dat Joubert<sup>313</sup> van mening is dat die klassieke benadering tot die klassifikasie van kontrakte meebring dat mengvorme van kontrakte slegs kan voorkom waar al die *essentialia* van meer as een kontrak in 'n konkrete transaksie voorkom. Joubert<sup>314</sup> kom tot die gevolgtrekking dat indien, volgens hierdie benadering, 'n ooreenkoms oor die *essentialia* van een kontraksoort beskik maar die ooreenkoms ook oor sommige (alhoewel nie almal) *essentialia* van 'n ander kontraksoort beskik, slegs die norme (dus *naturalia*) van die eerste kontraksoort in beginsel direk op die ooreenkoms toegepas kan word.

Indien die klassieke benadering gevolg word om die poelverhouding as kontraksoort te klassifiseer kan die poelverhouding as kontraktuele verhouding nie onder enige van die bestaande kontraksoorte tuisgebring word nie. Dit blyk hierbenewens uit die bespreking in die voorafgaande hoofstukke dat die poelverhouding nie al die elemente van meer as een

---

<sup>312</sup> Joubert *Die Finansiële Huurkontrak* 67.

<sup>313</sup> *Die Finansiële Huurkontrak* 68.

<sup>314</sup> *Ibid.*

kontraksoort omvat nie, sodat ingevolge die klassieke benadering tot die klassifikasie van kontrakte dit nie eers as 'n mengvorm te beskou is nie.

Die vraag ontstaan nou noodwendig hoe die poelverhouding geklassifiseer moet word. Ingevolge die klassieke benadering moet daar sekerlik nou aanvaar word dat die poelverhouding 'n *sui generis* kontrak is. Sodanige gevolgtrekking skep egter bepaalde probleme wat nie maklik oorkombaar is nie. Die vernaamste probleem blyk te wees welke norme in sodanige geval op die kontrak toegepas moet word.

Joubert<sup>315</sup> wys daarop dat die klassieke benadering tot die klassifikasie van kontrakte dikwels tot gevolg het dat die grense van kontraksoorte te eng of te wyd gestel word. Hy<sup>316</sup> stel voor dat sodanige probleme met die klassieke benadering nie beteken dat dit verwerp behoort te word nie. Volgens Joubert kan, indien die klassifikasie van 'n kontrak as 'n besondere soort kontrak slegs as een stap na normaanwending beskou word, die proses vir normaanwending 'n te wye of te eng aanwendingsgebied van die norme van 'n kontraksoort verhoed. Joubert wys daarop dat 'n te wye aanwendingsgebied van norme verhoed kan word indien daar, wat normtoepassing betref, binne 'n kontraksoort verder differensieër word. So 'n differensiasie sal volgens Joubert tot gevolg hê dat al die norme van 'n kontraksoort nie sonder meer op alle verskyningsvorme van die kontraksoort van toepassing is nie. Joubert is van mening dat op hierdie wyse die norme van 'n kontraksoort in 'n meerdere of mindere mate op 'n verskyningsvorm daarvan van toepassing sal wees.

Die hantering van 'n veelvoud van verskyningsvorme van 'n kontraksoort kan volgens Joubert ten spyte van normdifferensiasie ten opsigte van verskyningsvorme daarvan, geregverdig word op die basis dat daar steeds 'n minimum van algemene norme is wat op al die verskillende

---

<sup>315</sup> Ibid.

<sup>316</sup> Ibid.

verskyningsvorme daarvan 'n toepassing vind. So beskou is die klassifikasie van 'n konkrete kontrak as behoorende tot 'n besondere kontraksoort volgens Joubert slegs die eerste stap in die proses om vas te stel welke norme op die kontrak van toepassing is.

Joubert wys daarop dat daar in die Suid-Afrikaanse reg sterk aanduidings is dat die klassifikasie van kontrakte geskied met inagnome van verdere differensiasie binne die verskillende kontraksoorte wel plaasvind.

Daar word egter tereg daarop gewys dat die differensiasie binne 'n kontraksoort grense het.<sup>317</sup> Indien die differensiasie sodanig is dat feitlik al die algemene norme van 'n kontraksoort uitgeskakel of aangepas word, maak dit volgens Joubert nie sin om 'n konkrete kontrak steeds onder die kontraksoort tuis te bring nie. Indien dit verder blyk dat sommige van die gedifferensieerde norme wat op die verskyningsvorm van die kontraksoort van toepassing is, ooreenstem met die algemene norme van 'n ander kontraksoort sal dit meer sin maak om die kontrak juis as 'n verskyningsvorm van die ander kontraksoort te klassifiseer.

Volgens Joubert<sup>318</sup> spreek die tipologiese benadering sommige van die voorgemelde probleme aan maar skep weer ander probleme. Joubert verwys in hierdie verband op ontwikkelinge in die Duitse reg waarvolgens die howe daar eerder 'n tipologiese as 'n klassieke benadering tot die klassifikasie van kontrakte volg. Volgens hierdie benadering word die vraag of 'n kontrak as 'n bepaalde kontraksoort geklassifiseer moet word beantwoord nie bloot aan die hand van die *essentialia* van die betrokke kontraksoort nie, maar eerder aan die hand van 'n geheelbeeld van die kontrak. Dus 'n kontekstuele benadering. Joubert wys daarop dat ingevolge hierdie benadering slegs wesenlike afwykings van die

---

<sup>317</sup> Die Finansiële Huurkontrak 69.

<sup>318</sup> Op 70.

geheelbeeld ("*Gesamtbild*") tot gevolg sal hê dat die kontrak buite 'n bepaalde kontraksoort sal val.

Die sogenaamde "*Gesamtbild*" van die kontrak word volgens Joubert saamgestel uit daardie eienskappe van 'n kontraksoort wat regtens relevant is. Rofweg gesproke sluit dit die *essentialia*, *naturalia*, sommige *incidentalia* en die ekonomiese doel van die kontrak in.

Die gevolg van hierdie benadering is volgens Joubert<sup>319</sup> die feit dat aan al die *essentialia* van 'n kontraksoort voldoen word, nie noodwendig beteken dat 'n besondere transaksie as sodanig te beskou is nie.

Joubert wys daarop dat as gevolg van die feit dat volgens die tipologiese benadering afwykings van die "*Gesamtbild*" tot op 'n sekere punt binne 'n kontraksoort moontlik is, 'n tipologiese kontraksoort, soos 'n klassieke kontraksoort, ook uit verskillende verskyningsvorme kan bestaan. Die eenvormige behandeling van die verskillende verskyningsvorme binne een kontraksoort word geregverdig deur die mate van ooreenkoms wat dit met die "*Gesamtbild*" van die kontraksoort toon.<sup>320</sup> Op hierdie wyse vorm daar by elke kontraksoort reekse verskyningsvorme van die kontraksoort, maar bestaan daar nie soos in die geval van die klassieke benadering duidelike grense tussen die verskillende kontraksoorte nie. Die grense van die verskillende kontraksoorte is eerder vloeiend met die gevolg dat die verskyningsvorme van die verskillende kontraksoorte in mekaar oorgaan. Joubert<sup>321</sup> wys daarop dat mengvorme volgens die tipologiese benadering nie net moontlik is indien 'n besondere kontrak aan die *essentialia* van meer as een kontraksoort voldoen nie. Volgens die tipologiese benadering is mengvorme moontlik indien 'n besondere kontrak nie wesenlik van die "*Gesamtbild*" van meer as een kontraksoort afwyk nie. Dit het tot gevolg dat die vraag of daar sprake is van 'n

---

<sup>319</sup> *Die Finansiële Huurkontrak* 71.

<sup>320</sup> *Ibid.*

<sup>321</sup> *Ibid.*

gemengde kontrak en die vraag uit welke kontraksoorte die mengvorm saamgestel is anders beantwoord word aan die hand van die tipologiese benadering as aan die hand van die klassieke benadering.

Volgens Joubert<sup>322</sup> word die regverdiging vir die tipologiese benadering tot die klassifikasie van kontrakte gewoonlik in die funksie van die kontraksoorte gesien. Die funksie van kontraksoorte, en dus die klassifikasie van kontrakte, is om gepaste rege-norme te vind vir die toepassing op konkrete verskyningsvorme van kontrakte. Joubert wys daarop dat volgens die aanhangers van die tipologiese benadering die klassieke benadering nie daartoe lei dat gepaste rege-norme vir die toepassing op konkrete verskyningsvorme van kontrakte in alle gevalle blootgelê word nie. Die klassieke benadering lê of te veel of te min norme bloot. Die siening is wees dat as gevolg van die feit dat die klassifikasie slegs volgens die hoofverpligtinge van die partye (*essentialia*) plaasvind, het die klassieke benadering tot gevolg het dat die kontraksoorte verwyderd raak van die werklikheidsverskynsel waarop die begrippe van toepassing is.

Joubert<sup>323</sup> is van mening dat die tipologiese benadering op die oog af nie mank aan hierdie verskynsel is nie. Dit blyk veral die geval te wees weens die feit dat 'n groot aantal eienskappe die "*Gesamtbild*" uitmaak.

'n Punt van kritiek teen die tipologiese benadering blyk volgens Joubert<sup>324</sup> te wees dat daar tipiese en atipiese gevalle moeilik met sekerheid van mekaar afgegrens kan word. Joubert wys daarop dat die bekende Switserse juris, Schlupe, hierdie probleem erken en probeer aanspreek. Volgens Schlupe moet daar by die klassifikasie van kontrakte eers 'n klassieke benadering gevolg word. Indien daar ingevolge hierdie benadering vasgestel word dat die konkrete kontrak nie ingevolge die

---

<sup>322</sup> *Die Finansiële Huurkontrak* 72.

<sup>323</sup> Op 73.

<sup>324</sup> Op 74.

klassieke benadering onder 'n besondere kontraksoort tuishoort nie, kan daar, met enkele ernstige voorbehoude, aanvaar word dat die norme van die kontraksoort nie op die konkrete kontrak van toepassing is nie. Indien die kontraksoort wel ingevolge die klassieke benadering onder 'n bepaalde kontraksoort tuisgebring kan word, moet daar bepaal word of daar in die verlede reeds 'n beslissing gemaak is oor die vraag of die besondere verskyningsvorm van die kontraksoort 'n tipiese of atipiese verskyningsvorm van die kontraksoort is waartoe dit volgens die klassieke benadering behoort. Indien daar wel so 'n beslissing was, moet dieselfde beslissing weer gemaak word op grond van die eise van formele geregtigheid. Indien daar nie so 'n beslissing was nie, moet die regter self besluit of die norme van die kontraksoort waartoe die konkrete kontraksoort begripsmatig hoort op die konkrete kontrak pas.

Joubert<sup>325</sup> wys egter daarop dat Schlupe nie juis riglyne gee waarvolgens tipiese en atipiese kontrakte onderskei kan word nie.

Volgens Joubert<sup>326</sup> is dit belangrik om daarop te let dat regsontwikkeling wat deur die howe plaasvind in die geval van die klassieke benadering noodwendig stadiger en meer inkrimenteel sal wees, wat beter by die howe se beperkte regskeppende bevoegdhede pas as die meer omvangryke regsontwikkeling wat moontlik is as die tipologiese benadering gevolg word.

Joubert<sup>327</sup> doen aan die hand dat dit voorkom of die tipologiese benadering nie juis oor wesenlike voordele teenoor die klassieke benadering beskik wat die invoering daarvan in die Suid-Afrikaanse reg regverdig nie. Hy doen gevolglik aan die hand dat die klassifikasie van kontrakte in die Suid-Afrikaanse reg steeds volgens die klassieke benadering moet geskied.

---

<sup>325</sup> *Die Finansiële Huurkontrak* 75.

<sup>326</sup> Op 78.

<sup>327</sup> Op 81.

Die skrywer doen aan die hand dat Joubert se kritiek betreffende die tipologiese benadering se invloed op regsontwikkeling nie in alle gevalle grondig is nie.

In gevalle waar die *essentialia* van 'n kontraksoort nie ooreenstem met al die *essentialia* van 'n enkele kontraksoort nie maar ook verskillende elemente van ander kontraksoorte omvat, bied die klassieke benadering nie 'n bevredigende oplossing nie. In sodanige gevalle moet die howe 'n kontrak ingevolge die klassieke benadering as *sui generis* klassifiseer en nuwe norme aan sodanige kontrak koppel. Sodanige optrede sal uiteraard op baie onsekere grond geskied en die howe sal nuwe norme aan die kontrak moet koppel. Daar vind gevolglik in sodanige gevalle in elk geval omvattende regsontwikkeling plaas.

Daar word aan die hand gedoen dat in sodanige gevalle die howe wel 'n tipologiese benadering behoort te volg. Die volgende sintese word dus voorgestel betreffende die klassifikasie van kontrakte:

Die klassieke benadering, waarvolgens die *essentialia* van die betrokke ooreenkoms opgeweeg word teen die *essentialia* van bestaande kontraksoorte moet eers gevolg word. Indien die *essentialia* ooreenstem met die van 'n bestaande kontraksoort, moet dit as sodanig klassifiseer word. Dit behoort die geval te wees selfs waar die kontrak elemente van meer as een kontraksoort omvat. Die kontraksoort waarvan al die *essentialia* teenwoordig is sal dan as die relevante kontraksoort uitgewys word. Die ander elemente sal dan op 'n verdere differensiasie van die betrokke kontraksoort dui. Indien dit al die elemente van meer as een kontraksoort omvat sal dit 'n mengvorm wees.

Wat betref kontraksoorte wat bestaan uit elemente van meer as een kontraksoort, maar nie al die elemente van een omvat nie behoort volgens die skrywer beoordeel te word aan die hand van die dominante kenmerke van daardie ooreenkoms. Met ander woorde, indien die



ooreenkoms substansiële elemente (alhoewel nie almal) van meer as een kontraksoort omvat, moet die kontrak geklassifiseer word as 'n mengvorm van die kontraksoorte waarvan hulle elemente dominant is.

Die vraag kan moontlik gevra word hoe dit enigsins verskil van die klassieke benadering waarvolgens kontrakte wat uit meer as een kontraksoort se elemente bestaan maar nie al die elemente van een kontraksoort omvat nie, as *sui generis* klassifiseer word. Die skrywer doen aan die hand dat dit in hierdie geval nie juis gaan om die metode wat gevolg word om die kontrak te klassifiseer nie aangesien dit soortgelyk is aan die klassieke benadering, maar eerder om die daarstel van riglyne waarvolgens norme aan die betrokke kontraksoort gekoppel kan word. Indien die kontrak as 'n mengvorm klassifiseer kan word, kan die howe die gepaste norme van die verskillende kontraksoorte waaruit die kontrak saamgestel is as riglyn vir normtoepassing gebruik met in agname van die ekonomiese gevolge wat die partye met die betrokke kontrak wil bereik.

Alhoewel voorgemelde benadering ongetwyfeld nie verhewe bo kritiek is nie, word aan die hand gedoen dat dit minstens meer duidelike riglyne neerlê betreffende die norme wat in die geval van nuwe verskyningsvorme van kontraksoorte toegepas kan word.

### **8.7 Die klassifikasie van die poelverhouding**

Alvorens die poelverhouding as kontraktuele verhouding geklassifiseer kan word, moet daar eers oorweeg word tussen welke partye die kontraktuele verhouding tot stand gekom het en op welke vlak die poelverhouding as selfstandige kontraktuele verhouding ontstaan.

Gegewe die funksionele kenmerke van die poelverhouding bestaan daar twee moontlikhede. Die eerste moontlikheid is dat die poelverhouding 'n meerledige kontraktuele verhouding is waarby al die produsente en die koöperasie betrokke is. Beide die verhouding tussen die koöperasie en

die produsente en die produsente onderling sal in hierdie verband in ag geneem moet word ten einde die aard van die poelverhouding te tipeer.

Die tweede moontlikheid is dat daar onderling tussen die produsente as poeldeelnemers geen kontraktuele verhouding bestaan nie en dat die enigste kontraktuele verhouding wat in die onderhawige geval relevant is, die tussen die produsent en die koöperasie as geïsoleerde verhouding is.

Die skrywer doen aan die hand dat die samestelling van die kontraktuele verhouding in die onderhawige geval met verwysing na die bedoeling van die partye beoordeel moet word. In hierdie verband kan daar verwys word na die beslissing in *Henri Viljoen (Pty) Ltd v Awerbuch Brothers*.<sup>328</sup> In voorgemelde beslissing het dit ook gegaan om die vraag of daar 'n kollektiewe verbintenis of 'n aantal afsonderlike geïsoleerde verbintenisse bestaan. Die relevante feite in hierdie beslissing was kortliks dat die respondent 'n ooreenkoms met 'n aantal handelaars in Bloemfontein gesluit het ingevolge waarvan onderneem is om nie verskaffingsooreenkomste met sogenaamde "buy-aid" verenigings aan te gaan nie. Die respondent het egter in weerwil van hierdie ooreenkoms voortgegaan en 'n verskaffingsooreenkoms met 'n "buy-aid" vereniging gesluit. Die applikant, as party tot die handelsbepankingsooreenkoms met die respondent, het 'n aansoek by die Hooggeregshof ingedien waarvolgens versoek is dat die respondent verhoed word om met die "buy-aid" vereniging sake te doen. Een van die punte wat die respondent *in limine* geopper het was dat die applikant gebonde was om al die ander handelaars as kontrakspartye tot die geding te voeg en nie eiehandig teen die respondent kon litigeer nie. Die betrokke ooreenkoms was, so is beweer, 'n gesamentlike ooreenkoms in die sin dat elke kontraktant homself teenoor die ander kontraktante gesamentlik verbind het. Die hof let egter op 'n verskeidenheid van faktore en kom op grond van 'n beoordeling van hierdie faktore tot die gevolgtrekking dat die

---

<sup>328</sup> 1953 2 SA 151 (O).

partye in betrokke geval nie bedoel het om 'n gesamentlike medeskuldverhouding tot stand te bring nie. Daar blyk dus 'n reeks afsonderlike verbintenisse tussen die individuele partye tot stand gekom het.

Dit blyk dat die vraag of die partye in die geval van koöperatiewe poele bedoel het om 'n meerledige verhouding tot stand gebring al dan nie ook aan die hand van die bedoeling van die partye beoordeel moet word. In die geval van koöperatiewe poele word die duiwe verpoel en die produsente stem by implikasie tot hierdie verpoeling toe. As gevolg van die verpoeling ontstaan daar 'n regsband tussen die produsente naamlik die van mede-eienaars van die verpoelde duiwe. Die *causa* vir die ontstaan van die mede-eiendomsreg is die instemming tot verpoeling. Die verhouding en oorsprong van sodanige verhouding tussen die produsente onderling kan gevolglik nie in die geval van koöperatiewe poele geïsoleerd van die verhouding tussen die produsente en die koöperasie beskou word nie. Die skrywer doen aan die hand dat na aanleiding van voorgemelde daar waarskynlik nie suksesvol geargumenteer kan word dat daar 'n geïsoleerde verhouding tussen die produsente en die koöperasie bestaan ingevolge waarvan die verhouding tussen die produsente onderling buite rekening gelaat kan word nie. Die skrywer doen gevolglik aan die hand dat die poelverhouding 'n meerledige verhouding tussen al die produsente gesamentlik en die koöperasie is.

In die bespreking in Hoofstuk 4 is daarop gewys dat die poelverhouding al die *essentialia* van 'n vennootskapsverhouding omvat, maar dat daar nie 'n bedoeling blyk te wees om 'n vennootskapsverhouding tot stand te bring nie.

In Hoofstuk 8 is ook daarop gewys dat die koöperasie ongetwyfeld nie onder die beheer en toesig van die produsente is met betrekking tot die wyse waarop hulle met verpoelde produkte kan handel nie. Dit is verder ook argumenteerbaar dat daar 'n onderneming is deur die koöperasie om

'n opdrag namens die produsente uit te voer wat nie verband hou met die verwerking van 'n stoflike saak nie, naamlik die bemerking van die verpoelde produkte in welke vorm ook al. Daar is egter gemeld dat laasgemelde opdrag te wyd is om 'n lasgewingsooreenkoms daar te stel.

Dit blyk dus dat alhoewel die poelverhouding nie as sodanig tipeer kan word nie, dit beide elemente van 'n vennootskap en lasgewingsooreenkoms omvat. Daar word egter aan die hand gedoen dat die verwerking van produkte deur die koöperasie nie uit die oog verloor moet word nie. Die skrywer is van mening dat die poelverhouding ook elemente van *locatio conductio operis* (werkaanneming) omvat.

'n Werkaannemingskontrak kan volgens Van Jaarsveld<sup>329</sup> omskryf word as 'n wederkerige ooreenkoms tussen 'n werkuitgewer en 'n werkaannemer ingevolge waarvan laasgenoemde onderneem om 'n liggaamlike saak binne 'n ooreengekome tydperk te bou, vervaardig, herstel, te verander of in stand te hou en die werkuitgewer onderneem om aan die werkaannemer 'n vergoeding as teenprestasie daarvoor te betaal.<sup>330</sup>

By die sluiting van die werkaannemingskontrak moet daar aan al die gewone vereistes vir die totstandkoming van 'n geldige kontrak voldoen word.<sup>331</sup>

Die *essentialia* van die werkaannemingskontrak wat dit van ander kontrakte onderskei en ook as geldigheidsvereistes telkens by kontraksluiting aan voldoen moet word vir die afdwingbaarheid van die kontrak, is naamlik die volgende:<sup>332</sup>

---

<sup>329</sup> Op 251.

<sup>330</sup> *S v Dental Laboratory* 1965 3 SA 195 (T).

<sup>331</sup> *Smith v Mouton* 1977 3 SA 12 (W); Van Jaarsveld et al 254.

<sup>332</sup> Van Jaarsveld et al 259.

- Die uitvoering van 'n besondere werkopdrag of werkstuk ten aansien van 'n stoflike saak deur 'n werkaannemer;<sup>333</sup>
- 'n Werkaannemer lewer nie sy dienste onder toesig, gesag en kontrole van die werkuitgewer, soos wat in die geval van die gewone dienskontrak die geval is nie, maar onafhanklik.<sup>334</sup> Sy enigste verpligting is om die kontrak ooreenkomstig die bepalings van die besondere werkaannemingskontrak uit te voer deur die aanwending van sy eie diskresie in hierdie verband;
- 'n Werkaannemer voer die werksopdrag of werkstuk teen 'n vergoeding uit;<sup>335</sup>
- 'n Werkaannemer moet die werkstuk ten aansien van 'n saak van die werkuitgewer uitvoer, met ander woorde die werkaannemer moet die werkuitgewer se materiaal gebruik om die werk uit te voer,<sup>336</sup> en
- Die werkopdrag moet binne 'n bepaalde tyd of 'n redelike tyd uitgevoer word.<sup>337</sup>

In die geval van die poelverhouding blyk dit uit die bespreking van die funksionele kenmerke van die poelverhouding in Hoofstuk 3, dat die werk ongetwyfeld aan 'n stoflike saak verrig word, naamlik die verpoelde druiwe. In Hoofstuk 8 is ook reeds uiteengesit dat die koöperasie ongetwyfeld nie onder die beheer en kontrole van die produsente staan wat betref die uitvoering van die opdrag nie. Aangesien die produsente mede-eienaars van die verpoelde produkte word, kan daar ook met sekerheid gesê word dat die werk aan die werkuitgewer se stoflike saak verrig sal word en die werkaannemer nie sy eie material sal gebruik nie. Wat betref die tydperk waarbinne die werk verrig moet word is daar by

---

<sup>333</sup> *Hauman v Nortjie* 1914 AD 302; *Colonial Mutual Life Assurance Society v MacDonald* 1931 AD 433; *Sifris v Vermeulen Broers* 1972 2 SA 221-2 (T).

<sup>334</sup> *Munarin v Peri-Urban Areas Health Board* 1965 1 SA 549 (W).

<sup>335</sup> *Van Rooyen's Garage v Wartington* 1962 1 SA 914 (T); *Grizell v P & W Erection Co* 1972 4 SA 449 (R).

<sup>336</sup> *Tulloch v Marsh* 1910 TPD 454; *SA Wood Turning Mills v Price Bros* 1962 4 SA 266 (T).

<sup>337</sup> Sien gesag in noot 336.

implikasie bepaalde tydperke gestel bloot as gevolg van die koöperasie se vermoë om die verpoelde druiwe te akkomodeer en die vraag in die mark na wyn en verwante produkte. Poelvoorraad word soms van een jaar na 'n ander oorgedra, maar word selde vir langer as een jaar deur die koöperasie gehou.

Die kwessie van vergoeding blyk meer gekompliseerd te wees. In die geval van die poelverhouding verhaal die koöperasie sy koste en kommissie ten opsigte bemarking van die produkte van die totale opbrengs met die van die handsetting van die geheel of gedeeltelik verwerkte produkte. Die koöperasie word dus nie spesifiek met betrekking tot die verwerking van verpoelde produkte vergoed nie, maar op 'n globale grondslag. Hierdie aspek blyk dus in die geval van die poelverhouding anders te wees as waar *locatio conductio operis* onder normale omstandighede voorkom. Daar word aan die hand gedoen dat hierdie aspek verder bevestig dat die kontraktuele verhouding as 'n saamgestelde kontraktuele verhouding gesien moet word.

Na aanleiding van die bespreking betreffende die klassifikasie van kontrakte hierbo en in navolging van die benadering wat voorgestel word, word aan die hand gedoen dat die poelverhouding 'n gemengde kontraksoort is wat uit elemente van 'n vennootskap, lasgewing en werkaanbesteding bestaan.

### **8.8 Die inhoud en gevolge van die poelkontrak**

Joubert<sup>338</sup> doen aan die hand dat regterlike kontrole oor die inhoud van kontrakte wel in 'n mate in die Suid-Afrikaanse reg plaasvind. Joubert<sup>339</sup> wys tereg daarop dat regterlike kontrole oor die inhoud van kontrakte hoofsaaklik met betrekking tot die vereistes van geoorlooftheid en goeie trou plaasvind. Kontrakte wat teen die openbare belang is, is

---

<sup>338</sup> *Die Finansiële Huurkontrak* 193.

<sup>339</sup> *Ibid.*

ongoorloof.<sup>340</sup> Joubert verwys in hierdie verband na Lubbe<sup>341</sup> wat aan die hand doen dat dit wel in die Suid-Afrikaanse reg moontlik is om vir doeleindes van die geoorloofdheidsvereiste billikheid met die openbare belang te koppel. Volgens Joubert toon Lubbe oortuigend aan dat die breë gebod dat een persoon nie ten koste van 'n ander verryk moet word nie en die goeie trou-beginsel vereis dat kontraksbillikheid in ag geneem moet word. Volgens Lubbe is die handhawing van die eise van goeie trou by die afdwinging van kontrakte in die openbare belang.

Afgesien van die eise van eerlikheid tussen partye vereis *bona fides* volgens Lubbe ook dat 'n party "in die nastrewing van eiebelang, 'n mate van erkenning en respek moet toon vir die belang van sy teenparty".<sup>342</sup> Volgens Lubbe kom die feit dat 'n party in die nastrewing van sy eie belang nie genoegsame erkenning en respek vir die belange van sy teenparty getoon het nie, dikwels in 'n kontrak tot uiting in 'n substantiewe wanbalans tussen die prestasies van die partye. Die blote bestaan van 'n wanbalans tussen die prestasieverpligtinge van die partye is egter volgens Lubbe nie opsigself 'n aanduiding dat die eise van goeie trou nie nagekom is nie. Lubbe doen aan die hand dat indien die substantiewe wanbalans tussen die prestasies van die partye veroorsaak is deur *incidental*ia wat die wesensaard van die kontrak ondermyn, is dit aanduidend daarvan dat daar sprake van 'n onaanvaarbare negering van die belange van die teenparty en die maatskaplike funksie van die kontraksoort is. Volgens Lubbe moet kontrakteervryheid onder sodanige omstandighede voor die eise van goeie trou wyk. Die blote uitsluiting van *natural*ia sal egter volgens Lubbe nie op 'n genoegsame negering van die teenparty se belange neerkom nie.<sup>343</sup>

---

<sup>340</sup> *Magna Alloys & Research (SA) (Pty) Ltd v Ellis* 1984 4 SA 874 (A).

<sup>341</sup> "Bona Fides; Billikheid en die Openbare Belang in die Suid-Afrikaanse Kontrakereg" 1990 *Stell LR* 23.

<sup>342</sup> Sien ook Van Huyssteen en Van der Merwe "Good Faith in Contract: Proper Behaviour Amidst Changing Circumstances" 1990 *Stell LR* 244 245.

<sup>343</sup> Op 24.

Joubert<sup>344</sup> doen aan die hand dat alhoewel daar in die breë met Lubbe se benadering tot die geoorloofdheidsvereiste saamgestem kan word, daar een aspek ten aansien van sy benadering is wat onduidelik blyk te wees. Daar kan volgens Joubert naamlik gevra word, hoe vasgestel word tot welke kontraksoort 'n kontrak met *incidentalia* wat die wesensaard van die kontrak "ondermyn" behoort. Indien 'n kontrak, wat deur die partye 'n huurkontrak genoem word, 'n beding bevat ingevolge waarvan die "huursaak" nie aan die "huurder" gelewer hoef te word nie, "ondermyn" sodanige beding wel die wesensaard van die huurkontrak. Die aanwesigheid van die beding ingevolge waarvan die verhuurder nie die huursaak hoef te lewer nie, veroorsaak egter dat die kontrak wat die partye aangegaan het, ten spyte van wat hulle die kontrak noem, nie 'n huurkontrak kan wees nie aangesien die kontrak nie aan die *essentialia* van die huurkontrak voldoen nie. Aangesien die kontrak wat die partye aangegaan het, nie 'n huurkontrak is nie, kan daar nie vir doeleindes van die goeie trou-beginsel na die wesensaard van die huurkontrak gekyk word om vas te stel of die verhuurder die huurder se belange genegeer het nie. Aangesien lewering van die "huursaak" nie 'n *essentiale* is van die kontrak wat die partye wel aangegaan het nie, kan daar nie verklaar word dat die beding in stryd met die wesensaard van die kontrak is nie.

Volgens Joubert<sup>345</sup> is Lubbe se benadering slegs werkbaar indien die "wesenskenmerke van 'n kontraksoort" op die hoofdoelstelling van die kontrak en nie op die *essentialia* van 'n kontraksoort dui nie. Volgens Joubert wil dit voorkom of Lubbe met die "wesenskenmerke van 'n kontraksoort" die hoofdoelstellings van die kontrak bedoel. Joubert doen aan die hand dat afhange van hoe die hoofdoelstellings van die kontrak vertolk word, die uitsluiting van die *naturalia* ook die hoofdoelstellings van die kontrak kan ondermyn. Joubert doen verder aan die hand dat Lubbe ontken dat die uitsluiting van die *naturalia* ooit teen die eise van die goeie trou kan wees.

---

<sup>344</sup> *Die Finansiële Huurkontrak* 195.

<sup>345</sup> *Ibid.*



Joubert<sup>346</sup> doen verder aan die hand dat standaardbedinge ingevolge waarvan die *naturalia* uitgesluit word onder omstandighede waar die party ten gunste van wie die uitsluitingsbeding geld, nie 'n beskermingswaardige belang by die beding het nie, ongeldig sal wees indien die uitsluitingsbeding die hoofdoelstelling van die kontrak ondermyn. So 'n benadering skyn ook volgens Joubert in lyn te wees met die gedagte dat die *naturalia* nie bloot op die gebruikelike bedoeling van die kontraktante berus nie, maar dat dit ook 'n geregtigheidsinhoud het en beleidsoorwegings tot uiting bring.

In ooreenstemming met die benadering soos hierbo voorgestel, moet die vraag dus gevra word of die *naturalia* van die vennootskapsooreenkoms, die lasgewingsooreenkoms en die werkaannemingsooreenkoms dus op die poelverhouding toegepas moet word sonder enige substansiële inperking of uitbreiding daarvan.

Na aanleiding van voorgemelde ontleding sal daar gevolglik oorweeg word welke van die *naturalia* van onderskeie kontraksoorte aanpassing verg in die geval van die poelverhouding.

### 8.8.1 Die vennootskapsooreenkoms

Ingevolge 'n vennootskapsooreenkoms moet elke vennoot iets tot die vennootskap bydra.<sup>347</sup> Vennootskapsbates is die mede-eiendom van al die vennote gesamentlik. Vennote se bydraes tot die vennootskap kan of vennootskapsbates wees of nie, afhangende van die bedoeling van die partye.<sup>348</sup> Dit gebeur dikwels dat die vennote nie eiendomsreg van bates, wat vir die gebruik van die vennootskap beskikbaar is, aan die vennote in mede-eiendom oordra nie, maar bloot die gebruik daarvan

---

<sup>346</sup> Ibid.

<sup>347</sup> Williams 26; LAWSA Vol 19 par 270.

<sup>348</sup> Williams 26.

toelaat.<sup>349</sup> Die bedoeling van die partye sal uit die omliggende omstandighede vasgestel moet word.

In die geval van die poelverhouding word daar aan die hand gedoen dat alhoewel die produsente mede-eienaars van die duiwe word deur regswerking, daar op geen stadium 'n bedoeling bestaan dat die koöperasie mede-eenaar van die verpoelde duiwe moet word nie. Volgens Williams<sup>350</sup> is die vestiging van mede-eiendomsreg ten opsigte van bates wat deur vennootskap gebruik word 'n *naturale* van die vennootskapsooreenkoms, alhoewel dit nie 'n *essentiale* daarvan is nie. Aangesien daar aanvaar word dat die vennote eiendom slegs vir gebruik deur die vennootskap beskikbaar kan stel sonder dat eiendomsreg daarvan na die vennote gesamentlik oorgaan, word daar dus in geval van die poelverhouding afgewyk van hierdie *naturale* van die vennootskapsverhouding. Slegs die produsente is mede-eienaars van bates wat deur die partye in die bedryf van hul besigheid benut word.

Ingevolge 'n vennootskapsverhouding is die vennote individueel by magte om die vennootskap ten opsigte van regsbedinge te bind binne die strekking van die vennootskapsbesigheid.<sup>351</sup> In die geval van die poelverhouding blyk dit ook nie juis die geval te wees nie. Slegs die koöperasie is by magte om die verpoelde produkte te bemerk en die partye tot die verpoelde produkte te bind met betrekking tot lewering van die produkte teen betaling. Ten opsigte van hierdie *naturale* van die vennootskap word dus ook van afgewyk in die geval van die poelverhouding.

In die geval van 'n gewone vennootskapsverhouding is die vennote gesamentlik en afsonderlik aanspreeklik met betrekking tot die vennootskapsskulde.<sup>352</sup> Hierdie kwessie word nie in die statuut van die

---

<sup>349</sup> Williams 26; *LAWSA* Vol 19 par 292.

<sup>350</sup> Op 30.

<sup>351</sup> Williams 39; *LAWSA* Vol 19 par 304.

<sup>352</sup> Williams 43.

koöperasie aangespreek nie. Die vraag ontstaan gevolglik of die koöperasie in die geval waar laasgenoemde 'n skuld teenoor derdes ooploop die produsente kan verplig om hulle proporsionele gedeelte van die skuld te dra. Hierdie kwessie hou waarskynlik verband met die vraag of die *actio pro socio* in die geval van die poelverhouding toepassing sal vind. Om rede hierdie aksie sy oorsprong spesifiek aan 'n ware vennootskap ontleen, is dit nie duidelik of dit vir die koöperasie beskikbaar sal wees nie. Nietemin behoort die koöperasie steeds die produsente op grond van verryking te kan aanspreek.

Daar word aan die hand gedoen dat die omstandighede waaronder die poelverhouding tot 'n einde sal kom ook dieselfde sal wees as in die geval van 'n vennootskap.<sup>353</sup>

In die geval van insolvensie van een van die vennote van 'n vennootskap bepaal die Insolvensiewet<sup>354</sup> dat die boedel van elke ander vennoot ook gesekwestreer moet word, behalwe die van 'n *en commandite* vennoot wat homself nie as 'n gewone vennoot tot die vennootskap voorgehou het nie.<sup>355</sup>

Die vraag is nou derhalwe of die produsente in byvoorbeeld die geval van sekwestrasie van die koöperasie vir welke rede ookal, ook gesekwestreer moet word. Die skrywer doen aan die hand dat die antwoord op hierdie vraag te vinde is in die posisie van die produsente teenoor die koöperasie met betrekking tot die poelverhouding. Indien die produsente se posisie soortgelyk aan die van 'n *en commandite* vennoot is, sal die produsente nie in die geval van sekwestrasie van die koöperasie ook gesekwestreer hoef te word nie.

---

<sup>353</sup> Sien Williams 49 en *LAWSA* Vol 19 par 319 vir 'n volledige bespreking van ontbinding van 'n vennootskap en die omstandighede waaronder dit geskied.

<sup>354</sup> 24 van 1936.

<sup>355</sup> Artikel 13(1).

Tydens die bestaan van 'n gewone vennootskap is al die vennote gesamentlik medeskuldenaars teenoor derdes.<sup>356</sup> Sodra die vennootskap ontbind word, bly die vennote medeskuldenaars en is hulle gesamentlik en afsonderlik aanspreeklik vir die volle vennootskapskuld. In teenstelling hiermee, is een eienskap gemeenskaplik aan alle buitengewone vennootskappe, dat sommige partye tot die verhouding slegs die posisie van vennoot handhaaf teenoor hulle mede-vennote maar nie teenoor buitestaanders nie. Daar is dus geen regsband tussen sodanige vennote en skuldeisers van die vennootskap nie. Die buitengewone vennote is gevolglik nie aanspreeklik teenoor derde partye ten opsigte van vennootskapskulde vir sover hulle nie teenoor derdes as vennote opgetree of hulself as sodanig voorgehou het nie.<sup>357</sup>

Die stilswyende vennootskap word geskep waar die partye ooreenkom om die winste van 'n onderneming te deel waar die betrokke onderneming in slegs een of sommige van die vennote se name bedryf word.<sup>358</sup> Die stilswyende vennoot deel in die risiko van die onderneming met sy mede-vennote, maar dra 'n vaste bedrag by tot die vennootskap en is slegs teenoor sy mede-vennote aanspreeklik ten opsigte van die vaste bedrag sodanig bygedra.<sup>359</sup>

Die skrywer doen aan die hand die poelverhouding eienskappe soortgelyk aan die *en commandite* vennootskap openbaar aangesien produsente nooit met derdes in verband met die verpoelde produkte

---

<sup>356</sup> LAWSA Vol 19 par 267.

<sup>357</sup> *Le Voy v Birch's Executors* 1913 AD 102; *Hall v Millin & Hutton* 1915 SR 78; *Blumberg & Sulski v Brown & Freitas* 1922 TPD 130; *Sabatelli v St Andrew's Building Society* 1933 WLD 55; *Siegel & Frenkel v R* 1943 SR 13; *Cohen v Commissioner for Inland Revenue* 1948 4 SA 616 (T); *Venter v Naude* 1951 1 SA 156 (O); *Sacca Ltd v Olivier* 1954 3 SA 136 (T); *Eaton & Louw v Arcade Properties (Pty) Ltd* 1961 4 SA 233 (T); *A Becker & Co (Pty) Ltd v Becker* 1981 3 SA 406 (A) 420–421.

<sup>358</sup> *Hall v Millin & Hutton* 1915 SR 78 80; *Siegel & Frenkel v R* 1943 SR 13 15; *Sacca Ltd v Olivier* supra 138; *Eaton & Louw v Arcade Properties (Pty) Ltd* 1961 4 SA 233 (T) 239.

<sup>359</sup> *Du Toit v African Dairies Ltd* 1922 TPD 245 247; *Venter v Naude* 1951 1 SA 156 (O) 162; *Eaton & Louw v Arcade Properties (Pty) Ltd* 1961 4 SA 233 (T) 240.

kontrakteer of kommunikeer nie. Hulle gee hulself gevolglik ook nie uit as vennote nie. Diensooreenkomstig behoort produsente se aanspreeklikheid in die geval van die insolvensie van die koöperasie gevolglik beperk te wees tot die waarde van hul verpoelde produkte.

### 8.8.2 *Lasgewing en Werkaanbesteding*

Aangesien die enigste verskil tussen bogemelde kontraksoorte is dat laasgenoemde ten aansien van 'n stoflike saak is en eersgenoemde nie, is die gevolge van hierdie twee kontraksoorte soortgelyk en word dit saam behandel.

Ingevolge voorgemelde twee kontraktuele verhoudings moet die lashebber en werkaannemer hulle opdrag eerlik, getrou en met sorg uitvoer en te gelegener tyd rekenskap gee van die werk wat sodanig verrig is. Is die lashebber of werkaannemer slordig of nalatig betreffende die wyse waarop die vereiste werk verrig is, is hy vir skadevergoeding aanspreeklik teenoor die lasgewer of werkuitgewer.<sup>360</sup>

Daar word aan die hand gedoen dat die koöperasie as werkaannemer en lashebber in die onderhawige geval sal optree ten opsigte van die verwerking en bemarking van verpoelde produkte. Daar is gewoonlik geen uitdruklike bepalings in die statuut van die koöperasie betreffende aanspreeklikheid met betrekking tot die verwerking en bemarking van produkte nie. Daar blyk egter geen gronde te wees om die koöperasie se aanspreeklikheid op enige ander wyse as in die geval van lasgewing en werkaanneming te reël nie.

Die lasgewer en werkuitgewer is op hule beurt verplig om die werkaannemer en lashebber vir die uitvoering van hul pligte te vergoed en om hulle skadeloos te stel teen skade wat hulle opgeloopt het met

---

<sup>360</sup> De Wet en Van Wyk 387; *Hoffman v Meyer* 1956 2 SA 752 (C).

betrekking tot die uitvoering van hulle pligte.<sup>361</sup> In die geval van die poelverhouding word die koöperasie vergoed vir die uitvoering van sy pligte deurdat sy koste en kommissie van poelverkope verhaal word.

In die geval van die lasgewingskontrak kom die kwessie van goeie trou ook ter sake. Volgens De Wet en Van Wyk<sup>362</sup> sal 'n lasgewer nie in goeie trou optree indien hy self die saak wat hy aangestel is om van die hand te sit, koop nie, aangesien hy in sy eie belang optree. Alhoewel in die geval van die poelverhouding die koöperasie wel soms self die produkte koop, word daar aan die hand gedoen dat daarvoor spesifiek voorsiening gemaak word hiervoor in die statuut en is hierdie aspek in geval van die poelkontrak anders as in die geval van suiwer lasgewing.

## 8.9 *Gevolgtrekking*

Na aanleiding van voorgemelde bespreking kan daar dus tot die gevolgtrekking gekom word dat die poelverhouding as 'n saamgestelde kontrak, of anders gestel 'n gemengde kontrak is wat uit elemente van 'n vennootskapsverhouding, 'n lasgewingsverhouding en die werkaannemingsooreenkoms bestaan.

Daar is verder ook daarop gewys dat die *naturalia* van voorgemelde kontraksoorte wel tot 'n mate aangepas moet word om by die ekonomiese behoeftes van die kontrakspartye in te pas. Die gevolg hiervan is dat die regsgevolge vir doeleindes van belasting, insolvensie en kontrakbreuk in ooreenstemming met die aangepaste *naturalia* bepaal moet word.

---

<sup>361</sup> De Wet en Van Wyk 388; *De Villiers & Others v Beaufort West Municipality* 1924 CPD 501; *Universal Motor Garage v Davies & Kamann* 1922 OPD 107; *Patel v Keeler & Co* 1923 AD 506; *De Winter v Marcus & Son* 1919 CPD 278.

<sup>362</sup> Op 387.

## BRONNELYS

### **Lys van Boeke**

1. Bamford B.R. *The Law of Partnership and Voluntary Association in South Africa*, (1971); Juta; Kaapstad.
2. Cilliers H.S., Benade M.L., Henning J.J., Du Plessis J.J. en Delport P.A. *Korporatiewe Reg*, (1992); de Uitgawe; Butterworths; Durban.
3. De Wet J.C. en Van Wyk A.H. *Die Suid-Afrikaanse Kontrakereg en Handelsreg*, (1992); Butterworths; Durban.
4. Hahlo H.R. en Kahn E. *The Union of South Africa: the development of its laws and constitution*, (1960); Stevens; London.
5. Joubert D.J. (1979) *Die Suid-Afrikaanse Verteenwoordigingsreg*, (1979); Juta; Pretoria.
6. Joubert N.L. *Die Finansiële Huurkontrak*, Navorsingseenheid vir Bankreg; RAU; Johannesburg.
7. Joubert (Red) *LAWSA First Reissue, Volume 1, "Agency and Representation"*.
8. Joubert (Red) *LAWSA First Reissue, Volume 17, "Mandate and Negotiorium Gestio"*.
9. Joubert (Red) *LAWSA First Reissue, Volume 19, "Partnership"*.
10. Joubert (Red) *LAWSA First Reissue, Volume 5(1), "Co-operative Societies"*.
11. Lubbe G.F. en Murray C.M. (1988) *Farlam & Hathaway - Contract cases, materials and commentary* (1988) 3de Uitgawe; Juta; Kaapstad.
12. Murray C. en O' Regan C. (Reds) *No place to Rest – Forced Removals and the Law in South Africa*, (1990); Oxford University Press; Kaapstad.
13. Olivier N.J.J., Pienaar G.J. en Van der Walt A.J. *Law of property :student's handbook*, (1992); Juta; Kaapstad.
14. Silke J.M. *De Villiers & Macintosh The Law of Agency in South Africa*, (1981); Juta; Kaapstad.

15. Van der Merwe C.G. *Sakereg*, (1989); 2de Uitgawe; Butterworths; Durban.
16. Van der Merwe S., Van Huysteen L.f., Reinecke M.F.B., Lubbe G.F. en Lotz J.G. *Kontraktereg – Algemene beginsels*, (1994); Juta; Kaapstad.
17. Van Warmelo A.A. *Inleiding tot die studie van die Romeinse Reg*, (1957); Balkema; Kaapstad.
18. Van Zyl P.H. *Geskiedenis en Beginsels van die Romeinse Privaatreg*, (1977); Butterworths; Durban.
19. Williams R.C. *Concise Partnership and Business Law*, (1997); 2de Uitgawe; Butterworths; Durban.
20. Zimmermann R. *The Law of Obligations – Roman foundations of the civilian tradition*, (1989); Juta; Kaapstad.

### **Proefskrifte**

1. Beyeleveld A. *Die essensiële vereistes vir die bestaan van die kontraksvorme Mandatum, Locatio Conductio Operis en Locatio Conductio Operarum; 'n Prinsipiële onderskeid*, Ongepubliseerde Doktorale tesis ; Universiteit van Pretoria; 1978.
2. Swanepoel L. *'n Gestruktureerde Regsgefundeerde Metodologie vir die Kapitaal-inkomste riglyne en verwante Subjektiewiteits vraagsukke in die Suid-Afrikaanse Belastingreg*, Ongepubliseerde Doktorale tesis; Universiteit van Stellenbosch; 2002.
3. Van der Horst J.G. *Die leerstuk van die 'Undisclosed Principal'*, Ongepubliseerde Doktorale tesis; Universiteit van Stellenbosch; 1971.

### **Tydskrif artikels**

1. Joubert N.L. "Die klassifikasie van nuwe verskyningsvorme van kontrakte" Vol 2 1991 *Tydskrif vir die Suid-Afrikaanse Reg* 250
2. Joubert N.L. "Die regsraad van die finansiële huurkontrak" Vol 4 1989 *Tydskrif vir die Suid-Afrikaanse Reg* 568
3. Lubbe G.F. "Bona Fides: Billikheid en die Openbare belang in die Suid-



- Afrikaanse Kontrakereg” 1990 *Stellenbosse Regstydskrif* 7
4. McLennan J.C. “Undisclosed Principal – The troubles continue” 1998 *SA Merc LJ* 239
  5. Van Huysteen L.F. en Van der Merwe S.W.J. “Good Faith in Contract: Proper Behaviour Amidst Changing Circumstances” 1990 *Stellenbosse Regstydskrif* 245

### **Hofbeslissings**

1. *A Becker & Co (Pty) Ltd v Becker* 1981 3 SA 406 (A)
2. *Aird v Hockly's Estate* 1937 EDL 42
3. *Alli v De Lira* 1973 4 SA 635 (T)
4. *Armstrong v Wallwork* 1913 CPD 978
5. *Bell's Trust v CIR* 1948 3 SA 480 (A)
6. *Belonje v African Electric Co* 1949 1 SA 592 (OK)
7. *Bester v Van Niekerk* 1960 2 SA 779 (A)
8. *Blaikie & Co Ltd v Lancashire* 1951 4 SA 571 (N)
9. *Blaikie-Johnstone v Holliman* 1971 4 SA 108 (D)
10. *Blower v Van Noorden* 1909 TS 890
11. *Blumberg & Sulski v Brown & Freitas* 1922 TPD 130
12. *Botha v Van Niekerk* 1983 3 SA 513 (W);
13. *Brayshaw v Schoeman en Andere* 1960 1 SA 625 (A)
14. *Carlyle & Silloth Golf Club v Smith* [1913] 3 KB 75
15. *CIR v Collins* 1923 AD 347
16. *CIR v Witwatersrand Association of Racing Clubs* 1960 3 SA 291 (A)
17. *Clarke v Durban & Coast SPCA* 1959 4 SA 333 (N)
18. *Cloete and Cloete v R* 1945 OPD 204 207
19. *Coetzer v Mosenthals* 1963 4 SA 22 (A)
20. *Cohen v Commissioner for Inland Revenue* 1948 4 SA 616 (T);
21. *Colonial Mutual Life Assurance Society Ltd v Macdonald* 1931 AD 412
22. *Commissioner of Customs and Excise v Randles Brothers & Hudson Ltd* 1941 AD 369

23. *Committee of the Johannesburg Public Library v Spence* (1898) 5 OR 84
24. *Commissioner of Customs and Excise v Randles Brothers & Hudson Ltd* 1941 AD 369
25. *Cook v Aldred* 1909 TS 150
26. *Covary v Registrar of Deeds* 1948 3 SA 189 (K)
27. *Cross v Pienaar* 1978 4 SA 943 (T)
28. *Cullinan v Noordkaaplandse Aartappelkernmoerkwekers Koöperasie Bpk* 1972 1 SA 761 (A)
29. *Dadoo Ltd v Krugersdorp Municipal Council* 1920 AD 530
30. *Davidson v Plewman* 1946 WLD 196
31. *Dawson v IM and JF van Rooyen* 1914 NPD 481
32. *De Villiers & Others v Beaufort West Municipality* 1924 CPD 501
33. *De Villiers v Smith* 1930 CPD 219
34. *De Winter v Marcus & Son* 1919 CPD 278
35. *Deary v Deputy Commissioner of Inland Revenue* 1920 CPD 541 547
36. *Dicks v SA Mutual Fire and General Insurance Co* 1963 4 SA 501 (N)
37. *Don Shoe Co (Pty, OFS) v Goodman Bros* 1931 OPD 26
38. *Du Preez v Laird* 1927 AD 21
39. *Eaton & Louw v Arcade Properties (Pty) Ltd* 1961 4 SA 233 (T)
40. *Edelsohn v Glenfields (Pty) Ltd* 1955 2 SA 527 (E)
41. *Ehrlich v Rand Cold Storage and Supply Co Ltd* 1911 TPD 170
42. *Eksteen v Van Schalkwyk* 1991 2 SA 39 T
43. *Eli Splikin Ltd v Mather* 1970 4 SA 22 (OK)
44. *Erasmus v Afrikander Proprietary Mines* 1976 1 SA 950 (W) 959D-E
45. *Erasmus v Grunow* 1978 4 SA 233 (O)
46. *Erf 3183/1 Ladysmith (Proprietary) Limited & Another v CIR* 1996 3 SA 942 A; 58 SATC 229
47. *Ex Parte Geldenhuys* 1926 OPD 155
48. *Ex parte Milton NO* 1959 3 SA 347 (SR)
49. *Ex Parte Myers NO* 1948 3 SA 966 (W)
50. *Ex Parte Terminus Naviera SA & Grinrod Marine (Pty) Ltd: In Re The Aretil* 1986 2 SA 446 K

51. *Farmer's Co-operation Society (Reg) v Berry* 1912 AD 319
52. *Faure v Louw* 1880 SC 18
53. *Fourie v Drakensberg Koöperasie Bpk* 1988 3 SA 466 (A)
54. *Gadlela v Mountjoy* 1921 EDL 151
55. *Golden West Flooring & Waterproofing (Edms) Bpk v Franck* 1972 4 SA 144 (T)
56. *Goodrick \$ Son v Auto Protection Insurance Co* 1968 1 SA 722 (A)
57. *Goodricke & Son (Pty) Ltd v Registrar of Deeds Natal* 1974 1 404 (N)
58. *Greyling v W.L. Osche Livestock (Pty) Ltd* 1967 2 SA 601 (E)
59. *Grizell v P & W Erection Co* 1972 4 SA 449 (R)
60. *Hall v Millin & Hutton* 1915 SR 78
61. *Hall-Thermotank Africa Ltd v Prinsloo* 1979 4 SA 91 (T)
62. *Hamdulay v Smith* 1984 3 SA 308 (C)
63. *Hauman v Nortjie* 1914 AD 302
64. *Henri Viljoen (Pty) Ltd v Awerbach Brothers* 1953 2 SA 151 (O)
65. *Heydenrych v Woolven* (1897) 14 SC 376
66. *Histor Boerdery (Edms) Beperk v Barnard* 1983 1 SA 1091 (A)
67. *Hoffman v Meyer* 1956 2 SA 752 (C)
68. *Inmaakappelkoos-Perskeraad v Langeberg Koöperasie Beperk* 1968 3 SA 294 (K)
69. *In Re Caledonian Employees' Benefit Society* 1928 SLT 412
70. *In re Cape of Good Hope Permanent Building Society* (1898) 15 SC 323
71. *Indrieri v Du Preez* 1989 2 SA 721 (C)
72. *Joel Melamed and Hurwitz v Cleveland Estates (Pty) Ltd, Joel Melamed and Hurwitz v Vornier Investments (Pty) Ltd* 1984 3 SA 155 (A)
73. *Joubert v Tarry & Co* 1915 TPD 277
74. *Judelson & Cohen v Botha* 1913 TPD 747
75. *Kahn v Leslie & Son* 1928 EDL 416
76. *Katz v Katz* 1989 3 SA 1 (A)
77. *Keystone Trading Co v Die Verenigde &c Mij* 1926 TPD 218
78. *Knoble v Murray* (1854) 2 Searle 75
79. *Laughton v Griffin & Others* 1893 14 NLR 84

80. *Le Voy v Birch's Executors* 1913 AD 102
81. *Maasdorp v Mayor of Graaff-Reneit* 1915 CPD 639
82. *Magna Alloys & Research (SA) (Pty) Ltd v Ellis* 1984 4 SA 874 (A)
83. *Mahomed v Padayachy* 1948 1 SA 778 (A)
84. *Martin & Others v The Master* 1951 1 SA 252 T
85. *Mason v Vacuum Oil Co of SA Ltd* 1936 CPD 219
86. *McGullogh v Fernwood Estate Ltd* 1920 AD 204 207 217
87. *Measrock v Liquidator New Scotland Land Co* 1922 AD 237
88. *Meintjies NO v Administrasieraad Sentraal – Transvaal* 1980 1 SA 283 (T)
89. *Meyer en Kie v Maree* 1967 3 SA 29 (T)
90. *Meyersohn v Schmidt* (1884) 1 Buch AC 375
91. *Mijlof v Jackson* 1980 3 SA 13 (K)
92. *Milne NO v Abdoola* 1955 2 SA 187 N
93. *Mohamed v Padayache* 1948 1 SA 772 (A)
94. *Moloi v St John Apostolic Faith Mission* 1954 3 SA 940 (T)
95. *Monzali v Smith* 1929 AD 382
96. *Morewear Industries Ltd v Industrial Exporters Ltd* 1954 (4) SA 213 (SR)
97. *Morrison van Standard Building Society* 1932 AD 229
98. *Mountbatten Investments (Pty) Ltd v Mahomed* 1989 1 SA 172 (D)
99. *Munarin v Peri-Urban Areas Health Board* 1965 1 SA 549 (W)
100. *Natal Trading and Milling Co Ltd v Inglis* 1925 TPD 724
101. *National Board v Est Swanepoel* 1975 3 SA 16 (A)
102. *Nel v SAR & H* 1924 AD 37
103. *Nordis Construction Co. (Pty) Ltd V Theron, Burke and Isaac* 1972 2 SA 535 (D)
104. *Novick v Benjamin* 1972 2 SA 842 (A) 851
105. *R v Milne & Erleigh* 1951 1 SA 791 (A) 831
106. *Oakland Nominees v Gerlia Mining & Investment Co* 1976 1 SA 441 (A)
107. *Oblowitz v Oblowitz* 1953 4 SA 426 (C)
108. *Ocean Cargo Line v F R Waring Ltd* 1963 4 SA 641 (A)

109. *Ongevallekommissaris v Onderlinge Versekeringsgenootskap AVBOB* 1976 4 SA 446 (A)
110. *Patel v Keeler & Co* 1923 AD 506
111. *Pearl Insurance v Union Government* 1934 AD 563
112. *Pezutto v Dreyer* 1992 3 SA 379 (A)
113. *Phame (Pty) Ltd v Paizes* 1973 3 SA 397 (A)
114. *Potchefstroom Stadsraad v Kotze* 1960 (3) SA 616 (A)
115. *Regal v African Superslate* 1963 (1) SA 102 (A)
116. *Roberts v Bryer Bros* 1931 OPD 197
117. *Robson v Theron* 1978 1 SA 841 A 855
118. *Roelou Barry (Edms) Bpk v Bosch* 1967 1 SA 54 (K)
119. *Rosebank Television & Appliance Co v Orbit Sales Corp* 1969 1 SA 300 (T)
120. *Runciman v Schultz* 1923 TPD 45
121. *S v Dental Laboratory* 1965 3 SA 195 (T)
122. *S v Perth Dry Cleaners & Launderers (Pty) Ltd* 1964 1 SA 134 (T)
123. *S.W.A Amalgameerde Afslaers (Eiendoms) Bpk v Louw* 1956 1 SA 346 (A)
124. *SA Wood Turning Mills v Price Bros* 1962 4 SA 266 (T)
125. *Saambou Nasionale Bouvereniging v Friedman* 1979 3 SA 978 (A)
126. *Sabatelli v St Andrew's Building Society* 1933 WLD 55
127. *Sacca Ltd v Olivier* 1954 3 SA 136 (T)
128. *Sauerman & Another v Schultz* 1950 4 SA 455 O
129. *Scheferman v Davies NO* 1944 NPD 20
130. *Scholtz v Sieft* 1928 OPD 131
131. *Sciama & Co v Table Bay Harbour Board (1900)* 17 SC 121
132. *Segell v Telensky* 1933 TPD 76
133. *Sentrale Kunismis Korporasie (Edms) Bpk v NKP Kunsmisverspreiders (Edms) Bpk* 1970 3 SA 367 (A) 390
134. *Siegel & Frenkel v R* 1943 SR 13
135. *Sifris v Vermeulen Broers* 1974 2 SA 221-2 (T)
136. *Smith v Fisher's Bioscopes and Films* 1917 CPD 35
137. *Smith v Mouton* 1977 3 SA 12 (W)

138. *Smith's Est v CIR* 1960 3 SA 375 (AD)
139. *Spies v Hansford Ltd* 1940 TPD 1
140. *Stewart v Zagreb Properties (Pty) Ltd* 1971 2 SA 346 (RAD)
141. *Strachan v Blackbeard and Son* 1910 AD 282
142. *Swart v Mbutzi Development (Edms.) Bpk* 1975 1 SA 544 (T)
143. *Terblanche v Notnagel* 1975 (4) SA 405 (C)
144. *Totalisator Agency Board OFS v Livanos* 1987 3 SA 283 (W)
145. *Trustbank v Eksteen* 1964 3 SA 402 (A) 411
146. *Truter, Crous, Wiggil & Vos v Udwin* 1981 4 SA 68 (T)
147. *Tuckers Land and Development Corporation v Perpellief* 1978 2 SA 14  
T
148. *Tulloch v Marsh* 1910 TPD 454
149. *Union Government (Minister of Finance) v Van Soelen* 1916 AD
150. *United Plant Hire v Hills* 1976 1 SA 717 (A)
151. *Universal Motor Garage v Davies & Kamann* 1922 OPD 107
152. *Valkin & Another v Daggafontein Mines Ltd & others* 1960 2 SA 507  
(W)
153. *Hurley NO v Group Areas Development Board* 1960 3 SA 435 (N)
154. *Ex Parte Doornfontein; Judiths Paarl Ratepayers' Association* 1947 1  
SA 476 (T)
155. *Van der Merwe v Van Wyk NO* 1921 EDL 298
156. *Van Jaarsveld v Ackerman* 1975 2 SA 753 (A)
157. *Van Rensburg v Taute* 1975 1 SA 279 (A) 303
158. *Van Rooyen's Garage v Wartington* 1962 1 SA 914 (T)
159. *Van Staden v Prinsloo* 1947 4 SA 842 (T)
160. *Vasco Dry Cleaner v Twycross* 1979 1 SA 603 (A)
161. *Venter v Naude* 1951 1 SA 156 (O)
162. *Verkouteren v Rubesa* 1971 TPD 274
163. *Vermeulen v Oberholzer* 1965 1 PH F14 (G)
164. *Videtsky v Liberty Life Insurance Association of South Africa* 1990 1 SA  
386 (W)
165. *Wessels & Co v Rudman* 1911 CPD 667
166. *Woolridge & Co v Colonial Government (1905)* 26 NLR 73

167. *Zandberg v Van Zyl* 1910 AD 302
168. *Zieve v Verster & Co* 1918 CPD 296
169. *Zulu v Van Rensburg* 1996 4 SA 1236 (GEH)

### **Wetgewing**

1. Koöperasiewet, 91 van 1981
2. Wet op die Vervreemding van Grond, 68 van 1981